

DIE HERKOMS EN DIE SOSIALE, EKONOMIESE EN
OPVOEDKUNDIGE ASPEKTE VAN DIE LEWE VAN
DIE KLEURLINGE VAN EERSTERUST

deur

Paul Petrus Jacobs

Verhandeling voorgelê ter vervulling van
'n deel van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

(Volkekunde)

in die

Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Junie 1968

(i)

I N H O U D S O P G A W E

Bladsy

Voorwoord

H O O F S T U K I

INLEIDING

I.	Die keuse en afbakening van die ondersoek	1
II.	Die doel van die ondersoek	3
III.	Metodes van die ondersoek	4
IV.	Die historiese ontstaan en ontwikkeling van Eersterust	6

H O O F S T U K II

WIE IS DIE KLEURLING?

I.	DEFINISIE VAN DIE BEGRIIP „KLEURLING“	11
II.	DIE ONTSTAAN VAN DIE KLEURLING UIT 'N RAS-BIOLOGIESE OOGPUNT	11
1.	Inleiding	11
2.	Die ontwikkelingsgeskiedenis van die Kleurling	15
a.	Die slawe	15
b.	Die Hottentotte	17
c.	Die Boesmans	19
d.	Die Blanke	21
III.	DIE ONTSTAAN VAN DIE KLEURLING UIT 'N KULTUURHISTORIESE OOGPUNT	23
1.	Inleiding	23
2.	Die kultuurhistoriese ontwikkeling van die Kleurling	25
IV.	SAMEVATTING	29

(ii)

Bladsy

H O O F S T U K III

DIE HERKOMS VAN DIE KLEURLINGE
VAN EERSTERUST

I.	DEMOGRAFIESE ASPEKTE VAN DIE KLEURLINGE	31
	1. Demografiese aspekte van die Suid-Afrikaanse Kleurling	31
	2. Demografiese aspekte van die Kleurlinge van Eersterust	36
II.	HERKOMSPLEK VAN DIE INWONERS	39
III.	AFKOMSGROEPE VAN DIE INWONERS	42
	1. Kaapse Kleurlinge	43
	2. Kaapse Maleiers	43
	3. Griekwas	43
IV.	REDES VIR DIE VESTIGING IN PRETORIA	47
	1. Manlike persone	48
	2. Vroulike persone	49
V.	SAMEVATTING	49

H O O F S T U K IV

DIE SOSIALE ASPEK

I.	INLEIDING	52
II.	DIE HUWELIK AS VOORSTADIUM TOT DIE GESIN	53
	1. Vooregtelike geslagsverhoudinge	54
	2. Voorvereistes vir die sluiting van die huwelik	56
	a. Gemiddelde ouderdom by huweliksluiting	57
	b. Toestemming tot die huwelik	59
	3. Bepalings van die huwelikskeuse	60
	a. Hoedanighede wat die skoondogter moet openbaar	62
	b. Hoedanighede wat die skoonseun moet openbaar	63
	4. Wyse van huweliksluiting	65
	a. Die verlowing	65
	b. Die lewering van trougoedere	66
	c. Voltrekking van die huwelik	66
	d. Vorme van huweliksviering	67
	5. Inwoning na die huwelik	68
	6. Ontbinding van die huwelik	69

(iii)

	<u>Bladsy</u>
III. DIE GESIN	70
1. Die funksies van die gesin	70
2. Onderlinge verhoudinge binne die gesin	72
3. Die samewonende eenheid	73
4. Die rol van verwante in die gesin	76
IV. SOSIALE GROEPE ONVERBONDE AAN BLOED- VERWANTSKAP	77
1. Die woongebiedsgroep	77
2. Verenigings	80
a. Kulturele verenigings	80
b. Sportverenigings	81
V. SAMEVATTING	82

H O O F S T U K V.

DIE EKONOMIESE ASPEK

I. INLEIDING	85
II. EKONOMIESE AGTERGROND EN BEROEPS- VERSPREIDING	86
1. Onderwyspeil	86
2. Werkslokaliteit	89
3. Beroepsverspreiding	90
a. Hoofde van huishoudings	90
b. Eggenote van hoofde van huis- houdings	92
4. Rede vir die beroepskeuse	93
5. Voorkeurberoepe	95
a. Manlike persone	95
b. Vroulike persone	96
6. Werkgewerskeuse	96
III. INKOMSTE : BRONNE, AARD EN AANWENDING	99
1. Inkomste	99
2. Besteding van inkomste	101
a. Voedsel	101
b. Kleding	105
c. Meubels	106
d. Afbetalings, spaar en assuransië	106
e. Persone verantwoordelik vir besteding	107
IV. EKONOMIESE SAMEWERKING	107

(iv)

	<u>Bladsy</u>
V. STATUSSIMBOLE	108
VI. SAMEVATTING	110

H O O F S T U K VI

DIE OPVOEDKUNDIGE ASPEK

I. INLEIDING	114
II. OPVOEDING BINNE DIE GESIN	115
1. Die rol van die ouers binne die gesin	117
2. Die verwagtings van die ouers	121
3. Vryetydsbesteding binne die gesin	122
III. DIE OPVOEDING EN DIE SKOOL	125
1. 'n Geskiedkundige oorsig van Kleur- lingonderwys	125
2. Die ouer-skoolverhouding	127
3. Die skoolorganisasie	127
4. Die rol van die onderwyser	129
5. Die taak van die skool	133
6. Die skool en vryetydsbesteding	133
IV. DIE KERK EN DIE OPVOEDING	134
1. Kerkverband	135
2. Deelname aan kerkorganisasies	136
V. SAMEVATTING	137

H O O F S T U K VII

SAMEVATTING EN BEVINDING.

I. INLEIDING	140
II. SAMEVATTING	140
III. BEVINDING	141
 LITERATUURLYS	 146

(v)

V O O R W O O R D

Hiermee wens die ondersoeker om sy dank uit te spreek teenoor almal wat hierdie ondersoek moontlik gemaak het.

In die eerste plek, my dank en erkenning aan die Allerhoogste sonder Wie se toedoen niks totstand kom nie.

'n Woord van hartelike dank aan my leier Prof. P.J. Coertze vir sy leiding, nie net in hierdie ondersoek nie maar ook gedurende my studiejare.

'n Woord van waardering aan die Kleurlinge van Eersterust wat my vriendelik ontvang het en vir die goeie gees waarin soms persoonlike vrae beantwoord is.

My dank ook aan Mnr. T. van der Walt, van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, vir nuttige wenke.

Ten slotte word hierdie verhandeling opgedra aan my ouers, wie se volgehoue belangstelling, offering en aansporing deur die jare nie ongesiens verby gegaan het nie.

Pretoria.
Junie 1968.

Paul Jacobs.

HOOFSTUK I.

INLEIDING

I. DIE KEUSE EN AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEK.

„Die Volkekunde bestudeer . . . mense soos hulle in volksverbande leef, en die kulture van mense, soos dit deur 'n skeppings- en groeiproses saam met volke totstand gekom het en as afsonderlike maar tog onderlinge verbonde verskynsels bestaan" ¹⁾

Hieruit blyk dat die Volkekunde se studieveld eintlik onbeperk is sover dit die kultuurpatroon van volke raak. Die Volkekunde kan dus die kultuurpatroon van enige volk bestudeer en dit sluit ook Westerse volke in, al is dit dan net in perspektief. Gesien teen hierdie agtergrond is dit dus moontlik om die kultuurpatroon van die Kleurlingbevolking in die Republiek van Suid-Afrika te bestudeer.

Aangesien 'n ondersoek na die kultuurpatroon van die totale Kleurlingbevolking 'n te wye veld is vir 'n Magisterverhandeling, is besluit om die onderhawige ondersoek te beperk.

Ten gevolge van die feit dat 89% van die totale Kleurlingbevolking in Transvaal in stedelike gebiede woonagtig is, is besluit om die kultuurpatroon van die stedelike Kleurlingbevolking van nader te beskou. Aangesien dit tans landsbeleid is om verskillende bevolkingsgroepe, ten opsigte van stedelike bewoners, in afsonderlike woonbuurte te huisves, is besluit om so 'n gebied in die ondersoek te betrek. In Pretoria is daar van owerheidsweë 'n begin gemaak en ook alreeds ver gevorder om die Kleurlingbevolking te vestig in die woonbuurt Eersterust. Vir doeleindes van hierdie verhandeling is die kultuurpatroon van die Kleurlinge in die stedelike woonbuurt Eersterust, wat 'n uitsluitlike Kleurling-
2/woonbuurt is

1) Coertze, P.J. e.a.: Inleiding tot die Algemene Volkekunde, 1959. (p.11)

- 2 -

woonbuurt is, vir ondersoek gekies.

Die rede waarom juis op hierdie onderwerp besluit is, kan kortliks saamgevat word in die volgende paar punte.

- a. Die opvoedkundige beginsel om van die bekende na die onbekende te gaan het bygedra tot die belangstelling in die bevolkingsgroepe in Pretoria en onmiddellike omgewing. Die navorser was vroeër 'n onderwyser en was ondermeer belas met die dosering van Volkekundige studies. Gedurende hierdie tyd is die leemte gevoel ten opsigte van kennis aangaande veral die Kleurlinge in Pretoria.
- b. Daar is besluit op die Transvaalse Kleurling omdat oor hulle, anders as in die geval van die Kleurlinge van Wes-Kaapland, min bekend is.
- c. Sekere verklarings deur gesaghebbendes oor die Kleurlingbevolkingsgroep het as stimulus gedien. Dr. I.D. du Plessis het ondermeer verklaar dat slegs 'n klein persentasie van die Blankebevolking in Suid-Afrika bewus is van die prestasies van die Kleurlinge en bygevoeg:

„Ek beskou dit as wenslik en in belang van gesonde rasseverhoudings in hierdie veelrassige land van ons dat ander seksies van die Suid-Afrikaanse bevolking op hoogte gehou word van die bedrywighede van die Kleurlinggemeenskap op kulturele gebied.”²⁾

Prof. G. Cronje het die volgende stelling gemaak: „Die Kleurling sal alleen tot 'n aparte volk met solidariteitsgevoel, nasietrots en roepingsbewustheid kan ontwikkel indien hulle in die geleentheid gestel word om apart in hulle eie gebied daardie ontwikkeling deur te maak.”³⁾

3/Met die

2) Volkekundige Studies vir St. VIII. (p.149)

3) Cronje, G.: Regverdige Rasse-apartheid, 1947. (p.201)

- 3 -

Met die sigbare plaaslike totstandkoming van hierdie ideaal in die stedelike woonbuurt Eersterust, digby Pretoria het die volgende stelling van bogenoemde die ondersoeker verder geïnteresseer.

„Die Kleurling se toekomstige maatskaplike ontwikkeling sal noodwendig aan die van die blankes verwant wees maar waarskynlik tog, ooreenkomstig die eie aard van die Kleurlinge, eie besondere skakeringe vertoon.”⁴⁾

- d. Laastens kan daarop gewys word dat daar baie gegewens oor verskillende aspekte aangaande die Kleurlinge bestaan maar dat hulle kultuurpatroon redelik onbekend is. Dit het ook as 'n uitdaging gedien.

II. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK.

Die doel van die ondersoek was hoofsaaklik om die kultuurpatroon van die Kleurlinge in die stedelike woonbuurt Eersterust te beskryf. Om praktiese redes is dit onmoontlik geag om alle kultuurfasette binne die bestek van hierdie ondersoek te dek. Die gevolg hiervan was dat daar veral aandag gegee is aan die sosiale, opvoedkundige en ekonomiese terreine. Dit sou verkeerd wees om aan te neem dat die bevindinge van hierdie ondersoek, 'n verteenwoordigende beeld van die Kleurlingbevolking in die algemeen vorm. In 'n groot mate sou dit egter 'n verteenwoordigende beeld gee van die lewe van stedelike Kleurlinge, in 'n eie afsonderlike stedelike gebied binne Transvaal.

Die keuse van die onderwerp hou verband met 'n verdere doelstelling naamlik, om van uit die beskikbare gegewens afleidings te maak ten opsigte van die bestaan, al dan nie, van 'n eie skakering in hulle kultuurpatroon. Dit hou ook verder verband met die poging om vas te stel of daar onder die Kleurling 'n strewe na identiteitsbehouding bestaan, of
4/nasietrots aanwesig . . .

4) Cronje, G.: Regverdige Rasse-apartheid, 1947. (p.201)

nasietrots aanwesig is, of daar 'n bewuswording van ontwikkel-
ing in eie geledere is en of hulle 'n toekomsvisie het. Ver-
al om laasgenoemde redes is die ondersoek beperk tot die in-
woners van Eersterust, wat 'n uitsluitlike Kleurlinggebied is.

III. METODES VAN DIE ONDERSOEK.

Om praktiese redes was dit nie moontlik om al die Kleur-
linge in Eersterust te ondervra nie. Dit is ook nie noodsaak-
lik geag nie omdat 'n verteenwoordigende steekproef gemaak is,
en die resultate daarvan as verteenwoordigend van die totale
Kleurlingbevolking beskou kan word.

Ten tye van die ondersoek wat in Maart 1967 gedoen is, was
daar vier behuisingskemas wat reeds voltooi was. Hierdie ske-
mas is een na die ander aangepak en voltooi. Daar is eers
twee ekonomiese behuisingskemas voltooi, daarna 'n sub-ekono-
miese skema en laastens weer 'n ekonomiese behuisingskema.
Dit impliseer dat sommige persone langer as ander in hierdie
gebied woonagtig is. Dit kan 'n belangrike bepalende faktor
in die ontplooiing van 'n eie kultuurpatroon in so 'n beperk-
te gemeenskap wees. Die steekproef moes hiermee rekening hou.

Skema	Soort	Datum voltooi	Aantal huise	%
1	Ekonomies	Febr. 1962	200	22.5
2	Ekonomies	Mei 1965	50	5.5
3	Sub-ekonomies	Mei 1966	524	59.0
4	Ekonomies	Febr. 1967	116	13.0
TOTAAL			890	100.0

Daar is besluit om uit elke skema 'n aantal huise in die
steekproef op te neem wat ooreenstem met die persentasie wat
die betrokke skema in die universum verteenwoordig. Om hier-
toe te kom, is bereken dat binne elke skema elke vierde huis
van elke straat in die steekproef opgeneem moet word. Daar
is ook besluit dat dit nie nodig is om weerskante van elke
5/straat binne

- 5 -

straat binne die steekproef te betrek nie omdat die kultuurpatroon van sulke mense nie wesenlik van mekaar verskil nie. Deur hierdie eliminasië is slegs elke vierde huis aan die suidekant van strate wat oos-wes loop, in die steekproef opgeneem. Vervolgens is slegs elke vierde huis aan die oostekant van strate wat noord-suid loop, besoek.

In hierdie ondersoek word die benaming Kleurling gebruik om aan te dui persone wat hulleself as Kleurlinge beskou. Alle gesinne wat in Eersterust woon word beskou as Kleurling-gesinne.

Onderstaande tabel toon die totale aantal wonings wat tydens die ondersoek reeds voltooi is asook die aantal wonings binne elke behuisingskema. Daar word ook in die tabel die totale aantal huise van elke betrokke behuisingskema wat in die ondersoek betrek is aangetoon.

DIE TOTALE AANTAL WONINGS VAN ELKE BEHUISINGSKEMA
IN SAMEHANG MET DIE STEEKPROEF IN EERSTERUST
SOOS OP 1 MAART 1967.

Skema	Eersterust		Ondersoekgroep	
	Getal	%	Getal	%
Ekonomiese	200	22.5	23	23.0
Ekonomies	50	5.5	6	6.0
Ekonomies	116	13.0	13	13.0
Sub-ekonomies	524	59.0	58	58.0
TOTAAL	890	100.0	100	100.0

Bostaande tabel toon dat die aantal wonings wat in die steekproef opgeneem is, ooreenstem met die verhouding wat die betrokke skema tot die universum vertoon.

Uit die tabel blyk dit dat daar met 'n steekproef van 11.2% gewerk is op 'n universum van 890 huiseenhede en dit kan as verteenwoordigend beskou word.

6/ Die ondersoeker . . .

Die ondersoeker het gebruik gemaak van 'n vraelys wat opgestel is na die literatuurstudie oor die onderwerp gedoen is en onderhoude gevoer is.

Die ondersoek het plaasgevind gedurende Januarie en Februarie van 1967. Die voer van onderhoude en die daarmee gepaardgaande invul van vraelyste, is deur die ondersoeker persoonlik gedoen. Die hoof van die huishouding en sy eggenote, van elke huis wat in die steekproef opgeneem is, is ondervra.

'n Verdere vraelys is opgestel wat deur onderwysers(esse) ingevul is wat aan die personeel van die twee laerskole verbonde is. Die vraelyste is in samewerking met die betrokke hoofde van die laerskole deur aanwesige onderwysers op 'n betrokke dag self ingevul. Hierdie vraelys was daarop gemik om te bepaal watter rol die onderwyser en onderwyseres in die gemeenskap speel.

IV. 5) DIE HISTORIESE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN EERSTERUST.

Eersterust is sowat agt myl noord-oos van die middestad van Pretoria en is maklik per spoor en pad bereikbaar. Dit lê ten weste van die Bantoewoonbuurt Mamelodi, oos van die Blanke woonbuurtes East Lynne en Riverside en noord-oos van Silverton.

In die onmiddellike omgewing word die Koedoespoortse Spoorwegwinkels, 'n steengroef, leerlooierij, Chrysler monteerfabriek en verskeie kleiner ondernemings aangetref.

Die Kleurlingwoonbuurt Eersterust is 'n uitsluitlike Kleurlingwoonbuurt, geleë in die groepsgebied wat in Pretoria vir Kleurlinge geproklameer is. Hierdie proklamasie Nr. 150/1958 is op 6 Junie 1958 in die Buitengewone Staats-
7/koerant Nr. 6067

-
- 5) Daar is in die afdeling vrylik gebruik gemaak van die ongepubliseerde M.A. - verhandeling van T. van der Walt: Kleurlingbehuising in Eersterust, Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1966.

koerant Nr. 6067 gepubliseer en het ten tye van die publika-sie onmiddellik inwerking getree. Die gebied wat vir die Kleurlinge afgesonder is, vorm 'n deel van die plaas Derdepoort Nr. 469 en beslaan 'n oppervlakte van 788.0257 morg.

Die huidige Eersterust het na die proklamering van die gebied op die presiese plek ontwikkel waar Eersterust Uitbrei-ding I vroeër geleë was. Vandag staan dit bekend as Eerste-rust Uitbreiding 2 terwyl daar na die voorafgaande verwys word as Ou Eerste Rust.

Hierdie Ou Eerste Rust het in 1905 ontstaan toe 'n sekere Mnr. Wolmarans 'n deel van sy plaas in woonerwe verdeel het en te koop aangebied het. Die plan was om die woonerwe aan Kleurlinge te verkoop maar mettertyd is dit in hoofsaak deur die Bantoe gekoop.

Oor die oorsprong van die benaming Eerste Rust bestaan daar verskeie opvattinge. Die Plekname Komitee van die De-partement van Onderwys, Kuns en Wetenskap beskik oor geen ge-gewens met betrekking tot die presiese oorsprong van die naam Eersterust nie.

Dr. Van Ginkel, 'n dogter van genoemde Wolmarans, meen dat haar vader 'n idealis was en dat die benaming Eerste Rust aan hom te danke was. Hy sou in die ontwikkeling van die woon-buurt, die moontlikheid gesien het om 'n eerste rusplek in Transvaal te bied aan „the decendants of the slaves”.⁶⁾

Onder Kleurlinge wat tans in Eersterust woonagtig is, word gemeen dat dit die eerste rusplek was van poskoetse tus-sen Lydenburg en Pretoria gedurende die vorige eeu. Sommige Kleurlinge glo dat die Republikeinse burgers na die inname van Pretoria gedurende die Driejarige oorlog, by Eerste Rust versamel het om eers uit te rus voordat hulle die stryd wou hervat.

In 1938 het 'n Komitee van Onderzoek bevind dat die per-sele in Eerste Rust hoofsaaklik deur Bantoes bewoon is. Die
o/snelle aanwas van

6) Van der Walt, T. : . op. cit. (p.33)

snelle aanwas van die bewoners en die feit dat daar geen beheer uitgeoefen is nie, het aanleiding gegee tot allerlei wantoestande. In hierdie jare was die betrokke woonbuurt niks anders as 'n plakkersdorp nie. Hierdie toestand het voortgeduur tot en met 1958 toe die gebied geproklameer is. Hierna kon die plaaslike owerheid begin met die ontwikkeling van Eersterust as 'n uitsluitlike woonbuurt vir Kleurlinge, van Pretoria.

Ou Eerste Rust is hierna opnuut in woenerwe verdeel, die nie- Kleurlinge is verwyder en die woonbuurt staan voortaan bekend as Eersterust Uitbreiding 2. Die bestaande ou wonings en krotte is gesloop nadat die nie- Kleurlinge in hulle eie gebiede hervestig is.

Die eerste behuisingskema, bestaande uit 200 ekonomiese wonings, is in Februarie 1962 voltooi. Hierdie wonings is opgerig teen 'n gemiddelde koste van R1,500 per woning. Die tweede skema het bestaan uit 50 ekonomiese huise en is voltooi in Mei 1966 teen 'n gemiddelde koste van R1,875 per woning. ⁷⁾ 'n Derde behuisingskema bestaande uit 524 sub-ekonomiese wonings, is in Mei 1966 voltooi teen 'n gemiddelde koste van R1,045 per woning. Die vierde behuisingskema bestaande uit 116 ekonomiese huise is pas voor die aanvang van die ondersoek voltooi.

Die wonings van die ekonomiese skema bestaan uit vyf vertrekke wat 'n woonkamer - kombuis met 'n elektriese stoof, drie slaapkamers en 'n badkamer met 'n bad en spoellatrine insluit. Hierdie wonings kan gekoop word maar andersins word dit verhuur aan Kleurlinge met 'n inkomste van tussen R50 en R180 per maand. Die woning beslaan 527.65 vk. vt. Die wonings van die sub-ekonomiese skema het ook vyf vertrekke en beslaan 433.75 vk. vt. Die woning bestaan uit 'n woonkamer, twee slaapkamers, kombuis en 'n badkamer met 'n stortkraan en 'n spoellatrine. Hierdie wonings kan nie gekoop word nie maar word slegs verhuur en word beskikbaar gestel aan Kleurlinge met 'n maandelikse inkomste van minder
9/as R50.

7) Die verskil in prys word toegeskryf aan stygende boukoste.

as R50.

Sedert 25 September 1963 spog Eersterust met 'n Raadplegende Komitee waardeur die inwoners 'n aandeel in die bestuur van Eersterust verkry het. Na verneem word, was dit die eerste afsonderlike woonbuurt vir nie-blankes in Transvaal waar die inwoners 'n aandeel in die plaaslike bestuur van hulle woonbuurt verkry het.

Gesondheidsdienste word gereeld by die munisipale kliniek verskaf terwyl 'n voltydse verpleegster hier werksaam is. 'n Biblioteek is tot die beskikking van die inwoners waar bykans 600 boeke per maand uitgereik word aan 659 kinder- en 80 volwasse lede. Naas die munisipale geboue is daar twee laerskole. 'n Derde laerskool asook 'n hoërskool word in die vooruitsig gestel. Die voorgenome hoërskool word beplan met 'n koshuis wat 400 leerlinge uit Noord-Transvaal aan huisvesting kan voorsien. Daar is ook voorsiening gemaak vir 15 besigheidspersonele en 181 woonerwe vir eienaarbouers. Meer as die helfte van hierdie woonerwe is reeds verkoop.

In Eersterust word ook 'n moderne gemeenskapsaal met 500 sitplekke, twee garages, 'n kafee, 'n melkery, 'n slaghuis en ses algemene handelaars aangetref. Die helfte van die algemene handelaars is Chinese dog die besighede behoort binne afsienbare tyd in die hande van Kleurlinge te wees. Benewens bogenoemde is daar ook 'n restaurant, haarkapper en 'n spreekkamer van 'n Indiërpraktisyn. Eersterust beskik ook oor klinieke vir gesondheidsdienste, kindersorg en tuberkulose.

Voorsiening is gemaak vir die beoefening van sport deur twee sportvelde aan te lê. Hierdie sportvelde word tans hoofsaaklik gebruik vir die beoefening van atletiek, hokkie, rugby en krieket. Tennisgeesdriftiges kan tennis speel op twee bane wat vir die doel opgerig is. Daar is tans twee hokkieklubs, 'n krieket- en 'n rugbyklub. In die gemeenskapsaal kan tafeltennis, ringtennis, veerpyltjies, ludo en skaak gespeel word. Judo, gewigstoot en boks kan ook hier beoefen word.

10/Daar is

Daar is vyf voltooide kerke en 'n verdere twee wat voltooiing nader. 'n Hele aantal persele is reeds aan verskillende Kerkgenootskappe verkoop maar daar is nog nie met die oprigting van geboue 'n begin gemaak nie.

'n Droogskoonmaaksaak, drankwinkel en 'n poskantoor nader tans voltooiing. Besigheidspersele vir 'n verdere garage en steenkoolsaak is reeds verkoop.

Verdere beplanning sluit in hoofsaak die uitbouing van Uitbreiding 3 in. Daar word voorsiening gemaak vir die bou van 'n verdere 268 tweevertrek, 74 drievertrek en 102 viervertrek sub- ekonomiese huise om die Kleurlinge wat nog in „gemengde gebiede” woon, te hervestig.⁸⁾

Die Pretoriase stadsraad wil aan elke behoefte van die inwoners voldoen en in hierdie belofte het hulle reeds daadwerklik aandag gegee.⁹⁾

„Die Bruinmense in Transvaal (veral in Pretoria) verwelkom dit om na aparte woonbuurte verskuif te word, omdat hulle op die wyse dan minstens wegkom uit die atmosfeer van die Bantoekultuur.”¹⁰⁾

8) Behuisingskema 4 is die eerste aantal wonings wat in Uitbreiding 3 voltooi is.

9) „Alpha” Vol. IV Nr. 8 Augustus 1966.

10) Van der Merwe, H.J.J.M.: Segregeer of sterf, 1961 (p.116)

- 11 -

HOOFSTUK II.

WIE IS DIE KLEURLINGE?

I. DEFINISIE VAN DIE BEGRIP „KLEURLING“.

Die Wet-op Ongeskiktheidstoelaes, Wet Nr. 36 van 1946 omskryf die Kleurling as:

„In die Wet, tensy uit die samehang anders blyk beteken 'Kleurling' iemand anders as 'n Blanke persoon, 'n naturel, 'n Turk of 'n lid van 'n ras of stam waarvan Asië die nasionale of volkstuiste is.“

Die Bevolkingsregistrasiewet Nr. 30 van 1950 beskryf die begrip „Kleurling“ ook by wyse van uitsluiting, in die sin van iemand wat nie as Blank, of Naturel, of Asiaat geklassifiseer kan word nie.

Hierdie wyse van omskrywing is egter vaag en slegs deur die historiese agtergrond en ontwikkeling van die Kleurling na te gaan, kan die samestelling van hierdie bevolkingsgroep ten volle verstaan word.

II. DIE ONTSTAAN VAN DIE KLEURLING UIT 'N RAS-BIOLOGIESE OOGPUNT.

1. Inleiding.

Die begrip ras is volgens Herskovits „a principal division of mankind, marked by physical characteristics which breed true. In this sense, the word race is a biological term, and is restricted to the bodily characteristics that distinguish one group of human beings from another. This in turn, sets off the concept as one of emphasis on the inborn as against the learned aspects of human behavior“¹⁾

Coertze stel hierdie definisie duideliker as: „'n Ras is 'n groep van mense wat saamgegroepeer word op grond van
12/ die gemeenskaplike . . .

1) Herskovits, M.J. Man and his works, 1948 (p.133)

- 12 -

die gemeenskaplike besit van erflike eienskappe wat anders is as die wat by ander mense aangetref word : elke ras het sy eie onderskeidende kenmerke." 2)

Daar is vier hoofrasse wat bekend staan as die Kaukasiede (Blankes), Negroïde (Swartes), Mongoliëde (Geles) en die Australoïde. Hierdie hoofrasse word onder-verdeel in verskillende rasse of sub-rasse.

Dit is nodig om hierdie uiteensetting van die begrip ras te gee omdat die Kleurling die produk is van die vermenging tussen verskillende rasse. Die ontstaan van die Kleurling as groep, dateer terug uit die laaste helfte van die 17de eeu toe daar aan die Kaap kontak gemaak is tussen die gevestigde Blankebevolking, die Khoi-Khoi volke, die Boesmans en die aanwesigheid van 'n slawe-element. Veel later, na die beslag van die Kleurling as aparte groep, het ook die Bantoe 'n bydrae gemaak deur vermenging met hierdie groep.

Volkekundig gesproke moet etniese groepe wat hulle binne dieselfde gebied vestig, mekaar onderling beïnvloed. Hierdie beïnvloeding geskied nie slegs op die kulturele vlak nie maar ook op fisiese gebied. Die same vestiging in Kaapland van Blankes, Hottentotte, slawe en Boesmans het aanleiding gegee tot die ontstaan van twee tipes „gekleurdes”.

Eerstens, het daar 'n groep ontstaan wat hulle tussen die Blankes gevestig het en algemeen bekend geword het as die Kaapse Kleurlinge en die 3) Maleiers.

Tweedens het groepe ontstaan wat 'n eie identiteit be-
13/hou het, deur

-
- 2) Coertze, P.J.: Volks- en Rasverhoudinge in Suid-Afrika
Referaat SABRA - Jeugkongres, 1967. (p.1)
- 3) Kaapse Maleiers of ook genoem Slamaiers of Slamse was afstammeling van Oosterse slawe met 'n Mohammedaanse geloof. Baie Slamse het met Hottentotvroue getrou en naby Kaapstad gaan woon. Vanweë hulle godsdiens en sekere gebruike wat daarmee verbandhoudend is, het hulle afgesonder geraak van die ander Kleurlinge.
Cruse, H.P.: Die opheffing van die Kleurlingbevolking,
1947. (p.23).

hou het, deur die aanname van 'n eie naam en die soeke na 'n eie gebied, soos die Griekwas en Rehobothbasters. Die Rehobothbasters verkies egter om nie as Kleurlinge beskou te word nie. Onder laasgenoemde groepe het ook die Koranas en Oorlamse getel wat later verdwyn het. Die Oorlamse het saamgesmelt met die Namas van Suidwes-Afrika wat feitlik die enigste van die ou Khoi volke is wat oorgebly het.

Cilliers sê tereg ook; it should be noted that a number of relatively small groups of people, mostly of original halfbreed decent, have retained their halfbreed identity to a certain degree and have not been assimilated into the main body of Coloured people" ⁴⁾ Die groepe waarvan Cilliers verwys is o.a. ook familiestigters, soos die Buystam van Transvaal en die Dunns van Natal wat verkeerdlik as Kleurlinge beskou word. ⁵⁾

Bruwer wys daarop dat as gevolg van die heterogene etniese verband, bestaan die Kleurling nie uit prototipes nie. Die heterogene etniese verband is vir hom merkbaar in 'n aansienlike fisiese stratifikasie wat, naas tussentipes, ook feitlik suiwer voorbeelde van die samestellende oorspronklike groepe insluit. ⁶⁾

Die feit dat die Kleurlinge geen homogene groep vorm nie, moet gewyt word aan hulle kultuurhistoriese agtergrond en die feit dat hulle die produk is van die vermenging van verskillende rasse. Die belangrikste elemente in die totstandkoming van die Kleurling was dus die vermenging tussen slawe, Hottentotte, Boesmans en 'n bymenging deur Blankes.

Cilliers som die posisie aan die Kaap teen die agtiende eeu op as: „.....hardly anything had remained of the original pattern of

4) Cilliers, S.P. The Coloureds of South Africa, 1963 (p.9)

5) Hierdie groepe is die produk van vermenging tussen blankes en Bantoe en dus nie Kleurlinge nie. aldus, Cruse, H.P.: op. cit. (p.20)

6) Theron, E., Swart, M., : Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika, 1964 (p.3.)

- 14 -

nal pattern of distinction according to which the aborigines had been treated as a free and distinct people. In its place a Coloured propertyless class had emerged clearly differentiated from the whites on the basis of status and colour." 7)

Ziervogel beweer dat voor en na 1834 die Basters, Hottentotte en slawe konsekwent saam gegroei het tot die Kaapse Kleurling. 8)

Cruse meen die Kaapse Kleurling het definitief teen 1850 sy verskyning gemaak. 9)

Die Westelike Provinsie het die Kaapse Kleurling se tuis- te geword en hulle het die Hollandse taal en gewoontes aange- neem en hulle eie stempel daarop afgedruk. In hierdie proses het die identiteit van die Boesman, Hottentot en slaaf dus totaal verlore gegaan tesame met hulle afsonderlike tradisies, taal en sentiment.

Die benaming Kaapse Kleurling was egter nie net beperk tot die Kaap nie, want na die moord op Retief is 200 Kleurlinge saam met die Voortrekkers deur Dingaan in Natal om die lewe gebring. 10)

Vir jare het die Kleurling 'n bestaan gemaak uit die landbou, vervaardigingsindustrië, boubedryf, handel en huis- houdelike diens. Met die ontwikkeling van sekondêre nywerhede het groot getalle van die Kleurlinge getrek. Aanvanklik was die Kleurlinge oorwegend 'n plattelandse bevolkingsgroep dog dit het verander. In 1960 was die verspreiding van die Kleur- linge in die verskillende Provinsies as volg:

15/ Tabel.

7) Cilliers, S.P.: op. cit. (p.12)

8) Ziervogel, C.: Brown South Africa. (p.15)

9) Cruse, H.P.: op. cit. (p.17)

10) Cruse, H.P. op. cit. (p.17)

- 15 -

Kaapland:	1,329,921
Natal:	45,240
Transvaal:	107,990
O.V.S.	25,902
Totaal.	1,509,053

2. Die ontwikkelingsgeskiedenis van die Kleurling.

Die totstandkoming van die Kleurling is te wyte aan die vermenging tussen Hottentotte, slawe, Boesmans en Blankes. Om 'n aanduiding te kry van watter aandeel elkeen gehad het in die totstandkoming, sal hulle afsonderlik behandel word.

a. Die slawe.

Die slawe is oorspronklik ingevoer om die arbeid in die snel groeiende kolonie te verrig toe dit duidelik geword het dat die Hottentotte nie daarvoor geskik was nie. Die Here Sewentien het die hoop gekoester dat die inboorlinge genoegsame arbeiders sou lewer maar, veral uit die geledere van die Vryburgers, is verskeie vertoë gerig tot die invoer van slawe.

Daar was reeds in Februarie 1657 tien slawe in die Kaap.¹¹⁾
12) Theal sê daar was twaalf en ander bronne bevestig hierdie getal. Wat ookal die korrekte aantal was, die feit bly staan dat daar voor 1658 reeds slawe aan die Kaap was. In 1655 is daar in Van Riebeeck se Dagboek 'n aantekening dat 'n slaaf van Madagaskar verdwyn het. In Junie 1656 skryf hy ook oor die dood van een van sy slawe.

Die eerste slawe wat ingevoer is, het in Maart 1658 met die Amersfoort by die Kaap aangekom en 174 Angolese slawe
16/we aanboord

11) Du Toit, A.S.: Kontak en Assosiasie van Kleurlinge met Bantoe in die Kaapse Skiereiland, 1958. (p.41)

12) Cruse, H.P.: op. cit. (p.69) en H.T. Andrews e.a.: South Africa in the Sixties. (p.137)

we aanboord gehad. Twee maande later, in Mei 1658 het 228 slawe vanaf Guinea met die Hasselt in die Kaap geland. Hierdie slawe was die enigstes wat vanuit die Weskus van Afrika ingevoer is. Die Angolese slawe was Bantoesprekend terwyl die slawe van Guinea, Soedantaalsprekend was. Beide hierdie groepe behoort tot die Negroïde rassegroep.

Hierna is slawe ingevoer uit Indië, Ceylon en die Maleise skiereiland. Hierdie Oosterse slawe was nie so talryk nie maar is later aangevul deur misdadigers en politieke bannelinge uit Oosterse gebiede onder beheer van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie. Ras-biologies gesien behoort hulle dus gedeeltelik tot die Australoïde en gedeeltelik tot die Proto-Mongoliede. Die invoer van slawe uit die Ooste is in 1767 gestaak. Groot getalle slawe is vanuit Mosambiek en Madagaskar ingevoer. Slawe uit Madagaskar het bekend gestaan as Malgasse en het 'n sterk vermengde bevolking verteenwoordig. Hulle Indonesiese oorsprong het 'n sterk Negroïde inslag ondervind vanuit die Ooskus van Afrika.

Gedurende 1820 het twee ander groepe hulleself onder die gekleurde bevolking van die Kaap kom vestig. Hulle het bekend gestaan as die „Prize Negroes" en die „Free Blacks".¹³⁾ Eersgenoemde was slawe wat deur Engelse skepe van slaweskepe afgeneem is. Hulle is indiens van die regering geneem of as leerjonge, vir nie langer as 14 jaar nie, by Blankes uitgeplaas. Tussen 1808 en 1816 het daar ongeveer 2,000 die Kaap binne gekom. Die „Free Blacks" daarenteen was die nakomelinge van misdadigers en politieke gevangenes wat vroeër deur die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie na die Kaap verban is. Hulle het hulle meestal naby Kaapstad gaan vestig en hulle Mohammedaanse godsdiens bly beoefen.

In 1756 was daar 5,123 burgers aan die Kaap teenoor die 6,387 slawe. In 1793 het die toestand sodanig verander dat daar 13,830 burgers was teenoor die 16,767 slawe.¹⁴⁾

17/ In 1834

13) Marais, J.S.: The Cape Coloured People, 1939 (p.161)

14) Andrews, H.T. e.a.: South Africa in the Sixties, 1962. (p.137)

- 17 -

In 1834 met die vrystelling van die slawe was daar 39,000 slawe waarvan 17,408 vroulikes was en 21,613 manlikes.

Volgens die opgaafrolle van 1701 was die verhouding van manlike slawe tot vroulike slawe 7 tot 1 en in 1793 was dit ongeveer 3 tot 1.¹⁵⁾ Die grootste aantal slawe in 1822 was in Kaapstad saamgetrek, te wete 7,160 uit 'n totaal van 32,532.¹⁶⁾

Dit blyk dat daar in die beginjare van die Kaap heelwat slawe van Negroïde oorsprong ingevoer is. Hierdie element is later versterk deur die invoer van slawe uit Madagaskar.

„Indien daar gelet word op die plekke waarvandaan die plaasvervangers d.w.s. die slawe wat in die plek van vrygesteldes gegee is, gekom het, is dit duidelik dat die slawe wat later ingevoer is hoofsaaklik uit die Ooste gekom het..... (Dit) dui aan dat die bymenging van Oosterse bloed in die Kleurlingbevolking baie sterker is as die bymenging van Negroïde bloed.”¹⁶⁾

Die slawe was dus geensins 'n homogene groep nie en het ook verskillende rassegroepe verteenwoordig.

b. Die Hottentotte.

Met die koms van die Blanke nedersetting aan die Kaap in 1652 het die Hottentotte die kusgebied van die Oranjerivier in noorde tot by die Keirivier in die ooste bewoon. Die Hottentotte het 'n nomadiese veeherdersbestaan gevoer en reeds voor die koms van die Blankes kontak met die Boesmans gemaak. Die Boesmans is voor hulle uit verdryf na die berge. In botsings tussen die Boesmans en Hottentotte is Boesmankinders en vroue as slawe deur Hottentotveroweraars meegevoer en het later hulle Boesmanidentiteit verloor.

18/ Dit word

15) Hierdie verhouding het aanleiding gegee tot huwelike van slawemans met Hottentotvroue.

16) Cruse, H.P. op. cit. (p.268)

Dit word byvoorbeeld van die Obiquas, met wie die koloniste in 1669 langs die Riviersonderend en die Breederivier in aanraking gekom het, vermeld dat hulle halfbloed - Hottentotte en Boesmans was. ¹⁷⁾

Van Riebeeck het kort na sy aankoms kennis gemaak met 'n Hottentotstam bekend as die Goringhaicona of Watermanne wat onder leiding was van kaptein Autschumao, of beter bekend as Harry (Herry). Teen die einde van 1652 het die Hollanders ook in aanraking gekom met die Goringhaiqua of Kaapmanne wat by die Kaap aangedoen het. Die Corachonqua of Tabakdiewe was ook nie ver van die Kaap woonagtig nie. ¹⁸⁾

Die gebied tussen Tafelberg en 'Saldanhabaai is deur die Kochoqua bewoon. ¹⁹⁾ Die Hosaas het ook in die omgewing van Tafelbaai voor-gekom. ²⁰⁾ Van Saldanhabaai tot die Olifantsrivier was die grondgebied van die Klein-Ghariguriquas en noord van die Olifantsrivier was die Groot-Ghariguriquas woonagtig. Die Namaquas is nog verder noord aangetref. In die huidige Caledondistrik en in die omgewing van Swellendam is die Hessequa aangetref terwyl die Hancumqua in die Worscesterdistrik voorgekom het. Die Attaqua het tussen George en Messelbaai voorgekom en die woongebied van die Outeniqua was in die omgewing van George. Die Inkwa het voorgekom in die omgewing van Oudtshoorn, die Gourika in Albertina en die Gonakwe naby Port Elizabeth. Die Chaynunquas was woonagtig in die omgewing van die Botrivier.

Theal bereken dat daar met die koms van die Blankes tussen 45,000 en 50,000 Hottentotte was.

'n Paar oorloggies tussen die Blankes en Hottentotte het gelei tot die vernietiging van die Hottentotweerstand in 1689. Die pokke-epidemie van 1713 en 1755 het die Hottentotentotgetalle

17) Cruse, H.P.: op. cit. (p.14)

18) Die verskillende Hottentotstamme word deur skrywers verskillend gespel.

19) Schapera, I.: The Khoisan Peoples of South Africa, 1930 (p.45).

20) Dapper : The Early Cape Hottentots, V.R.V. Nr.14 (p.24).

tentotgetalle aansienlik uitgedun. Sommige Hottentotstamme wat die Blankes nie kon weerstaan nie, het na die binneland getrek. Die Kora het teen die einde van die 17de eeu weggetrek in die rigting van die Oranjerivier en die kern gevorm van die Korana.²¹⁾ Aansienlike getalle Hottentotte het egter agtergebly en het in 'n toenemende mate as arbeiders en loslopers by die Blankes gaan werk. Hulle stamlewe, tradisies en gewoontes is vernietig en hulle gevoel van identiteit as 'n afsonderlike stam is uitgewis. Dit het mee gehelp dat hulle veel makliker met die slawe en Boesmans vermeng het.

Die feit dat die slawe en Hottentotte saam in diens van die Blanke gestaan het, het vermenging tussen hulle bevorder. Daar moet ook gelet word op die feit dat daar meer slawemans as slawevroue was, en dat Hottentotvroue blykbaar geen beswaar teen slawemans gehad het nie. Baie van die Blanke slawe-eienaars was nie instaat om vir hulle slawe vroue te koop nie en dit het aanleiding gegee tot vermenging met die Hottentotte. Die vermenging van inheemse Hottentotte (Khoisaniede) met ingevoerde slawe, het die belangrikste bydrae gelewer in die totstandkoming van die Kleurling.

Gedurende die 19de eeu het die Hottentotte aan die Kaap geheel en al as 'n afsonderlike groep verdwyn. Hulle het sodoende almal opgegaan in die Kleurlingbevolking en hierdie „gekleurdes" het met mekaar ondertrou en so hulle getalle aansienlik vermeerder.²²⁾

c. Die Boesmans.

Met die aankoms van die Blanke was die Boesmans dun verspreid oor die hele binneland. Die Boesmans het geen stamorganisasie gehad nie maar was in jagtersbendes georganiseer.

20/Marais meen

21) Schapera, I.: op. cit. (p.46)

22) Patterson, S.: Colour and Culture in South Africa, 1953, (p.20).

Marais meen dat die Boesman in die vorming van die Kleurling 'n belangriker aandeel gehad het as wat algemeen aanvaar word.²³⁾

Coertze meen dat die bydrae van die Boesmans selfs groter was as wat Marais wou toegee.²⁴⁾

In die botsings tussen die Boesmans en die Blankes is nie al die Boesmans verdryf of om die lewe gebring nie. Hoeveel Boesmans doodgemaak is en hoeveel bly lewe het, is onbekend dog daar moes aansienlike getalle oorgebly het. Menige strafekspedisie het groot getalle Boesmans gevange geneem, wat êrens moes bly lewe het. In 1774 het 'n kommando in die Roggeveld 239 Boesmanprisoniers gevange geneem en 'n verdere 669 is tussen 1785 en 1795 gevange geneem.²⁵⁾

Die Boesmans het reeds teen die einde van die 18de eeu by die Blankes indiens getree. Na gelang hulle weerstand verbreek is, kan aanvaar word dat groter getalle deur Blankes indiens geneem is.

In 1824 was daar in die onderdistrik van Cradock (Tarka ingesluit) 1777 Boesmans onder die Blankes woonagtig. Sommiges was arbeiders en ander vrylopend. In 1832 was daar in die Graaff-Reinetdistrik 191 Boesmankinders onder gesag van Blankes terwyl 55 as leerjonge ingeskryf was. Indien hierdie getalle vir enkele distrikte korrek is, kan aanvaar word dat daar elders ook Boesmans voorgekom het en moontlik in groter getalle.

Die stelling dat die Boesman gewyk het voor die inkomende beskawing is dus nie heeltemal waar nie. Hierdie stelling maak nie voorsiening vir diegene wat in 'n mate beskaafd geword het en die geledere van die Kleurling betree het nie. Alhoewel sommige Boesmans noordwaarts uitgewyk het en sommige uitgeroei is, het 'n aansienlike getal op Blanke plase
21/gaan werk

23) Marais, J.S.: op. cit. (p.13)

24) Coertze, P.J.: Standpunte, Des. 1960 (p.52)

25) Schapera, I.: op. cit. (p.39)

gaan werk en daar die gewoontes en taal van die Blankes aangeneem. Die Boesman is hoofsaaklik in die Hottentot geledere opgeneem en so 'n deel bygedra tot die ontstaan van die Kleurling. Vermenging tussen Boesmans en Hottentotte het vrylik voorgekom terwyl hulle minder met slawe en feitlik nooit met Blankes vermeng het nie. Die Boesman verteenwoordig ook die Khoisaniede rassegroep.

d. Die Blanke.

Die eintlike beslag van die Kleurlingbevolking is gegee deur Blanke bymenging. Hierdie bymenging het Kaukasiese genetiese faktore bygevoeg en was hoofsaaklik te wyte aan onreëlmatige omgang (buite-egtelik).

Gedurende die eerste paar dekades is 'n paar huwelike tussen Blankes, slawe en Hottentotte voltrek omdat daar aanvanklik geen waarneembare gevoel was teenoor „gemengde huwelike" nie. Die nadelige gevolge van huwelike met slawe en Hottentotte is gou besef en die Blankes het hulleself begin isoleer. Die algemene patroon was egter 'n geneoordrag deur onreëlmatige omgang en baie min Blanke individue is binne die Kleurlinggeledere opgeneem. Hierdie geneoordrag het hoofsaaklik plaasgevind deur soldate en matrose wat die Kaapse hawe aangedoen het, vrye en klandestine omgang met Hottentotvroue, jongmanne op verafgeleë veeposte en avonturiers en ontdekkersreisigers.

Die redes waarom Blankes verantwoordelik was vir hierdie geneoordrag is velerlei van aard.

Steyn voer aan dat Blanke vroue min in getal was aan die Kaap en dat slawevroue van die Oos-Indiese eilande aantreklik was. Sy voer ook aan dat die sedes van slawevroue oor die algemeen laag was en dat soldate en matrose wat die Kaap aangedoen het veel bygedra het om die toestand te vererger.²⁶⁾

22/ „Nadat die

26) Steyn, A.F.: Die rolle van die man en die vrou in die Kaapse Kleurling gesin, 1961 (p.81).

„Nadat die bymenging van Blanke genetiese faktore reeds sy uitwerking gehad het, het onderlinge huweliksluiting tussen sulke basters gewerk tot verdere verspreiding en uitbreiding van die Kaukasiese voorkoms van baie Kleurlinge.“²⁷⁾

Die ontstaan van diverse groepe is nie gesien of geklassifiseer as 'n afsonderlike groep nie. Hierdie „gekleurdes“ was uit die aard van die willekeurige vermenging baie heterogeen in fisiese struktuur en kultuur. Uit hierdie heterogene groep het daar deur 'n gedeeltelike vormende proses, 'n gemengde geslag gegroei wat teen die agtiende eeu as 'n groep uitgeken is. Die term „Baster“ het gedurende die 18de eeu tot stand gekom.

Die onderskeiding wat Blankes tussen hulleself en nie-blankes gemaak het, het oorspronklik bestaan vanweë die teenstelling tussen Christen en heiden aan die een kant en tussen beskaafd en primitief aan die anderkant. Hierdie onderskeidingsvorm is later eers vervang deur uiterlike simbole soos beliggaam in kleur en ras.

Vanweë die hoogskatting van die Blanke, het persone met Blanke affiniteite hulle daarop beroem en 'n sterk klasseverdeling het onder die Kleurlinge ontstaan. Die klasseverdeling is hoofsaaklik gegrond op die verskil tussen „Langhare“ en „Korthare“. Die Langhare vorm die balaag en die Korthare die onderlaag van die Kleurlingbevolking. Eersgenoemdes sluit Kleurlinge in wat 'n Blanke of Maleise voorkoms het. Die onderlaag daarin bestaan uit persone wat Hottentot - of Boesmanvoorouers gehad het. Kleur speel nie 'n groot rol nie.²⁸⁾

„Dark colour is excusable on the grounds of Malay or Indian ancestry.“²⁹⁾ Hierdie klasseverdeling het reeds gedurende die slawetydperk aan die Kaap bestaan deurdat Oosterse slawe die hoogste status gehad het. Negroïde slawe

23/het minder

27) & 28) Coertze, P.J.: Standpunte, Des. 1960, (p.53)

29) Patterson, S.: op. cit. (p.164)

het minder status gehad terwyl Hottentotte die laagste status beklee het.

Samevattend blyk dit dat die Blanke homself van die Kleurlinge afgeskei het en sodoende 'n belangrike rol gespeel het in die vormingsgeskiedenis van die Kleurling as gedifferensieerde groep. Die beleid van segregasie wat daarna toegepas is, het dit verder versterk.

Algemeen gesproke kan die Kleurling tussen die Bantoe en die Blanke op die pigmentskaal geplaas word. Die Kleurling moet egter nie as 'n tussengroep tussen laasgenoemdes beskou word nie, daar hulle geen wortels in en min kontak met die tradisionele Bantoe-kultuur gehad het. Die Bantoe het 'n toevoeging gelewer deur met die reeds bestaande Kleurlingbevolking te vermeng. Dit het veral begin met die toestroming van Bantoes in Wes-Kaapland, maar is ook waarneembaar in stedelike plakkersdorpe en lokasies, elders in die land.

Ras-biologies gesien is die Kleurlinge 'n vermengingsgroep tussen Australoïde (Oosterse slawe), Proto-Mongoliede (slawe van die Oosteen Madagaskar), Negroïde (slawe van Wes-Afrika en Angola) en Khoisaniede (Hottentotte en Boesmans). Die beslag van die Kleurling is egter gegee deur 'n bymenging van Kaukasiese genetiese faktore. Dit blyk ook dat oorgeërfde fisiese kenmerke, wat verwys na die oorspronklike elemente by vermenging, 'n klasseverdeling by die Kleurling te weeg gebring het. Streng gesproke is die Kleurlinge geen ras nie.

III. DIE ONTSTAAN VAN DIE KLEURLING UIT 'N KULTUURHISTORIESE OOGPUNT.

1. Inleiding.

Voordat die Kleurling uit 'n kultuurhistoriese oogpunt betrag kan word, is dit nodig dat die begrippe volk (ethnos) en kultuur omskryf word.

Allereers is dit nodig om te onthou dat hierdie twee
24/begrippe onderling

begrippe onderling verbonde is.

'n Etnos of volk is 'n sosiaal-kulturele eenheid. As begrip kan 'n etnos eenhede omvat wat wissel in grootheid soos bv. sibbe, stam, volk en nasie. 'n Etnos word gevorm deur die samegroeing van 'n groep mense binne 'n bepaalde geografiese gebied, totdat hulle 'n gemeenskaplike kultuur besit. Die kultuur van een etnos verskil daarom van die kultuur van enige ander etnos.

Wat is kultuur dan? Dit is die resultaat van die aanpassing van die mens by sy komplekse omgewing ooreenkomstig sy eie aard. Weens die skeppende werksaamhede van die lede van elke volk (etnos) om aan te pas by sy komplekse omgewing, word daar innerlik en uiterlik gestalte gegee aan sy lewe. Kultuur omsluit dus alles wat die mens binne groepsverband tot stand bring met die oog op die voortbestaan van die groep (etnos). 'n Etnos en sy kultuur kom dus deur 'n groeiproses gelyktydig tot stand. Die voortbestaan van beide die etnos en die kultuur, hangsaam met die oordra van kultuur deur 'n proses van enkulturasie aan die opgroeiende geslag en die voortgesette biologiese aanwas van die lede.

Die kenmerke van 'n etnos is kortliks die volgende.

- a. 'n Groep mense groei saam tot 'n etnos wanneer hulle lank saamwoon binne 'n geografiese gebied en teenoor hierdie gebied 'n gevoel van lojaliteit en sentiment ontstaan. Dit is egter nie die enigste voorwaarde vir die ontstaan van 'n etnos nie.
- b. Die samegroeing van 'n groep tot 'n etnos geskied langs twee weë.

(i) biologiese samegroeing.

Biologiese samegroeing, in hierdie sin, beteken dat lede van die groep onderling met mekaar ondertrou sodat hierdie mense meestal besondere fisiese kenmerke vertoon. Besondere fisiese kenmerke by 'n etnos is egter nie essensieel nie

25/daar verskillende

daar verskillende rasse-groepe binne een etnos kan voorkom. Hierdie posisie is egter slegs tydelik van aard omdat onderlinge ondertrouing hierdie verskille uitwis.

(ii) geestelike samegroeiing.

Geestelike samegroeiing veronderstel dat daar 'n gevoel van samehorigheid en eensoortigheid ontwikkel. Deur hierdie gevoel ontwikkel dan 'n gemeenskaplike denke en lewenspatroon.

- c. Geestelike en biologiese samegroeiing bring ook mee die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike kommunikasie-middel of taal. Hierdie taal is eie aan die draers van 'n sekere kultuur en daarom verskil dit van ander tale.
- d. Die etnos voer voortdurend 'n stryd om voortbestaan en maak daarom gebruik van gemeenskaplike middele en metodes om sy voortbestaan te verseker.
- e. In die proses van saamleef en saamgroei ontplooi 'n organisasiesisteen, waarvolgens onderlinge verhoudinge op verskillende terreine gereël word. So het elke etnos sy besondere sosiale, politieke, ekonomiese, opvoedkundige en ander organisasies.

2. Die kultuurhistoriese ontwikkeling van die Kleurling.

"Kultureel was die lewe van die ontwikkelde Kleurling-bevolkingseenheid in 'n maalstroom vanweë die sametreffing van verskillende kultuurstrome." 30)

Die verskillende rasse-groepe wat bygedra het tot die ontstaan van die Kleurling, het ook op kulturele gebied verskillende volke en kulture verteenwoordig.

Die Oosterse slawe het hetrogene kulture verteenwoordig en was meestal Mohammedane met 'n kultuureiendomlike wat hiermee verband gehou het. Hulle het aan die Kaap die meer
26/geskoolde arbeid

30) Coertze, P.J.: Referaat, 1967 (p.8)

geskoolde arbeid soos kleremakers, bakkers, skoenmakers en messelwerk, verrig.

Die Bantoeslawe afkomstig uit Mosambiek en Angola was primitief en is aan die Kaap meer gebruik vir handearbeid in die lande, wingerde, boorde en tuine. Die Wes-Sudan-negers afkomstig vanuit Guinea was ewe-eens primitief. Die Malgassiese slawe vanaf Madagaskar was Oosters met 'n sterk Bantoe inslag.

Die inheemse Boesmans en Hottentotte het elk 'n andersoortige kultuur verteenwoordig en was beide primitief.

Hierdie verskillende rasse met hulle verskillende kulture het mettertyd saamgegroeï in die Kleurlingbevolking. Die onttrekking van slawe uit hulle organiese volksverbande en vaderland het aanleiding gegee tot die disintegrasie van 'n eie kultuur. Die Boesmans en Hottentotte wat diens by Blankes aanvaar het, het ook hulle volksverband en kultuur verloor. Hierdie heterogene kulture het verder kontak gemaak met die Westerse lewenswyse en algemene kultuurpatroon soos gedra deur verskillende volke te wete die Nederlanders, Duitsers, Franse en later ook die Engelse.

Hierdie westerse lewenswyse en algemene kultuurpatroon het deur 'n proses van akkulturasie 'n eie westerse lewenswyse aan die Kleurling besorg. Die ou Nederlandse erfenis wat by die Afrikaner verdwyn het, het by die Kleurlinge behoue gebly. Dit is veral waarneembaar in die ou liedereskat en sekere uitdrukkings. Die vroeëre kulture waaraan hulle nie-blanke voorouers behoort het, is deur hulle afgesterf.³¹⁾ Selfs die taal van hulle onderskeie voorouers is afgesterf.

27/ Die primitiewe

31) Die Kaapse Maleier is hier die uitsondering daar hulle die Mohammedaanse Godsdiens en die kultuureiendomlike wat daarmee saamhang behou het.

Die primitiewe lewenswyse en lewensbeskouing van selfs die slawe, Hottentotte en Boesmans het onderling van mekaar verskil. Die beskaafde Blanke daarteen het op hierdie vlak radikaal verskil. Vermenging deur die Blanke met hierdie primitiewe mense, het reeds vroeg die besef by die Blankes laat posvat dat kultuurveranderinge en die daarmee samehangende lewensverandering nie maklik plaasvind nie.

Deur met nie-blankes te vermeng sou die gevaar van verwording en godsdienstige en kulturele verval vergroot. Dit het aanleiding gegee tot 'n afskeiding van die Blankes en ook 'n verbod op gemengde huwelike. Dit blyk dus dat die Blanke hom reeds vroeg van die nie-blanke gedistansieer het op grond van die teenstelling tussen Christen en heiden aan die een kant en beskaafdheid en primitiwiteit aan die ander kant. Die opvatting het eers later sinoniem geword met ras en kleur. Die bedreiging van geesteserfenisse het die Blanke dus, meer as enige iets anders, genoop om hulle van die nie-blankes af te sonder.³²⁾ Hierdie gedifferensieerde behandeling berus dus op diepgaande kultuurverskille uit die kultuurhistoriese verlede van die Blanke andersyds en die ander elemente wat bygedra het tot die Kleurling se totstandkoming, andersyds.

Die feit dat die Kleurling die Westerse kultuur, taal en lewenswyse in 'n toenemende mate as hulle eie aanvaar het, het gelei tot 'n groter samegroeiing tussen die heterogene groepe binne hulle geledere. Die verklaring vir hierdie aanname, moet gesoek word in die feit dat die Kleurling totstand gekom het deur die vermenging van ver-
28/skillende rasse

32) Die vrees wat die Kleurling koester vir verbantoeïsering word op dieselfde beginsel gegrond. Die vermenging met die Bantoe kan die mate van beskaafdheid wat deur die gemiddelde Kleurling bereik is, ernstig skaad. Dit vrees die Kleurling meer as die feit dat die Bantoe anderskleurig is.

skillende rasse en verskillende kultuurpatrone. Die Blanke aan die Kaap was die dominante groep sodat selfs hulle taal oorgeneem is. Die Kleurling het dus naas die Blankes en feitlik gelyktydig, maar afsonderlik van die Afrikaner ontstaan op dieselfde bodem. Die gevoel van eensoortigheid, samehorigheid en die behoud van identiteit het vroeg by die Blanke posgevat en alles is in die werk gestel om dit te bestendig. Die gevolg hiervan was die opbou en uitbou van die Afrikanervolk. Die Kleurling het baie vroeg reeds naas die Blankes, 'n afsonderlike bevolkingsgroep gevorm met 'n eie kultuurmilieu wat na aan die van die Afrikaner was.

Wanneer die Afrikaner gemeet word volgens die kenmerke van 'n etnos wat behandel is, dan blyk dit dat ons kan praat van die Afrikanerethnos of Afrikanervolk. As die Kleurling egter hier aan gemeet word, dan blyk dit dat ons nog nie van 'n Kleurlingvolk of -ethnos kan praat nie omdat:

1. Die Kleurling oor 'n lang periode binne dieselfde geografiese gebied saamgegroeï het tot 'n afsonderlike groep, maar sommige dele daarvan poog steeds om by die Blanke identiteitsgroep opgeneem te word.
2. Die Kleurling het op geestelike gebied nie so saam gegroeï as wat 'n etnos vereis nie. Die gevoel van eensoortigheid en samehorigheid ontbreek nog grootliks by die Kleurling. Die historiese verlede van hierdie mense was van so 'n aard dat hulle die Blanke se lewenswyse en taal oorgeneem het. Dit het aanleiding gegee tot pogings om aansluiting te vind by die Blanke, eerder as om hom te wend tot behoeftes van sy eie mense.
3. Die stryd om voortbestaan van die eie groep is ewereens in die wiele gery deurdat hulle die oë gerig het op die Blanke vir nouer skakeling. Die Blanke het hom reeds vroeg afgesonder. Tans word die Kleurling bedreig deur die Bantoe en is hulle oë weereens gerig op die Blanke, eerder as om die pro-

29/bleem self

bleem self op te los.

4. In die proses van saamgroei en saamleef het die kleurling nooit 'n eie organisasiesisteem tot stand gebring nie. Hulle was tevrede dat die Blanke hulle sake vir hulle reël sonder om self 'n vryheidsaang en nasietrots te ervaar.

Die Kleurling vorm nie deel van die Afrikaner nie bloot omdat hy dieselfde taal praat of omdat sy kultuur ooreenkoms vertoon nie. Bogenoemde moet eerder gewyt word aan 'n langdurige, intieme naasbestaan binne dieselfde gebied. Die Kleurling was nooit, ten enige tyd, deelgenoot in die Blanke se herkomstgeskiedenis nie. Die bydrae van die Blanke tot die ontstaan van die Kleurling lê opgesluit in 'n gene-bymenging, eerder as die opneem van Blanke individue. Die Kleurling was nooit deelgenoot van die Afrikaner se kultuur nie omdat hulle nie uit dieselfde etniese identiteitskern gegroei het nie.

Die vroeë afskeiding van die Blanke en die beleid van segregasie het veral meegewerk tot die bewuswording van 'n eie identiteit en samehorigheidsgevoel onder die Kleurling.

Kultuur-histories en etnies-histories gesien, is die Kleurling nog geen volk nie omdat hulle vroeër hulle heil buite eie geledere by die Blankes gesoek het, en hulleself so eerder as 'n satelietgroep naas en van die Blankes beskou het.

IV. SAMEVATTING.

Ras-biologies gesien is die Kleurling die produk van 'n vermenging tussen Negroïde, Proto-Mongoliëde, Australoïde en Khoisaniede. Voeg hierby die Kaukasiese bemenging en die Kleurling het sy beslag gekry. Die Kleurling is dus geen afsonderlike ras nie.

Die vernaamste bydrae tot die ontstaan van die
30/Kleurling is

Kleurlinge is gelewer deur die vermenging van slawe met Hottentotte en Boesmans. Blanke bymenging het meestal bestaan uit onreëlmatige omgang.

Klasseverskille wat hoofsaaklik gebaseer is op fisiese voorkoms het die gevoel van samehorigheid onder die Kleurlinge geskaad.

Die Kleurling is geen homogene groep want daar is tans vier groepe wat elk 'n eie identiteit daarop nahou naamlik, die Kaapse Kleurling, Kaapse Maleier, Griekwa en Rehoboth Basters.

Kultuurhistories beskou is die Kleurling geen volk nie. Dit word gewyt aan 'n gebrek aan gemeenskaplike tradisie, gemeenskaplike oorsprong, groepslojaliteit en die strewe van hulle leiers om met die Blanke te integreer. „As 'n mens se posisie in 'n gemeenskap onvolwaardig is versaaak jy nie daardeur jou identiteit nie. Inteendeel. Jy veg vir jou volwaardige erkening, nie deur 'n onderdak by ander te soek nie, maar deur eerbied en regverdigheid vir jou eie te verg.”³³⁾

Die Kleurling het sy oorsprong in Wes-Kaapland gehad en nagenoeg 82% van hulle woon tans in Kaapland.

„'n Volk groei uit 'n etniese identiteitskern wat in die geval van o.a. die Afrikaners en Bruinmense verskillend was. Die gemeenskaplike kultuurvorm van die twee groepe is 'n funksie van akkulturasie deur samesyn en wisselwerking en nie omdat hulle een volk is nie”³⁴⁾

33) Bruwer, J.P.: Standpunte, Des. 1960 (p.59)

34) Bruwer, J.P.: Standpunte, Des. 1960 (p.58)

HOOFSTUK III.

DIE HERKOMS VAN DIE KLEURLINGE VAN EERSTERUST.

I. DEMOGRAFIESE ASPEKTE VAN DIE KLEURLING.

Waar dit in hierdie afdeling hoofsaaklik om statistieke gaan, sal daar waar nodig, na ander bevolkingsgroepe verwys word ten einde vergelykings moontlik te maak. ¹⁾

1. Demografiese aspekte van die Suid-Afrikaanse Kleurling.

VERSPREIDING VAN ETNIESE EENHEDE VOLGENS
PROVINSIES 1960.

	Blankes	Kleurlinge	Asiate	Bantoe	Totaal
Kaapland	1,000,786	1,329,921	18,465	4,488,328	5,360,234
Natal	337,409	45,240	394,807	2,199,578	2,977,043
Transvaal	1,465,575	107,990	63,768	4,633,378	6,270,711
O.V.S.	276,407	25,902	7	1,083,886	1,386,202
R.S.A.	3,080,159	1,509,053	447,047	10,927,922	15,994,181

Uit die tabel blyk dit dat die grootste persentasie Kleurlinge in Kaapland aangetref word. (⁺ 82% van die totale Kleurlingbevolking.)

32/ Tabel.

- 1) Die statistieke wat aangehaal word is hoofsaaklik verkry uit die werke van:

Cilliers, S.P.: The Coloureds of South Africa, 1963
(p.14 - 19)

Theron, E. en Swart, M.: Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika, 1964. (p.8 - 26)

Jooste, C.J., Die Maatskaplike en Ekonomiese posisie van die Kleurlinge en Indiers, Jan. 1962: Tydskrif.

✕ GETALSTERKTE VAN DIE VERSKILLEND E ETNIESE GROEPE EN DIE GEMIDDELDE
JAARLIKSE AANWAS TUSSEN SENSUSSE.

Buro vir Sensus en Statistiek.

Sensus	Blankes	Bantoe	Asiaat	Kleurlinge	TOTAAL
1911	1,276,319	4,018,878	152,094	525,466	5,972,757
Vermeerdering 1904	1.9%	2.03%	3.12%	2.41%	2.07%
1921	1,521,343	4,697,285	163,594	545,181	6,927,403
Vermeerdering 1911 - 21%	1.76%	1.57%	0.86%	0.37%	1.49%
1936	2,003,334	6,595,597	219,691	769,241	9,587,863
Vermeerdering 1921 - 36%	1.86%	2.29%	1.90%	2.32%	2.19%
1946	2,372,044	7,830,559	285,260	928,062	11,415,925
Vermeerdering 1936 - 46%	1.70%	1.73%	2.65%	1.89%	1.76%
1951	2,641,689	8,556,390	336,664	1,103,016	12,667,759
Vermeerdering 1946 - 51%	2.18%	1.79%	5.15%	3.5%	2.10%
1960	3,080,159	10,927,922	477,047	1,509,053	15,994,181
Vermeerdering 1951 - 60%	1.65%	2.65%	2.87%	3.43%	2.53%

Uit die tabel blyk dat die bevolking van Suid-Afrika met 'n totaal van meer as 10,806,000 toegeneem het tussen die jare 1904 en 1960. Persentueel beteken dit 'n toename van 208.

Wanneer die persentuele toename van die afsonderlike bevolkingsgroepe na gegaan word blyk dit dat die Asiaat en Kleurling 'n besondere vinnige toename openbaar het. bv.

Asiate	:	288
Kleurlinge	:	239
Bantoes	:	212
Blankes	:	176

Dit blyk ook dat die Kleurlinge sedert 1951 die hoogste gemiddelde jaarlikse aanwassyfer getoon het naamlik 3.43% teenoor 2.53% in die geval van die totale bevolking. Dit blyk dus dat, vir sover dit hulle raak, die bevolkingstoename die Kleurling begunstig het. Die Kleurling se relatiewe getalsterkte het gedurende die tydperk 1904 tot 1960 toegeneem van 8.6% tot 9.4% van die totale bevolking.

✱ Immigrasie speel by die Kleurling geen rol nie, daarom moet die jaarlikse styging byna geheel en al toegeskryf word aan 'n hoë geboortesifer en 'n steeds dalende sterftesifer.

Die verskil in vrugbaarheid tussen die Kleurling en die Blankes blyk duidelik wanneer die algemene vrugbaarheidsifer per 100 vroue in die ouderdomsgroep 15 - 49 jaar vergelyk word. Die gemiddelde vrugbaarheidsifer vir
34/die tydperk

✱ Sommige Kleurlinge meen dat hierdie geweldige aanwas sedert 1951 ook toegeskryf moet word aan „insluiting” van Bantoes in hulle geledere en die resultaat van die vermenging met die Bantoe.

- 34 -

die tydperk 1945 - 1947 en 1950 - 1952 was jaarliks as-
volg:

GEMIDDELDE VRUGBAARHEID.

Jaar	Blankes	Kleurlinge
1945 - 47	103.9	204.0
1950 - 52	100.4	200.8

Dit blyk uit hierdie tabel dat die Kleurling se ge-
middelde vrugbaarheid selfs tweekeer so hoog soos die
van die Blanke is.

Teen 1909 was 49% van die totale Kleurlingbevolk-
ing verstedelik terwyl daar in 1960 soveel as 63% van
die totale Kleurlingbevolking in stedelike gebiede
woonagtig was. Ten spyte van die verstedeliking het
dit, anders as by die Blankes, nie gelei tot 'n afname
in die geboortekoers nie.

Dit is van belang om te let op die rol wat die huwe-
lik in die voortplantingsproses by die Kleurlinge speel.
In hierdie verband word die huwelik nie noodwendig as
'n vereiste vir die verwekking van kinders beskou nie.
Dit blyk ook wanneer die syfers met betrekking tot buite-
egtelike geboortes in oënskou geneem word.

In 1958 is bevind dat 36.8% van alle geboortes on-
der die Kleurlinge buite-egtelik was teenoor 1.6% on-
der die Blankes. Daar moet egter in gedagte gehou word
dat sommige Kleurlinge buite-egtelike verbintenisse het
maar dat 'n redelike stabiele gesinslewe in baie gevalle
bestaan. Buite-egtelike geboortes kom veral by jong
moeders voor. In die ouderdomsgroep 15 - 19 jaar was
79.0% van alle geboortes onder die Kleurlinge buite-eg-
telik terwyl dit 8.5% in die geval van Blankes was.

Aangesien 'n groot persentasie van die Kleurlinge
as man en vrou saamleef maar nogtans 'n redelike stabiele
gesinslewe daarstel, sonder sprake van 'n wettige huwe-
35/lik, is dit

- 35 -

lik, is dit haas onmoontlik om hulle egskeidingsyfer te bepaal.

KINDERSTERFTE.

(Sterfte van kinders onder 1 jaar per 1,000 geboortes.)

Tydperk.	Blankes.	Kleurlinge.	Asiate
1937 - 42	50.9	164.7	56.3
1952	32.8	128.9	64.4
1962	28.6	119.6	56.3

Uit bostaande tabel blyk dit dat die kindersterfte-syfer viermaal die van Blankes is en meer as dubbeld meer is as die van die Asiate. Daar het sedert 1942 tot 1962 egter 'n aanmerklike daling voorgekom in kindersterfte by die Kleurling. In 1962 het die Kleurlinge 37.6% van die totale kindersterftes uitgemaak.

VERWAGTE LEWENSDUUR BY GEBOORTE. (1950 - 52)

Rassegroep.	Manlik.	Vroulik.	Algemene verwagting.
Blankes	64.57	70.08	67.4
Kleurlinge	44.82	47.77	46.3
Asiate	55.77	54.75	55.3

Uit bostaande tabel blyk dit dat daar 'n wesenlike verskil bestaan ten opsigte van die lewensverwagting by Kleurlinge en die Blanke. *Die verwagte lewensduur van Kleurlingvroue is nie eens so hoog soos die lewensverwagting van Blanke of Asiatiese manlike persone nie.

* Die verwagte lewensduur van vroue is altyd hoër as die van manlike persone.

2. Demografiese aspekte van die Kleurlinge in Eersterust.

Aangesien ondersoekers gewoonlik hulle klasintervalle so kies dat dit vir hulle van nut is, het die ondersoeker dieselfde gedoen. 2)

Die klasintervalle is hier hoofsaaklik gekies om te onderskei tussen die voorskoolse kind (0 - 5 jaar), persone wat normaalweg nog nie 'n beroep beoefen nie (0 - 15 jaar) asook persone ouer as 65 jaar. Daar word toegegee dat baie persone op 'n veel later ouderdom as 16 jaar die arbeidsveld kan betree. Hierdie persone, ouer as 16 jaar, is egter potensiële werkers.

3) OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE KLEURLINGE
IN EERSTERUST.

Ouderdom.	Manlik.		Vroulik.		Totaal.	
	Getal	%	Getal	%	Getal	%
0 - 5	68	22.9	57	18.4	125	20.6
6 - 10	38	12.8	51	16.5	89	14.7
11 - 15	35	11.8	31	10.0	66	10.9
16 - 20	34	11.4	38	12.3	72	11.9
21 - 25	20	6.7	23	7.4	43	7.1
26 - 30	23	7.7	30	9.7	53	8.7
31 - 35	22	7.4	15	4.8	37	6.1
36 - 40	16	5.4	14	4.5	30	4.9
41 - 45	7	2.4	18	5.8	25	4.1
46 - 50	8	2.7	6	1.9	14	2.3
51 - 55	8	2.7	6	1.9	14	2.3
56 - 60	6	2.0	11	3.5	17	2.8
61 - 65	5	1.7	4	1.3	9	1.5
Bo - 65	7	2.4	6	1.9	13	2.1
TOTAAL	297	100.0	310	99.9	607	100.0

2) Hierdie klasintervalle sal dus verskil van die klasintervalle wat in statistiese jaarboeke aangedui word.

3) Hierdie persone was woonagtig in die 100 wonings wat in die steekproef opgeneem is.

Volgens die bevolkingsensus van 1960 blyk dit dat die totale Kleurlingbevolking van Pretoria bestaan uit 48.1% manlikes en 51.9% vroulikes. Uit bostaande tabel, blyk dit dat die verhouding in Eersterust 48.9% manlikes en 51.1% vroulikes was. Daar is dus weinig verskil en dui daarop dat die steekproef verteenwoordigend is.

Volgens dieselfde bron was 45.0% van die totale Kleurlingbevolking onder 15 jaar. Aangesien die klasintervalle verskil het, is gevind dat 46.2% van die totale aantal inwoners van Eersterust onder 16 jaar was. Die bron dui ook aan dat 2.9% van die totale Kleurlingbevolking van Pretoria 65 jaar en ouer was terwyl die bevindinge in Eersterust wys dat 2.1% ouer as 65 jaar was.

Die besondere hoë geboortesifer en die steeds dalende kindersterfte syfer by die Kleurling sedert 1921, beteken 'n groot styging in die afhanklikheidsratio. Dit beteken dat daar 'n duidelike toename was in die nie-produktiewe deel van die bevolking (persone jonger as 15 en persone ouer as 65). In 1960 was die verhouding van die aantal persone in die hoogste en laagste leeftydsgroep tot die middelste (produktiewe leeftyd) ongeveer 93 : 100.⁴⁾ Die Afhanklikheidsratio in Eersterust wys dat 48.3% van die inwoners tot die nie-produktiewe leeftyd behoort. Persone wat in die produktiewe jare is, beloop 51.7%.

Hierdie hoë afhanklikheidslas maak dit vir die Kleurling uiters moeilik om sy lewenstandaard te verhoog en ekonomies te ontwikkel. Die rede wat hiervoor aangevoer word is dat enige styging in inkomste wat daar mag kom, oor 'n steeds groter getal afhanklikes versprei 38/ moet word.

4) Nie-produktiewe persone is tussen 0 - 16 jaar en persone bo 65 jaar.

Produktiewe persone is dus tussen 16 - 65 jaar.

moet word.

In Eersterust is daar dus 'n afhanklikheidsklas van 48.3% ten opsigte van die totale Kleurlingbevolking. Hierdie syfer is saamgestel uit die persone onder 16 jaar (46.2%) en diegene bo 65 jaar (2.1%). As egter in aanmerking geneem word dat heelparty persone bo 16 jaar nie werk nie, omdat hulle skoolgaande is of moeders van klein kindertjies is, kan ons aanvaar dat ten minste die helfte van die totale Kleurlingbevolking alhier, 'n afhanklikheidsklas vorm.

Die verskynsel dat daar meer vroulike persone as manlikes is, is 'n normale verskynsel by Westerse volke en hang in 'n mate saam met die hoër lewensverwagting wat onder vroue aangetref word. Bogenoemde bewering kan getoets word aan die hand van die tabel. Die ouderdomsverspreiding van die totale Kleurlingbevolking in Eersterust wat onder 41 jaar is, dui daarop dat dit deur 83.6% vroulike persone en 86.1% manlike persone verteenwoordig word. Wanneer ons egter na die groep persone bo 41 jaar kyk, verander die prentjie radikaal. Dit blyk dat 16.3% van die totale Kleurlingbevolking uit vroulike persone bestaan terwyl slegs 13.9% manlikes is.

Uit die tabel blyk verder dat 20.6% van Eersterust se totale bevolking nog nie skoolgaande ouderdom bereik het nie. Dit kan gedeeltelik toegeskryf word aan hoë gemiddelde vrugbaarheid by die Kleurling.

* Die tabel dui daarop dat daar gemiddeld 6.07 persone per woning in Eersterust woon. Wanneer hierdie gemiddeld bereken word teen die totale aantal wonings in Eersterust, blyk dit dat daar ongeveer 5,400 Kleurlinge woonagtig was op 1 Maart 1967.

* Daar is gevind dat daar 607 persone woon in die 100 wonings wat die steekproef insluit.

II. HERKOMSPLEK VAN DIE INWONERS.

In die afdeling „Wie is die Kleurling?“ is aangedui dat die Kleurling sy beslag gekry het in die Wes-Kaap vanweë verskillende vermengingselemente. Daar is ook daarop gewys dat die Kleurlingbevolking na die binneland van die Republiek versprei het as gevolg van die ontginning van die noordelike gebiede, deur die Blankes. Sommige Kleurlinge het reeds vroeg uit Wes-Kaapland verhuis en verteenwoordig tans hoofsaaklik die ⁵⁾Griekwas en *Rehobothbasters. In die Wes-Kaap het hoofsaaklik die Kaapse Kleurlinge en Kaapse Maleiers agtergebly. Mettertyd het ook lede van hierdie groepe verhuis na die binneland. Die vraag ontstaan of die redes vir sodanige verhuising nie toegeskryf kan word aan verstedeliking in 'n groot mate en ekonomiese redes in die algemeen nie.

In die ondersoek te Eersterust is aan die hoofde van huishoudings en hulle eggenotes gevra waar hulle gebore is.⁶⁾ Dit is gedoen om 'n aanduiding te kry van waar die persone gebore is, waarom hulle hulle in Pretoria kom vestig het en aan watter bekende Kleurlinggroep hulle behoort.

40/ Tabel.

5) Vir geskiedenis van die Griekwas vgl. in Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika : Theron, E. e.a. (p.5)

* Sien verwysing op (p.13) van Hoofstuk II.

6) Oorledendes en persone wat hulle gesinne verlaat het, is buite rekening gelaat by die aanduiding van waar hulle gebore is.

GEBORTEPLEK VAN DIE HOOFDE VAN HUISHOUDINGS
EN HULLE EGGENOTES IN EERSTERUST.

Provinsie.	Mans.		Vroue.		Totaal	
	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Kaap.	20	23.3	29	29.3	49	26.5
Transvaal.	63	73.3	61	61.6	124	67.0
O.V.S.	2	2.3	7	7.1	9	4.8
Natal.	-	-	1	1.0	1	0.5
Buite R.S.A.	1	1.2	1	1.0	2	1.1
TOTAAL.	86	100.1	99	100.0	185	99.9

Uit die tabel blyk dat 67.0% van die totale aantal Kleurlingouers, van Transvaalse herkoms is terwyl 26.5% in die Kaapprovinsie gebore is. Die ander provinsies is swak verteenwoordig naamlik, 5.3%. Van die totale gesinshoofde en hulle eggenotes is daar slegs 32.9% wat nie in Transvaal gebore is nie.

Dit blyk ook dat die grootste persentasie (73.3%) manlikes in Transvaal gebore is. Daarbenewens kom 23.3% uit die Kaapprovinsie. Die een geval wat aangedui word as „buite R.S.A., is van Rhodesië afkomstig.

Wat die vroulike persone betref word min of meer dieselfde tendens gevind. Hier is 29.3% in die Kaapprovinsie gebore terwyl 61.6% in Transvaal gebore is. 'n Groter persentasie vroue is in die O.V.S. gebore as wat by manlikes die geval was. Van die vroulike persone was daar egter 9.1% wat nie Kleurlinge is nie maar Bantoes. Hulle is almal in Transvaal gebore.

41/Die ondersoeker....

* Al die wonings in die steekproef het 'n moeder gehad, slegs in een geval was die hoof van die huishouding nog nooit voorheen getroud nie en het sy susters by hom gebly.

Die ondersoeker het vervolgens probeer nagaan waar die kroos van bogenoemde persone gebore is. ⁷⁾ Aangesien dit moeilik is om te bepaal in watter provinsie elk van die kinders gebore is, is die vraag so gewysig dat die ouers moes aandui waar die meeste van hulle kinders gebore is. Uit die antwoord op hierdie vraag sou tergelykertyd vasgestel kon word in watter provinsie die meeste lede van elke gesin gebore is.

In slegs 2.0% van die totale aantal gevalle is bevind dat die ouerpaar kinderloos is. Een van hierdie gevalle was egter 'n ongetroude man wat nog nooit getroud was of enige soortgelyke verbintenis aangeknoop het nie. Indien in ag geneem word dat die huise ten opsigte van die verskillende behuisingskemas ewekansig gekies is dui dit op die relatiewe vrugbaarheid wat onder die Kleurlinge aangetref word.

PLEK WAAR DIE MEESTE KINDERS GEBORE IS PER GESIN.

Plek.	Getal.	%
Pretoria.	82	83.7
Transvaal. (elders)	11	11.2
Ander provinsies.	5	5.1
	98	100.0

Uit die tabel blyk dat die meeste kinders van gesinne wat in Eersterust woon, in Transvaal gebore is (94.9%). Hiervan is 88.1% in Pretoria gebore en 11.9% elders in Transvaal gebore.

Wanneer bogenoemde twee tabelle saam betrag word dan
42/blyk dit

7) Menige ouer kon nie presies aandui waar elke kind gebore is nie, veral waar daar groot gesinne was.

blyk dit die Kleurlinge van Eersterust nie tot horisontale mobiliteit geneig is nie.⁸⁾ Die Kleurlingbevolking trek dus nie baie rond nadat hulle hulle gevestig het nie. Die feit dat slegs 'n klein persentasie van die totale aantal gesinne aangedui het dat die meeste van hulle kinders buite Transvaal gebore is, dui daarop dat die ouers wat elders gebore is op 'n betreklike vroeë leeftyd na Transvaal verhuis het en in besonder, dat hulle na Pretoria verhuis het.

'n Groot persentasie van die kinders, te_same met 63% van hulle ouers, wat ook in Pretoria gebore is, kan hulle dus met reg as „Transvalers” beskou. 'n Groot persentasie van die kinders kan hulle ook met reg as „Pretorianers” laat identifiseer.

III. AFKOMSGROEPE VAN DIE INWONERS.

Soos reeds betoog is dit verkeerd om die Kleurlinge as 'n homogene groep te beskou. Dit is as gevolg hiervan dus moeilik om prototipes aan te dui. Die heterogene etniese verband is merkbaar ten opsigte van die verskillende fisiese tipes wat aangetref word. Naas hierdie algemene variasie is dit egter opvallend dat daar gedurende die proses van vorming verskillende groepe ontstaan het wat in 'n mate 'n eie identiteit verteenwoordig.⁹⁾ Daar is ook reeds opgegewys dat die vernaamste groepe wat onder die Kleurling gevorm is die Kaapse Kleurlinge, Kaapse Maleiers, Griekwas, Koranas en Oorlamse was. Familiestigters het bygedra tot die vorming van die Rehobothbasters.¹⁰⁾

43/ Aangesien Kaapse

8) Dieselfde tendens is bespeur deur van der Walt, T : Die Lewensomstandighede van Kleurlingbejaardes, 1967. (p.87)

9) Die Koranas en Oorlamse het verdwyn.

10) Die Buys-, Nunn en Dunnstamme verteenwoordig vermenging tussen Blank en Bantoe en is nie Kleurlinge nie.

Aangesien Kaapse Kleurlinge, Kaapse Maleiers en Griekwas in Eersterust aangetref is, is dit nodig om kortliks meer van hulle te verneem.

1. Die Kaapse Kleurling.

Hierdie groep het hulle beslag in Kaapland gehad en het as groep saam met die Blankes in hierdie gebied gevestig geraak. Hoewel hulle kerntuiste die Wes-Kaap was, het hulle later na die ander provinsies versprei. Die oorgrote meerderheid van die Kleurlinge behoort tot hierdie groep.

2. Die Kaapse Maleier.

Die Maleiers is hoofsaaklik afkomstig van die Maleise skiereiland en verteenwoordig 'n sterk Oosterse element. Hulle het hulle identiteit behou vanweë hulle Mohammedaanse geloof wat hulle bly aanhang het. Die oorgrote meerderheid van hulle word vandag nog in die Kaap aangetref en relatief min het hulle elders gaan vestig. Met die verloop van jare het hulle Afrikaans as taal aanvaar, hoewel hulle tradisies en godsdiensoosters gebly het. Die taal van die moskee is egter nog Arabies. ¹¹⁾

3. Die Griekwas.

Die Griekwas se gehegtheid aan tradisie en hulle godsdiensoosters in het bygedra tot die bewaring van 'n eie identiteit. 'n Eie kaptein en grondgebied het vroeër meegehelp om dit te bestendig. Die meeste van die Griekwas word nog aangetref in Griekwaland-Oos in die Kaap-provinsie. Hulle het egter ook oor die land versprei.

Die ondersoeker het in Eersterust aan die hoofde van huishoudings en hulle eggenote gevra om aan te dui

44/ aan watter

11) Kleurlingvolksgroepe van Afrika : Departement van Inligting en Departement van Kleurlingsake. (p.8)

aan watter bekende soort Kleurlinggroep hulle behoort. Die proefpersone moes hulleself dus identifiseer. Sommige proefpersone het hulleself as Transvaalse Kleurlinge geïdentifiseer terwyl daar nie so 'n onderafdeling of groep onder die Kleurlinge bestaan nie. Hierdie identifikasie van die persone is gekoppel aan die plek van geboorte. Persone wat hulleself as Griekwas, Kaapse Maleiers en as Bantoes aangedui het is nie so gekoppel nie.

SOORTE KLEURLINGE EN HULLE GEBOORTEPLEK.

Soort en plek van herkoms.	Mans.	Vroue.	Totaal.	%
Kaapse Kleurlinge van K.P.	17	25	42	22.7
Kaapse Kleurlinge van ander provinsies.	3	4	7	3.8
Kaapse Kleurlinge van Transvaal.	30	31	61	33.0
Transvaalse Kleurlinge van Transvaal.	31	22	53	28.6
Maleiers.	1	1	2	1.1
Griekwas.	4	7	11	5.9
*Bantoes.	-	9	9	4.8
TOTAAL.	86	99	185	99.9

Uit die tabel blyk dat slegs 'n klein persentasie van die hoofde van huishoudings en hulle eggenotes Griekwas (5.9%) of Maleiers (1.1%) is. Die 4.8% wat as Bantoes aangedui is, is Bantoevroue wat met Kleurlinge getroud is aangesien geen nie-Kleurling manlikes hulle in 'n geproklameerde Kleurlingwoonbuurt mag vestig nie.

45/Die vermenging

* Hierdie Bantoevroue is met Kleurlingmans getroud en mag daarom saam met hulle mans in Eersterust woon. Hierdie Bantoevroue was Swazi's en Sotho's.

- 45 -

Die vermenging van Kleurlingmans met Bantoevroue beloop 9%, anders gestel trou nege Kleurlingmans uit elke honderd met 'n Bantoe vrou.

Dit blyk ook dat 11.8% van die persone hulle aandui het as Maleiers, Griekwas en Bantoes terwyl 88.1% hulleself geïdentifiseer het as Kaapse of Transvaalse Kleurlinge. Hierdie laasgenoemde groep is van belang en sal nader toegelig moet word. Uit die groep wat hulleself Kaapse of Transvaalse Kleurlinge noem, is daar 69.9% van die persone wat in Transvaal gebore is. Ongeveer die helfte van hierdie persone beskou hulleself as Kaapse Kleurlinge terwyl die ander helfte hulleself aandui as Transvaalse Kleurlinge.

By nadere ondersoek het dit geblyk dat diegene wat hulleself as Transvaalse Kleurlinge geïdentifiseer het, dit hoofsaaklik gedoen het omdat hulle ouers in Transvaal gebore is. 'n Gedeelte het hulleself so geïdentifiseer omdat hulleself hier gebore is, of omdat hulle ouers hulle reeds op 'n vroeë leeftyd in die Transvaal kom vestig het.

Hierdie tendens moet nie gesien word as 'n aanduiding dat hier 'n homogene groep bestaan, wat verskil van bv. die Kaapse Kleurling nie. Die moontlikheid dat so 'n groep later tot stand kan kom is nie uitgesluit nie maar tans kan dit eerder beskou word as 'n lojaliteitsgevoel teenoor die provinsie waarin hulle en of hulle ouers gebore is. Hierdie identifisering as Transvaalse Kleurlinge dui ook op 'n soort permanentheid sover dit hulle huidige woongebied aangaan. Dit dui op 'n begeerte om as Transvaalse eerder as Kaapse Kleurlinge beskou te word. Die Kaapse het, vir hulle altans, weinig betekenis. Dit is moontlik dat hulle nageslag, wat persentasiegewys grotendeels in Transvaal gebore is, hulleself kan beywer vir 'n aparte identiteit binne die groter Kaapse Kleurlingbevolking.

Diegene wat in die Kaapprovinsie gebore is het

46/hulleself deurgaans.....

hulleself deurgaans as Kaapse Kleurlinge geïdentifiseer. Persone wat uit ander provinsies afkomstig was, het hulleself, in teenstelling met sommige[#] „Transvaalse” Kleurlinge, deurgaans as Kaapse Kleurlinge aangedui.

Die provinsie van die geboorteplek speel dus in 'n mate 'n rol wanneer die Kleurlinge hulleself identifiseer. ¹²⁾

Alhoewel die vanne wat Kleurlinge het nie 'n aanduiding is van hulle historiese herkoms nie, is dit interessant om te verneem. Die oorspronklike herkoms van hierdie vanne kan nie nagevors word nie omdat slawe, Hottentotte en later Kleurlinge, moontlik die vanne van hulle eertydse werkgewers aangeneem het. Die van, is dus nie 'n aanduiding dat die betrokke persoon se voorouer 'n Blanke was nie, omdat die Blanke slegs 'n bymenging van gene gelewer het eerder om as individu in die Kleurlinggeledere op te gaan.

In die ondersoek is gevind dat 28% van die gesinne 'n tipiese Engelse van het, 26% tipiese Afrikaanse vanne en 5% tipiese Bantoe- of Indiër vanne het. Die ander vanne is nie so maklik klassifiseerbaar nie.

Die tipiese Engelse vanne wat gevind is, bestaan uit die volgende: Gordon, Bain, Gould, Greigthon, Parker, Mackenzie, Scott, Williams, Adams, Rodgers, Maloney, Poole, Livingstone, Martin, Stevens, Jackson, Patrick, Harding, Henderson, ens.

Die tipiese Afrikaanse vanne was: Malan, Strachan, De Bruin, Trichardt, Veldman, Jordaan, Swartz, Jakobs, Minnaar, De Jager, Truter, Visagie, Pieterse, Hattingh, 47/Buys, De Waal

[#] „Transvaalse” Kleurling beteken hier Kleurlinge wat in Transvaal gebore is.

¹²⁾ Maleiers, Griekwas en Bantoes identifiseer hulleself sonder om die plek van herkoms in ag te neem.

Buy, De Waal, Muller, Nagel, Meyer, Joubert, van der Westhuizen, Booyens ens.

Die tipiese Bantoevanne is Mokwena, Motsepo en Machaba, terwyl Kamoe en Cassim Indiërvanne verteenwoordig.

Die ander vanne is kortliks die volgende: Harry, Jacobus, Franks, Esau, Marian, Jafta, Juluis, Lukas, Karools, Koffman, Uithaler, Manell, Moors, Hartell, Koslbeen, Afrika, Goeieman, van Dam, Ameer, Ceylon, Matroos, Mankolan, Damandt, Magardie, Le Goby, October, Louting, Dryitt, Cave, Loetz, Seckel, Winckler, Pillay, Ricnay, Ohlson, Kiliers, Kroutz, Liylo en Looti.

IV. REDES VIR DIE VESTIGING IN PRETORIA.

Wanneer die vestiging van persone in één gebied uit 'n ander ter sprake kom, het ons altyd met drie groepe te doen. Eerstens is daar die groep wat reeds in die gebied woonagtig is vanweë geboorte. Tweedens is daar die groep wat verhuis het sonder dat hulle hulle doelbewus daarvoor beywer het. Hierdie groep verteenwoordig normaalweg persone wat hulle ouers vergesel, wanneer hulle om een of ander rede besluit om te verhuis. Laastens is daar die groep wat duidelike beweegredes het om te verhuis.

Al drie hierdie groepe is in Eersterust aangetref. Die eerste groep het in die gebied ontstaan en het daarom nie hierheen verhuis nie. In baie gevalle is lede van hierdie groep se ouers self ook in Pretoria gebore, terwyl ander nie weet waarom hulle ouers hierheen verhuis het nie. 'n Ontleding van die redes waarom hierdie groep se voorsate oorspronklik na Pretoria verhuis het, kan nie bepaal word nie. Diegene wat hulle ouers vergesel het na Pretoria weet in meeste van die gevalle nie watter beweegredes hulle gehad het nie. Die derde groep, wat uit die aard van die saak spesifieke redes gehad het om te verhuis, is dus die belangrikste geag in hierdie 48/onderhawige geval.

onderhawige geval.

Uit die ondersoek het geblyk dat 42.4% van die totale aantal hoofde van huishoudings en hulle eggenotes in Pretoria gebore is. ¹³⁾ 'n Verdere 57.6% het om een of ander rede na Pretoria verhuis en hulle beweegredes word vervolgens van nader betrag.

Die redes waarom manlike en vroulike persone hulle in Pretoria kom vestig het, verskil aanmerklik en daarom word dit apart bespreek.

1. Manlike persone.

Manlike persone wat oorlede is of hulle vrouens verlaat het, is nie hierby ingesluit nie omdat in baie gevalle die betrokke man hom nooit in Pretoria kom vestig het nie. Meer as die helfte van die hoofde van huishoudings is in Pretoria gebore. 'n Gedeelte van die manlike persone het saam met hulle ouers of familie verhuis op 'n jeugdige ouderdom.

Die vernaamste rede waarom die res hulle in Pretoria kom vestig het, het in verband gestaan met werksegeleenthede en werksomstandighede. Spesifieke redes wat aangevoer is, was byvoorbeeld dat hy verplaas is of dat hy sy Blanke werkgewers hierheen vergesel het. Dit is die mees algemene redes wat aangevoer is. Gevalle het ook voorgekom waar persone verhuis het omdat hulle nie van Johannesburg hou nie, huisvesting in Pretoria beskikbaar was, as gevolg van siekte en omdat sy aanstaande vrou hier gewoon het.

13) Tabel oor die geboorteplek van hoofde van huishoudings en hulle eggenotes dui aan dat 73.3% in Transvaal gebore is. Diegene wat in Pretoria gebore is vorm 'n onderdeel van hierdie persentasie.

2. Vroulike persone.

Dit het geblyk dat 35.4% van die vroulike persone in Pretoria gebore is.¹⁴⁾ Die belangrikste rede waarom die ander vroulike persone hulle in Pretoria kom vestig het, is omdat hulle òf saam met hulle mans van elders hulle hier kom vestig het, òf na hulle huwelik of 'n derglike verbintenis by hulle mans gaan woon het wat reeds in Pretoria woonagtig was. 'n Ander rede wat aangevoer is vir verhuising was dat hier beter werkseleenthede was en dat hulle hulle Blankewerk-gewers vergesel het.

V. SAMEVATTING.

Die grootste persentasie van die Kleurlingbevolking word tans nog in Kaapland aangetref.

Die relatiewe getalsterkte van die Kleurling ten opsigte van die totale bevolking van Suid-Afrika, het die afgelope aantal jare aanmerklik toegeneem.

Die gemiddelde vrugbaarheid van Kleurlinge is hoog in vergelyking met ander bevolkingsgroepe. Dit het hoog gebly afgesien van die feit dat 'n aansienlike mate van verstedeliking plaasgevind het.

Hoewel die kindersterftesyfer van die Kleurling in die afgelope aantal jare aansienlik gedaal het, is dit nog hoog indien dit met ander bevolkingsgroepe vergelyk word.

Die Kleurlinge is 'n betreklike jong bevolkingsgroep met 'n hoë groeipotensiaal.

50/Die Kleurlinge

14) Die tabel op (p.40) dui aan dat 61.6% van die vroulike persone in Transvaal gebore is. Diegene wat in Pretoria gebore is vorm 'n onderdeel van hierdie persentasie.

- 50 -

Daar is meer vroulike persone as manlike persone in Eersterust en toon 'n normale verskynsel.

As 'n groep gereken is die Kleurlinge van Eersterust betreklik jonk want 46.2% van die totale bevolking is onder 16 jaar.

Die afhanklikheidslas in Eersterust is groot (48 - 50%) en kan 'n belangrike rol speel in die wel-syn en opheffing van die gemeenskap. Dit strem verhoging van lewenstandaard en ekonomiese ontwikkeling.

Hierdie afhanklikheidslas word vergroot deurdat 20.6% van die totale bevolking in die voorskoolse groep val. Hiervolgens is baie vroulike persone verplig om tuis te bly.

In Eersterust is daar meer vroulike persone van 'n hoër ouderdom as manlikes. Dit hang saam met die hoër lewensverwagting van Kleurlingvroue.

Gedurende 1 Maart 1967 was daar ongeveer 5,400 persone in Eersterust woonagtig. Die gemiddelde aantal persone wat 'n huis bewoon, is bereken op ses persone.

Die grootste persentasie van die hoofde van huishoudings en hulle eggenotes is in Transvaal gebore (67%).

In gevalle waar Kleurlingmans met Bantoevroue getrou het, was al die vroue in Transvaal gebore en het behoort tot die Swazi's of Noord-Sotho etniese groep. In 9% van die totale gesinne is Kleurlingmans met Bantoevroue getroud.

'n Groter horisontale mobiliteit is waarneembaar onder vroulike Kleurlinge as manlikes. Dit moet gedeeltelik gewyt word aan die feit dat vroue gewoonlik na die huwelik of derglike verbintenis, hulle gaan vestig by hulle mans.

Die oorgrote meerderheid (83.7%) van die kinders is in Pretoria gebore terwyl slegs 5.1% buite Transvaal gebore is.

gebore is. Wanneer die geboorteplek van die Kleurling-ouers en hulle kinders betrag word, blyk dit dat die meeste in Transvaal gebore is. Die eerste gedeelte van die benaming Kaapse Kleurling is vir hulle daarom feitlik nikseggend.

'n Relatiewe klein persentasie Maleiers en Griekwas woon in Eersterust. Die Kaapse Kleurlinge verteenwoordig 88.1% van die totale inwoners van Eersterust. Binne laasgenoemde groep is daar 'n aantal persone wat hulleself identifiseer as Transvaalse Kleurlinge. Hierdie identifikasie geskied weens die feit dat Transvaal hulle geboorteplek is en 'n besondere gevoel van lojaliteit daarteenoor bestaan.

Meer as die helfte van die Kleurlinge het tipiese Engelse en Afrikaanse familienam(e) terwyl slegs 'n klein persentasie tipiese Bantoe- en Indiërvanne het. Sommige van die ander vanne lyk asof dit tipiese Kleurlingvanne kan wees.

Die vernaamste rede waarom Kleurlingmans na Pretoria verhuis, staan in verband met werksaangeleenthede. Die vernaamste rede waarom vroue hierheen verhuis het, is omdat hulle hulle mans vergesel het. Hieruit blyk dat die meeste vroue wat hierheen verhuis reeds getroud was voor die verhuising. 'n Groot aantal manlikes en vroulikes het aangedui dat hulle na Pretoria verhuis het bloot omdat hulle ouers hierheen verhuis het. Dit dui daarop dat hulle op 'n vroeë leeftyd hierheen gekom het.

Daar is weinig verskil tussen die kenmerke van die totale Kleurlingbevolking van Suid-Afrika, die totale Kleurlingbevolking van Pretoria en die van Eersterust.

HOOFSTUK IV.

DIE SOSIALE ASPEK.

I. INLEIDING.

In die lewe van alle volke bestaan daar 'n verskeidenheid van sosiale groepe, wat elk saamgestel is op verskillende maniere en daarom ook verskillende funksies verrig. In hoofsaak kan daar twee kategorieë onderskei word.

Eerstens is daar sosiale groepe wat op bloedverwantskap gebaseer is en primêr verantwoordelik is vir die groei en vermeerdering van die volk. By implikasie, verseker dit die ontstaansmoontlikheid van ander sosiale groepe.

Tweedens is daar sosiale groepe wat nie op bloedverwantskap berus nie, maar op gemeenskaplike samewoning en belangstelling.¹⁾

Binne die menslike maatskappy is daar ordende faktore wat spontaan ontstaan bloot uit hoofde van die mens se menswees. Van nature word 'n man en vrou in 'n huweliksverbintenis verbind en vanweë die behoefte aan versorging van die kroos, ontstaan 'n gesinseenheid. Die gesinseenheid verteenwoordig die kleinste ordenings-eenheid by die mens. Die vader en moeder behoort egter elk aan 'n eie gesinseenheid wat meebring dat hulle kind ook verbind word aan die gesinseenhede van sy ouers. Ons vind dus dat uit die natuurlike verwantskapsverbintenis, die individu in 'n verwantskapspatroon ingeskakel word wat 'n verdere verordende faktor in die maatskappy verteenwoordig.

53/Die mens

-
- 1) Lowie, R.H. : Primitive Society. (p.245-246)
Herskovits, M.J.: Man and his works. (p.289)
Dittmer, K.: Allgemeine Völkerkunde. (p.46, 53)

- 53 -

Die mens is sosiaalgerig en openbaar 'n bereidwilligheid om sy persoonlike neigings in ooreenstemming te bring met die norme wat deur die groep of maatskappy daargestel is. Binne die groep is daar dus 'n gedurige wisselwerking deurdat die individu voordele en regte geniet vanweë sy lidmaatskap aan die groep en sekere pligte en verpligtinge teenoor sy medelede moet nakom.

Binne die samelewing vind ons dus 'n verskeidenheid van sosiale eenhede, wat op hulle beurt weer onderling met mekaar in wisselwerking staan om 'n geordende samelewing tot stand te bring.

Samevattend kan gesê word dat daar deur die omvangryke sosiale netwerk, 'n funksionerende sosiale organisasie ontstaan. Dit word bepaal deur die werking van faktore wat berus op gesamentlike gebiedsbewoning, bloedverwantskap en beoefening van dieselfde lewenswyse.

By bestudering van die sosiale organisasie van 'n volk, moet daar aandag gegee word aan die samestelling asook die ontstaan en ontwikkeling daarvan.

II. DIE HUWELIK AS VOORSTADUIM TOT DIE GESIN.

Die huwelik is 'n instelling wat by alle volke van die wêreld in een of ander vorm voorkom. Die huwelik is nie primêr ingestel om die geslagtelike omgang te reël nie, hoewel dit een van sy funksies is. Die vernaamste funksie is en bly, die totstandkoming van 'n gesin. Dit reguleer dus die verwekking van kinders in die opsig, dat dit die instelling is wat die verwekking van kinders wettig. Die versorging van die kroos en die verrigting van ekonomiese en ander noodsaaklike funksies, is in hoofsaak afhanklik van die sluiting van 'n huwelik.

„Die huwelik is die sosiale meganisme waardeur die verbintenis tussen man en vrou bestendig word en

54/hulle in 'n

hulle in 'n formele en sosiaal - erkende verhouding van onderlinge verantwoordelikheid en pligspleging teenoor mekaar geplaas word. Dit is dus 'n kulturele instelling wat onontbeerlik is vir die voortbestaan van die gesin en ander sosiale groepe wat op bloed-verwantskap gebaseer is."²⁾

'n Groot persentasie van die Kleurlinge leef egter saam as man en vrou, met 'n redelike stabiele gesinslewe, sonder dat hulle wettiglik in die eg verbind is.

"Since the Coloureds are with the exception of the Cape Malays, almost wholly Christianized, only monogamous marriages is practised although extramarital and premarital sexual relations are relatively prevalent."³⁾

1. Vooregtelike geslagsverhoudinge.

Alhoewel geen aanduiding by die Kleurlinge gevind is dat hulle buite-egtelike gemeenskap goedkeur of aanmoedig nie, kom dit voor op grootskaal en word dit blykbaar as algemene praktyk aanvaar.

Uit die ondersoek het geblyk dat 13.1% van die totale gesinseenhede in Eersterust nie wettig getroud is nie, maar as man en vrou saamleef. Hierdie gesinne handhaaf 'n redelike stabiele gesinslewe en die aantal kinders betrokke het gewissel van geen tot soveel as twaalf kinders.⁴⁾ Oor die algemeen is bevind dat die kindertal by sulke gesinne relatief hoog is.

55/ Die rede waarom

2) Coertze, P.J.: e.a.: Inleiding tot die Algemene Volkekunde. (p.110)

3) Cilliers, S.P.: The Coloureds of South Africa. (p.24)

4) Hierdie gesinne is gewoonlik die minder ontwikkelde tipes. Binne hulle sosialekring mag daar ook moontlik minder teenstand wees teen buite-egtelike verhoudings.

Die rede waarom hierdie persone nie met mekaar trou nie, is deur ondervraging probeer bepaal. Dit blyk dat baie Kleurlinge onkundig is aangaande die huwelik of 'n verkeerde opvatting daaroor het. Dit word toegeskryf aan gebrekkige leiding deur die ouer. In sommige gevalle, veral waar die persone jonk is, bly hulle by een van die twee se ouers omdat hulle nie die verantwoordelikheid van die huwelik wil dra nie. Sommige Kleurlinge het ook aangedui dat dit te „duur” is om te trou. Hierdie Kleurlinge glo dikwels dat die huwelik gepaard moet gaan met 'n feestelikeid, selfs al het die paar vroeër saamgeleef en al is daar kinders uit die verbintenis gebore. Die afleiding wat gemaak word, is dat die openbare mening dit nie veroordeel nie. In hierdie gevalle neem die kinders die familienaam van die moeder aan.

Behalwe bogencemde het 'n verdere 39.4% van die totale gesinseenhede kinders verwek voordat 'n wettige huwelik gesluit is. Die Kleurling verwys hierna as sy sogenaamde „voorkinders”. Die aantal kinders wat voor die wettige huwelik gebore is, wissel by die ondersoekgroep van een enkele kind tot soveel as elf kinders. Die oorgrote meerderheid het na die verwekking van een kind hulle in die huwelik laat bevestig. Slegs 'n klein persentasie het meer as een kind verwek voordat die huwelik voltrek is. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word is, dat buite-egtelike gemeenskap sodanige komplikasies gehad het, dat 'n kind verwek is, waarna die betrokkenes in 'n mate gedwing is of verplig gevoel het om hulleself in die huwelik te begewe.

Samevattend blyk dit dat 52.5% van die totale gesinseenhede in Eersterust buite-egtelike gemeenskap beoefen het. As egter in ag geneem word dat alle buite-egtelike gemeenskap nie noodwendig lei tot die verwekking van kinders nie, dan kan gekonstateer word dat die sedelike peil in Eersterust, vol-

56/gens Blanke

gens Blanke norme laag is.

McDonald sê dat hierdie lae moraliteit by Kleurlinge gewyt moet word aan hulle historiese agtergrond. Hy bevind dat buite-egtelike geboortes nog nie deur die openbare mening afgekeur word nie.⁵⁾

Tydens die ondersoek te Eersterust, is aan die proefpersone direk gevra hoeveel van hulle kinders voor die huwelik gebore is. Die antwoord is sonder huiwering of ongemak verstrek, wat McDonald se bevinding onderskryf.

Van Zijl sê dat die samewoning van persone sonder 'n wettige huwelik 'n verskynsel is wat by die Kleurling voorkom. In sy ondersoek was 6% van die gesins-hoofde nie wettig getroud nie. In Eersterust is die persentasie veel hoër (13.1%).⁶⁾

2. Voorvereistes vir die sluiting van die huwelik.

Onder alle volke is daar sekere bepalinge wat die sluiting van 'n huwelik beïnvloed en reël.

Eerstens is daar die bevoegdheidsvereistes waaraan die persoon moet voldoen. Hierdie bevoegdheidsvereistes, hou by die meeste volke verband met die biologiese ouderdom.⁷⁾

Tweedens is daar reëls en keuses wat deur die gemeenskap bepaal en waaraan voldoen moet word. Bloedskande word deur alle volke afgekeur.⁸⁾

57/By die Kleurling

5) Soos aangehaal deur Steyn, A.F.: Die rolle van die man en die vrou in die Kaapse Kleurlinggesin. (p.85)

6) Soos aangehaal deur Steyn, A.F.: op. cit. (p.86)

7) Jacobs, M. en Stern, B.J.: General Anthropology, 1947. (p.163)

8) Lowie, R.H.: op. cit. (p.14)

By die Kleurling, soos by Westerse volke, word veral klem gelê op die bevoegdheidsvereistes wat verband hou met die biologiese ouderdom.

(a) Gemiddelde ouderdom by huweliksluiting.

Die biologiese ouderdom waarop 'n Kleurling tans wetlik, selfstandig en selfbeskikkend word, is een-en-twintigjaar. Wanneer persone 'n huwelik wil sluit voor die bereiking van mondigwording, moet hulle die toestemming van ouers of voogde hê. Mondigwording word dus nie as 'n absolute voorvereiste vir die huwelik gestel nie daar persone voor die bereiking daarvan met die ouers se toestemming mag trou.

By die berekening van die gemiddelde ouderdom waarop Kleurlinge in Eersterust getroud is, is net egpare in aanmerking geneem wat wettig getroud is of was. Waar persone saamgewoon het en later wettiglik getroud is, is die ouderdom geneem by die wettige huwelik.

OUDERDOM BY HUWELIKSLUITING.

Ouderdom	Manlik	%	Vroulik	%
onder 16	-	-	4	4.7
16 - 18	5	5.5	16	17.7
19 - 21	15	16.7	27	30.0
22 - 24	17	18.9	19	21.1
25 - 27	17	18.9	14	15.5
28 - 30	17	18.9	5	5.5
31 en ouer	19	21.1	5	5.5
Totaal	90	100.0	90	100.0

Uit die tabel blyk dit dat die ouderdom waarop die meeste vroulike persone, in Eersterust, in die huwelik getree het tussen 19 en 21 jaar was. Die mediaanleeftyd waarop hulle getroud is, is 21.9 jaar

58/wat laer is

wat laer is as die van die totale Kleurlingbevolking se mediaanleef tyd in 1960 (23.4). Slegs 'n geringe persentasie is getroud voordat hulle 16 jaar was (4.7%).⁹⁾ 'n Geringe persentasie (5.5%) is na die ouderdom van 27 jaar getroud. Meer as die helfte (52.4%) van die Kleurlingvroue in Eersterust het getrou voor hulle twee-en-twintigste lewensjaar.

Die ouderdom waarop die meeste manlike persone getrou het, verskil met die van vroulike persone. Die meeste manlike persone (58.9%) is getroud na die bereiking van hulle vyf-en-twintigste lewensjaar.¹⁰⁾ Die ouderdom het gewissel tot soveel as 54 jaar, voordat die betrokke persoon getroud is. Hierdie relatiewe hoë ouderdom by die voltrekking van die huwelik, moet gesien word teen die agtergrond dat 39.4% van die gesinseenhede eers minstens 'n kind verwek het voordat hulle wettig in die huwelik bevestig is. Geen manlike persoon is getroud voor bereiking van sy agtiende lewensjaar nie.

Die ondersoeker het gevoel dat die gemeenskap, 'n mening daarop mag nahou oor wat die geskikste ouderdom moet wees waarop persone behoort te trou. 'n Vraag in die verband is aan alle gesinseenhede gevra.

Die mees algemene rede waarom die proefpersone die onderstaande ouderdomme aangedui het was, volgens hulle mening, die ouderdom waarop die nodige verantwoordelikheid ten opsigte van die huwelik beseef word.

59/Die Kleurling

-
- 9) Hierdie groep het waarskynlik ten aanvang buite-egtelik saamgelewe want 'n huwelik op hierdie ouderdom vereis spesiale vergunning.
- 10) Die mediaanleef tyd waarop Kleurlingmans trou, is uit die gegewens van die tabel op 25.8 jaar. Hierdie syfer is ongeveer dieselfde wat vir die totaal manlike Kleurlingbevolking aangegee word in 1960 naamlik, 25.6 jaar. (Theron, E., Swart, M.: Die Kleurling-bevolking van Suid-Afrika, 1964 (p.22)

- 59 -

Die Kleurling sê in sy eie idioom dat „die mense dan
'n gedagte het."

VERANTWOORDELIKE OUDERDOM BY HUWELIKSLUITING.

Jaar	16-18	19-21	22-24	25-27	28-30	Totaal	%
Manlik	-	7	28	43	22	100	100
Vroulik	8	67	15	8	2	100	100

* Die getal is terselfdertyd ook persentasie.

Uit die tabel blyk dat die Kleurlingbevolking van Eersterust meen dat vroue tussen die jare 19 en 21 die nodige verantwoordelikheid ten opsigte van die huwelik besef. By manlike persone was dit veel hoër naamlik tussen 25 en 27 jaar.

Die werklike ouderdom waarop die meeste vroue te Eersterust getroud is, stem ooreen met die ouderdom wat die gemeenskap aandui as die geskikste vir die huwelik. Wat die manlike persone aangaan, is die algemene mening dat hulle tussen die ouderdom 25 tot 27 jaar behoort te trou, terwyl die mediaanleeftyd van Kleurlingmans waarop hulle in Eersterust trou ook binne hierdie raamwerk val.

(b) Toestemming tot die huwelik.

Uit die ondersoek het geblyk dat die gebruik by die Kleurlinge bestaan om die toestemming van die bruid se ouers te vra. Dit word gedoen ongeag die ouderdom van die betrokke bruid. Die aanstaande bruidegom vra alleen die toestemming en sy ouers speel by die vra van toestemming geen rol nie.

Die oorgrote meerderheid (93%) van die wettig getroudes het aangedui dat die bruid se ouers se toestemming tot

stemming tot die huwelik gevra is. In gevalle waar die bruid se ouers reeds oorlede was, is toestemming van haar verwante gevra. Die grootouers, indien hulle nog leef of die ouer suster is gewoonlik in so 'n geval om hulle toestemming genader. Gevalle het ook voorgekom waar persone selfs die Blanke werkgewer se toestemming gevra het. Alhoewel toestemming gevra is, het die weiering daartoe nie noodwendig verhoed dat persone in die eg verbind is nie.

By Kleurlingmans wat met Bantoevroue getroud is, is gevind dat 33% naas die vra van toestemming ook nog trougoedere moes lewer wat gewissel het van R20 tot R50.

Samevattend blyk dit dat die Kleurling sekere vereistes stel ten opsigte van die huwelik.

Ten eerste is daar bevoegdheidsvereistes wat verband hou met die biologiese ouderdom. Die Kleurling glo dat persone wat 'n huwelik sluit die nodige verantwoordelikeheidsbesef moet openbaar. Die algemene mening is dat vroulike persone hierdie besef reeds tussen die lewensjare 19 tot 21 openbaar, terwyl dit by manlike persone veel later is (25-27 jaar).

Ten tweede is daar reëls en keuses wat deur die gemeenskap bepaal word. Die gebruik bestaan algemeen by die Kleurling dat 'n man sy aanstaande bruid se ouers om hulle toestemming vra tot die huwelik.

3. Bepalings van die huwelikskeuse.

Aangesien die vra van toestemming 'n algemene gebruik blyk te wees, is aan ouers gevra watter vereistes hulle stel aangaande die lewensmaat vir hulle kinders.

Van die totale aantal gesinseenhede het 76.5% van die egpare aangedui dat hulle kinders se lewensmaat 'n mede-Kleurling moet wees. Voorbehoud teen-

61/oor die Bantoe

- 61 -

oor die Bantoe en Indiër is deur 14.3% gestel, terwyl slegs 9.2% verklaar dat hy/sy 'n lid van enige bevolkingsgroep mag wees. Laasgenoemde groep verteenwoordig uitsluitlik die gesinne waar Kleurlingmans met Bantoe-vroue getroud is.

Die redes waarom 'n mede-Kleurling tot huweliksmaat vir hulle kinders gekies is, is uiteenlopend van aard.

Die vernaamste rede wat aangevoer is, was dat 'n Kleurling binne sy eie bevolkinggroep behoort te trou. Hierby aansluitend is ook die volgende redes aangevoer.

- (i) Die ander bevolkingsgroepe se lewenswyse en gewoontes verskil met dié van die Kleurling.
- (ii) Uit hoofde van bogenoemde het sommige eenvoudig verklaar dat 'n „gemengde huwelik” nie sal deug nie.
- (iii) Die Kleurling hou nie van ander bevolkingsgroepe nie.
- (iv) Ander bevolkingsgroepe verstaan nie die taal van die Kleurling nie.

Waar voorbehoude teen die Bantoe voorgekom het was die redes wat aangedui is die volgende:

- (i) „'n Mens boer nie agteruit nie.”
- (ii) Die Bantoe is 'n barbaar.
- (iii) Die Bantoe noem die Kleurlinge „Boesmans” en die Kleurling haat die Bantoe.

Voorbehoude teen die Indiërs het die volgende redes opgelewer:

62/ (i)

- (i) Die Indiër verstaan die Kleurling se taal nie.
- (ii) Die Kleurling hou nie van die Indiër nie.
- (iii) Indiërs is lelik.

Hieruit blyk dat die openbare mening oor die algemeen gekant is teen huwelike met ander bevolkingsgroepe.

Dit is uiters moeilik om aan persone, veral wanneer hulle bymekaar is, te vra watter eienskappe aanleiding gegee het tot die keuse van die betrokke lewensmaat. Dit skep in die meeste gevalle ongemaklikheid en gee aanleiding tot die verkondiging van onwaarhede. Om hierdie probleem te omseil, is aan die egpare gevra watter hoedanighede moet hulle skoonseuns en skoondogters hê. Dit sou dan 'n aanduiding wees wat die ouers se keuse die een teenoor die ander bepaal het, of ten minste wat die Kleurling van sy/haar lewensmaat verlang.

- (a) Hoedanighede wat toekomstige skoondogters moet openbaar.

Die hoedanighede wat ouers graag in toekomstige skoondogters wil sien is uiteenlopend van aard. Die mees algemene verwagting was dat sy 'n goeie huisvrou moet wees. By nadere ondersoek het geblyk dat 'n goeie huisvrou iemand is wat ^{*)} „spaarsamig” is, haar kinders goed versorg en haar huislike pligte nie verwaarloos nie.

'n Verdere verwagting wat ook vry algemeen geopper is, is dat sy haarself moet kan gedra en goeie maniere moet hê.

63/Ander verwagtings

*) Kleurlingidroom: beteken om versigtig met uitgawes te werk.

- 63 -

Ander verwagtings wat in meer as een geval geopper is, is die volgende:

- (i) dat sy geleerd moet wees
- (ii) dat sy 'n goeie verdienste moet hê
- (iii) skoon en netjies moet wees
- (iv) onderdanig aan die man moet wees
- (v) ligvellig moet wees

Verwagtinge wat minder dikwels voorgekom het was:

- (i) dat sy bloot 'n Kleurling moet wees
- (ii) sy haar kinders goed versorg
- (iii) nie drink nie
- (iv) uit 'n goeie familie moet kom
- (v) huislik en eerlik moet wees

'n Enkele geval het ook voorgekom waar verwag is dat sy 'n „mooi” figuur moet hê.

- (b) Hoedanighede wat toekomstige skoonseuns moet openbaar.

Die hoedanighede wat ouers graag wil hê dat hul-
le skoonseuns moet hê, was uit die aard van die saak
verskillend.

Die mees algemene verwagting was dat hy hard-
werkend moes wees. By nadere ondersoek het geblyk
dat 'n hardwerkende persoon iemand is wat nie lui is
nie en wat sy vrou en kinders goed versorg.

'n Verdere verwagting wat ook vry algemeen ge-
opper is, was dat hy goeie maniere moet hê en goeie
gedrag moet openbaar.

64/Ander verwagtings

- 64 -

Ander verwagtings wat in meer as een geval ge-
opper is, is die volgende:

- (i) nie moet drink nie
- (ii) dat hy 'n goeie werk en verdienste moet hê
- (iii) geleerd moet wees
- (iv) ligvellig moet wees

Verwagtings wat minder dikwels voorgekom het, was:

- (i) hy bloot 'n Kleurling moet wees
- (ii) van 'n goeie familie moet afstam
- (iii) netjies en eerlik moet wees

'n Enkele geval het ook voorgekom waar aangedui
is dat hy arm moet wees.

Samevattend blyk dit dat die openbare mening ge-
kant is teen die huweliksluiting van Kleurlinge met
ander bevolkingsgroepe. Die mees algemene rede hier-
voor skyn te wees dat die Kleurling groepsbewus is
of word en sy eie identiteit wil behou. Die algemene
wens is, soos uit die gegewens blyk, dat 'n Kleurling
met 'n mede-Kleurling moet trou. Naas hierdie rede,
is daar ook die verskil in taal en lewenswyse wat
vreedsame naasbestaan bedreig, by die vermenging met
ander bevolkingsgroepe.

Kleurlingmans verkies hoofsaaklik goeie huisvroue
as lewensmaats, terwyl die vroue hardwerkende mans
verkies. 'n Belangrike vereiste wat deur beide ge-
slagte gestel word, is dat hulle lewensmaat goeie
maniere moet hê, asook 'n voorbeeldige gedrag. Per-
sone wat aangedui het dat die huweliksmaat ligvellig
moet wees, was in al die gevalle self lig van velkleur.

65, 4.

4. WYSE VAN HUWELIKSLUITING.

(a) Die verlowing.

Diegene wat nie wettiglik getroud is nie, is in hierdie afdeling buite rekening gelaat. As voorstadium tot die huwelik, vind ons by sommige volke een of ander vorm van verbintenis tussen persone, met die uitdruklike voorneme om later in die huwelik te tree.

By die Kleurling is gevind dat slegs 42.2% van die wettiglike getroudes 'n verlowingsverbintenis aangegaan het. Die oorgrote meerderheid van hierdie egpare, het binne 'n paar maande daarna getrou. Die tydperk tussen die verlowing en die huwelik het gewissel tussen een maand tot 'n jaar.

Die vorm van die verlowing het meestal daaruit bestaan dat die man aan sy aanstaande bruid 'n ring gee, as sigbare simbool van die verbintenis (81.6%) 'n Klein persentasie van bogenoemde het naas die ring ook 'n polshorlosie aan die aanstaande bruid oorhandig. Gevalle het voorgekom waar slegs 'n polshorlosie (7.9%) gegee is, terwyl 'n „woordelike verlowing" sonder sigbare tekens, baie selde voorgekom het. Enkele gevalle het ook aangedui dat die verwekking van die sogenaamde „voorkind", gesien moet word as die uiterlike teken van 'n verlowingsverbintenis.

Meer as die helfte van die egpare wat verloof geraak het, het 'n partytjie gehou om dit te vier. Slegs in een geval het dit die vorm van 'n groot sosiale aangeleentheid aangeneem. Die partytjies, oor die algemeen, het die vorm van 'n geselligheid aangeneem waarby die familie betrokke was. Tydens so 'n partytjie word meestal tee en koek bedien en dit vind plaas aan die huis van die aanstaande bruid se ouers of 'n familielid.

66/Samevattend blyk

Samevattend blyk dit dat die meeste Kleurlinge sonder die verlowing in die huwelik tree. In die meeste gevalle waar wel 'n verlowingsverbintenis voorgekom het, het die man aan sy aanstaande bruid 'n ring en of 'n polshorlosie geskenk as sigbare simbool van die verbintenis.

Meer as die helfte wat verloof geraak het, het die plegtigheid op een of ander manier gevier. Die verlowingsviering is hoofsaaklik 'n familie-aangeleentheid en bestaan uit die nuttig van koek en tee. Die plek waar die viering plaasvind, is gewoonlik aan die huis van die aanstaande bruid se ouers.

(b) Die lewering van trougoedere.

By die Kleurling, soos by die meeste Westerse volke, word nie trougoedere gelewer nie. Opvallend egter is dat waar Kleurlingmans met Bantoevroue getrou het, 44.4% trougoedere gelewer het volgens Bantoe tradisie. Die trougoedere was uitsluitlik kontantgeld wat gewissel het van R20 tot R40. Slegs die oordra van die trougoedere het plaasgevind en nie die ander tradisionele Bantoebykomstighede nie. Ons het dus hier te make met 'n proses waar eendersyds die tradisie van die Bantoe tot 'n sekere hoogte in ag geneem is, maar andersyds 'n tradisie soos aan die Kleurling bekend.

(c) Voltrekking van die huwelik.

„Almost three-quarters of all registered marriages are denominational, while the rest are civil marriages. For the three years 1955 - 57 an average of 73.0% of all Coloured marriages were denominational, there having been virtually no change in the proportion since 1941." ¹¹⁾

67/In Eersterust

11) Cilliers, S.F.: The Coloureds of South Africa, 1963 (p.26)

- 67 -

In Eersterust is bevind dat van al die wettige huwelike, 74.4% kerklike huwelike was, naas die 25.6% burgerlike huwelike. Dit stem ooreen met wat Cilliers hierbo aandui. Naas hierdie feit is daar nog variasies waar Kleurlingmans met Bantoevroue getroud is. Hier het kerklike huwelike of burgerlike huwelike gepaard gegaan met die lewering van trougoedere. Een geval is gevind waar trougoedere betaal is, 'n burgerlike huwelik voltrek is en daarnaas ook in die kerk getrou is.

(d) Vorme van huweliksviering.

In Eersterust is bevind dat 80% van die wettige huwelike 'n formele funksie ter viering daarvan gehad het. Hiervan het die helfte aangedui dat dit 'n geleentheid was, waar 'n redelike groot aantal gaste uitgenooi is. Die ander helfte het aangedui dat die aantal gaste min in getal was en meestal familieleden en intieme vriende ingesluit het.

By diegene wat die geleentheid op grootskaal gevier het, is daar deurgaans ook drankies bedien en toesprake gemaak. Na die toesprake is heildronke ingestel, waarna versnaperinge in die vorm van gebak, vleis, koeldrank en tee aan die gaste bedien is. Meestal is daar ook by die geleentheid gedans, met platemusiek of 'n orkes wat vir die geleentheid bekom is. In meeste gevalle het die bruidegom 'n donker pakklere aangehad terwyl die bruid in 'n wit bruidsgewaad geklee was. In meeste gevalle het die bruidspaar 'n gevolg gehad en is foto's spesiaal van die huweliksgroep geneem. 'n Groot persentasie het aangedui dat skape, maar veral hoenders, vir die geleentheid geslag en gaargemaak is.

In gevalle waar die viering op klein skaal voorgekom het, was dit in hoofsaak 'n familie-aangeleentheid. In die meeste gevalle is daar 'n ete vir die

68/familieleden voor-

familielede voorberei, terwyl koek en tee bedien is aan die enkele intieme vriende wie die verrigtinge bygewoon het. In sommige gevalle is daar teen die aand gedans by platemusiek of radiomusiek. Toesprake het by ongeveer die helfte voorgekom en is gevolg deur die instelling van heildronke. Die neem van foto's was ook hier algemeen.

Slegs 8.3% van diegene wat die huwelik op een of ander wyse gevier het, het gebruik gemaak van openbare plekke soos 'n saal of tent wat spesiaal vir die geleentheid gehuur is. Die grootste persentasie 56.9% het aangedui dat die geleentheid gevier is aan die huis van die bruid se ouers of van haar familielede. Slegs 19.5% het die huwelik gevier aan die huis van die bruidegom se ouers of van sy familielede. 'n Verdere 15.2% het dit gevier in huise wat reeds gehuur was, op Blanke plase of in Blanke agterplase. In veral laasgenoemde geval, is dit begryplik dat die aangeleentheid beperk was tot slegs 'n paar familielede en intieme vriende.

Samevattend blyk dit dat die meeste huweliksluitings onder die Kleurlinge gepaard gaan met 'n viering van die geleentheid. In helfte van die gevalle word dit op grootskaal gevier deur die instel van heildronke, bediening van drank en word 'n groot aantal gaste uitgenooi. In gevalle waar die viering op klein skaal voorkom, is dit gewoonlik beperk tot slegs familielede en 'n paar intieme vriende. Hierdie viering neem gewoonlik die vorm van 'n ete aan. Die viering vind gewoonlik plaas aan die huis van die bruid se ouers.

5. Inwoning na die huwelik.

In Eersterust is bevind dat 54.6% van die egpare direk na die huwelik by of die man of die vrou se familie gaan inwoon het. Van bogenoemde het 29.0% hulle intrek geneem by die man se ouers of sy familielede

69/terwyl 25.6%.

terwyl 25.6% hulle by die vrou se ouers of familie--
lede gaan vestig het. Dit moet egter genoem word
dat dit meestal 'n tydelike reëling was totdat die
nodige huisvesting beskikbaar was.

Die inwoningswyse van 45.4% was egter neolokaal.
Hier volgens het die egpaar na die huweliksluiting
hulle gaan vestig in hulle eie huis, wat besit of ge-
huur is of 'n kamer wat by vreemdes gehuur is. Som-
miges het hulle intrek in Blanke agterplase geneem
of by vriende 'n kamer gehuur.

Dit blyk dat die meeste Kleurlingegpare in Eerste-
rust direk na die voltrekking van die huwelik by òf
die bruid òf die bruidegom se mense gaan inwoon het.
Die redes vir hierdie toedrag van sake kon aan drie
redes gewyt word:

Eerstens is daar nie dadelik huisvesting beskik-
baar nie. Tweedens is die getroudes soms baie jonk
en is dit finansieel tot hulle voordeel om vanuit die
ouerhuis te gaan verdien omdat hulle sodende losge-
maak word van die alledaagse huishoudelike verplig-
tinge. Derdens bied dit aan die gesin waarby inge-
woon word 'n bykomende inkomste. Wanneer huisvesting
bekombaar is, maar veral wanneer kinders gebore word
en die vrou noodgedwonge tuis moet bly, word 'n neiging
na neolokale vestiging gevind.

6. Ontbinding van die gesin.

Onder alle volke word veronderstel dat die huwe-
lik 'n permanente verbintenis is, dog ook by almal
word daar voorsiening gemaak vir die ontbinding daar-
van. Dieselfde wetlike grondbeginsel geld vir sowel
die Kleurling as die Blanke ten opsigte van egskeidings
in die Republiek van Suid-Afrika.

Gedurende die ondersoek is slegs 'n paar gevalle
gevind waar die ontbinding van die huwelik voorgekom

70/het. Hierdie

, - 70 -

het. Hierdie ontbindinge was nie wettige egskeidings nie. In al hierdie gevalle was die rede vir die ontbinding kwaadwillige verlating, waarna die betrokke persoon met iemand anders gaan saamleef het. By nie een van die gevalle is aansoek gedoen om 'n egskeiding nie. Die rede hiervoor moet gesoek word in Cilliers se verklaring:

„. . . . However, it should be remembered that divorce proceedings are relatively expensive and that not many Coloureds can afford it. Resort is thus generally taken to desertion - the traditional poor man's divorce, followed very often by unsolemnized cohabitation with other sex partners. The result very often is a failure to support dependants and the disorganization of family life" ¹²⁾

III. DIE GESIN:

1. Funksies van die gesin.

„Die gesin verrig in enige gemeenskap sekere funksies wat vir elke individu sowel as vir die voortbestaan van die gemeenskap as 'n geordende eenheid van besondere groot betekenis is." ¹³⁾

Ten eerste het die gesin 'n voortplantingsfunksie. Alhoewel kinders buite gesinsverband verwek kan word, is die gesin die enigste sosiale eenheid waarbinne die verwekking van 'n kroos gewettig word. ¹⁴⁾ Hieruit word afgelei dat die gesin ook 'n versorgingsfunksie het, as gevolg van die lang versorgingstydperk waaraan kin-

71/ders onderhewig

12) Cilliers, S.P.: op. cit. (p.37)

13) Eloff, J.F. in Coertze, P.J. redak.: op. cit. (p.96)

14) Herskovits, M.J.: op. cit. (p.296)

ders onderhewig is vanweë hulle natuurlike afhanklikheid. Hierdie funksie word by die Kleurling volvoer deur die ouers en later bykomend deur die dogter van die gesin. As versorgingsseenheid is die gesin primêr van belang vir die voortbestaan van die gemeenskap.

Inderwaarheid het die gesin ook 'n opvoedkundige funksie. Binne die gesin word die eerste gedragsreëls, houdinge teenoor gemeenskapslede, sosiale en ekonomiese pligte, norme en algemene gewoontes en opvattinge van die volk, geleer. Die huisgesin dien as die eerste voorbereidingskool vir sy latere lewe. Hoewel die skool en kerk in 'n groot mate opvoeding aan die kind gee, is die opvoeding binne gesinsverband, veral in die vormingsjare, onvervangbaar en van wesenlike belang. Die gesin vorm daarom ook die brug waarlangs kultuurgoedere en kultuurnorme aan die kind oorgedra word.

Die gesin is tot 'n mate ook 'n ekonomiese eenheid. Onder Kleurlinge, soos by Westerse tegnies ontwikkelde volke, bestaan daar nie meer dieselfde mate van ekonomiese samewerking soos by primitiewe volke nie. Relatief gesproke vorm die gesin egter ook hier 'n eenheid van produksie en verbruik. Naas die inkomste deur die ouer(s), staan inwonende werkende kinders ook 'n deel van hulle inkomste af. In meer as een geval gee sodanige ongetroude kinders hulle hele salaris aan die ouers om dit na goëddunke aan te wend.

Die gesin vorm ook 'n godsdienstige eenheid in soverre die lede daarvan gesamentlik eerbetoen aan die Skepper. Gebed by die ete, voorlesing uit die Bybel aan die kinders, die gesamentlike sing van kerkliedere en hywoning van eredienste deur die gesin dui op hierdie funksie.

Laastens is die gesin ook tot 'n sekere mate 'n regs- en regeringseenheid deurdat elke lid gedrags-

72/reëls, pligte

reëls, pligte en verpligtinge moet nakom. Hiernaas het elkeen ook sekere regte en voorregte wat meebring dat die gesin 'n geordende eenheid vorm.

„Het gezinsverband is de sociaal-psychologische grondslag van de menselike geschiedenis." en „..... dus, dat als grondvorm van vele gemeenschappen beschouwd kan worden."¹⁵⁾

„Urzelle der Gemeinschaft ist die Familie, in ihrer ursprünglichen Form als Kleinfamilie"¹⁶⁾

Uit bostaande blyk dat sommige funksies van die gesin soms aangevul of gedeeltelik oorgeneem kan word deur instansies of persone buite die gesin, bv. die kerk, skool, familieledede, ens. Die funksies wat die gesin vervul kan egter nooit geheel en al oorgeneem of vervang word deur enige substituuat nie.

2. Onderlinge verhouding binne die gesin.

Die relatiewe hegte eenheid wat deur die meeste gesinne by die meeste volke aangetref word, moet gewyt word aan die verhouding tussen gesinslede wat deur 'n netwerk van gedragsreëls gereguleer word. Hierdie onderlinge verhoudinge word kultureel bepaal.

Vanweë die feit dat die funksies van die gesin by alle volke en gemeenskappe basies dieselfde is, vind ons dat die verhoudingspatroon 'n ooreenstemmende patroon vertoon.

By die Kleurling te Eersterust, tref ons uitsluitlik die monogame huweliksvorm aan. Die vader en moeder is van mekaar afhanklik in die verrigting van spesifieke funksies, wat lei tot 'n verhouding van onderlinge same-

73/werking en

15) De Froe, A.: Inleiding tot de studie en de Beoefening der Anthropologie. (p.210, 274)

16) Dittmer, A.: op. cit. (p.46)

werking en respekbetoning. Die verhouding is deurgaans informeel en die vader word in alle gevalle beskou en erken as die hoof van die gesin.¹⁷⁾ Die vader is vanweë sy broodwinningsfunksie, grotendeels uithuisig met die gevolg dat die moeder die vertroueling van die kinders is. Die verhouding tussen die vrou en kinders is daarom meer intiem en informeel as met die vader. Verskeie vroue het aangedui dat die vader eintlik onwillig is om die kinders te tug en hulle bederf as hy tuis is. Die verhouding tussen die kinders onderling is ook informeel, dog die jongeres bejeën die oueres met respek vanweë hulle meerdere kennis. Ouer susters beklee veral 'n belangrike rol daar hulle 'n wakende oog oor die jongeres hou en grootliks help met hulle versorging.

3. Die samewonende eenheid.

Cilliers, beweer: „The mean size of Coloured households consisting of families only, seems to be approximately six persons.”¹⁸⁾

Wanneer die kinders egter opgroei, trou en die huis verlaat, wissel die aantal persone wat in die betrokke huis aangetref word. Vir die doel van hierdie ondersoek is vervolgens gelet op die samewoningseenheid. Die samewoningseenheid veronderstel dus 'n egpaar, hulle kinders en enige ander persoon wat om welke rede ookal, in dieselfde huis woon.

74/Tabel.

17) Steyn, A.F. meen dat daar by veral Kleurlinge in die laer strata 'n moeder gesentreerde gesin voorkom. In die „hoër strata” word 'n sinkreatiewe gesinstipe aangetref. „In Eersterust het almal egter op 'n direkte vraag gekonstateer dat die vader die hoof van die gesin is.

18) Cilliers, S.P. op. cit. (p.25)

- 74 -

AANTAL BEWONERS PER HUIS TE EERSTERUST.

Aantal persone	Aantal huise	%
1	1	1
2	3	3
3	10	10
4	13	13
5	19	19
6	17	17
7	13	13
8	8	8
9	5	5
10	4	4
11+	7	7
TOTAAL	100	100.0

Dit blyk uit die tabel dat in 27% van die huise daar minder as vyf persone woonagtig is, terwyl in 57% huise vyf tot agt persone en in 16% van die huiseen- hede meer as agt persone woon. *Die gemiddelde aantal persone per huiseenheid te Eersterust beloop 6.07 per- sone.

Cilliers het bevind dat bykans 'n kwart van die Kleurlingbevolking, behalwe die gesinslede, ook ander persone huisves. Hierdie persone is gewoonlik verwante en meestal ouers of kleinkinders. ¹⁹⁾

Sommige van hierdie kleinkinders is dikwels buite- egtelike kinders wat deur hulle grootouers versorg word.

75/In 'n ondersoek

‡ In 100 huise was daar 607 persone woonagtig.

19) Cilliers, S.P.: op. cit. (p.25)

In 'n ondersoek na Kleurlingbejaardes is 'n soortgelyke bevinding gemaak.²⁰⁾

In Eersterust het 35% van die huiseenhede, behalwe die gesinslede, ook ander persone gehuisves. In hierdie geval was dit ook meestal verwante, maar in hoofsaak broers en susters van òf die man òf die vrou.

„Whatever the reason for the presence of such additional members of households, it seems to be a fairly general phenomenon, which forms part of the family structure of the Coloured population.”²¹⁾

Steyn sien die rede hiervoor opgesluit in die historiese verlede van die Kleurling en sy ekonomiese posisie. Weens 'n lae ekonomiese peil van die gemeenskap kan daar nie voorsiening gemaak word vir losies-huise vir werkende jongmense, koshuise vir skoolgaande kinders en inrigtings vir bejaardes en nooddruftiges nie. Sy meen dat indien dit wel opgerig word dit nie die nodige ondersteuning sal kry nie vanweë hulle lae ekonomiese peil nie.²²⁾

*Die mees algemene rede wat die inwoners aangevoer het vir hierdie verskynsel was gegrond op ekonomiese oorweginge (51.4%). In sommige gevalle is die salaris ook onvoldoende. In 48.6% van die gevalle in Eersterust het dit geblyk dat die gesinne hulle minder goeie familieleden op die wyse probeer help. Deur hulle te help word hulleself egter ook gehelp, want die persone moet 'n deel bydra tot die bestryding van onkoste.

76/4. Die rol van

20) Van der Walt, T.: Die Lewensomstandighede van Kleurlingbejaardes, 1967. (p.41)

21. Cilliers, S.P.: op. cit. (p.25)

22. Steyn, A.F.: op. cit. (p.140)

* Hierby is huishoudings ingesluit waar die broodwinner oorlede is, die gesin verlaat het of met pensioen is.

4. Die rol van verwante in die gesin.

Die rol wat verwante in die Kleurlinggesin te Eersterust speel, is eintlik beperk tot hulpverlening by siekte en dood en die gee van geskenke oor en weer. Familielede help mekaar wanneer hulle met finansiële probleme te kampe het, en leen oor en weer van mekaar gebruiksartikels. Ongeveer 65% van die gesinseenhede het aangedui dat verwante mekaar bystaan in nood. Die meeste van die 35% gesinseenhede wat aangedui het dat familielede mekaar nie help nie, woon ver verwyderd van hulle verwante.

Die persoon wat deur die meeste gesinne aangedui is as die belangrikste vir die gesin, was die moeder van die vrou. Die suster van die man is ook verskeie kere aangedui as synde die belangrikste vir die gesin.

Meer as 68% van die gesinne het aangedui dat hulle minstens eenmaal per maand by familielede besoek aflê. Slegs 'n klein persentasie het aangedui dat hulle nooit by familielede besoek aflê nie. In laasgenoemde geval was dit weer eens van toepassing op gesinne wie se familie ver woon. Hierdie kuierpatroon is geensins eensydig nie, daar 75% aangedui het dat familielede hulle minstens eenmaal per maand besoek.

By die naamgewing van kinders speel verwante ook 'n belangrike rol. Ondersoeker was geïnteresseerd om te verneem in welke mate die Kleurling aan sy kinders familienamé gee. By hierdie ondersoek is slegs die oudste seun en dogter betrek. Dit het geblyk dat in 58% van die gevalle die oudste seun en dogter familienamé ontvang het. Die meeste seuns het die naam van hulle oupa aan vaderskant en dogters die ouma aan moederskant ontvang. In sommige gevalle is die oudste seun vernoem na die vader se broer of moeder se vader. Die oudste dogter word in sommige gevalle vernoem na die vader of moeder se suster. Dit is in-

77/teressant om

teressant om daarop te let dat waar 'n oudste seun 'n familienaam ontvang het dit deurgaans by die oudste dogter ook die geval was of omgekeerd.

In ongeveer 30% van die gevalle het die kinders 'n naam ontvang wat vir die ouers bloot 'n „mooi naam" was. Gevalle waar Bybelname aan die kinders gegee word is ook nie onbekend nie, terwyl veral lidmate van die Rooms-Katolieke kerk se kinders deur nonne name gegee is. Gevalle het voorgekom waar goeie vriende vernoem is terwyl in enkele gevalle selfs die name van Blanke werkgewers aan die kinders gegee is.

Samevattend kan gekonstateer word dat die Kleurling in Eersterust betreklik familiegeheg is.

IV. SOSIALE GROEPE ONVERBONDE AAN BLOEDVERWANTSAP.

1. Woongebiedsgroep.

Eersterust is 'n uitsluitlike Kleurlinggemeenskap. Dit het reeds uit die geskiedenis van Eersterust duidelik geblyk dat die toestand nie altyd was soos dit tans is nie, maar dat die betrokke inwoners in „gemengde gebiede" in en om Pretoria gewoon het. Aangesien nie alle Kleurlinge uit vrye wil hierheen verhuis het nie (vgl. Van der Walt, T. : Kleurlingbehuising in Eersterust, Pretoria 1966, hoofstuk VI) is aan die verskillende huishoudings gevra tussen watter bevolkingsgroep hulle die graagste sou wou woon. Met die uitsondering van een wat tussen Blankes wou woon, het almal verkies om tussen mede-Kleurlinge te woon.

Die redes wat hiervoor aangevoer is, is uiteenlopend van aard. Die mees algemene rede was dat hulle tussen eiesoortige mense wou woon. Ander redes wat aangevoer is, is in volgorde van belangrikheid korteliks die volgende: 78/(i).

* 'n Gebied waar Kleurling, Bantoe en Asiate deurmekaar gewoon het.

- 78 -

- (i) ander bevolkingsgroepe verstaan nie hulle taal
nie (uitsluitlik Afrikaans in 92% van die ge-
valle)
- (ii) hulle wil nie meng met ander bevolkingsgroepe
nie
- (iii) Hulle verstaan hulle eie mense beter en kom
daarom beter met hulle oor die weg
- (iv) hulle het tussen mede-Kleurlinge opgegroeï
en die Kleurling is beter gemanierd as ander
bevolkingsgroepe
- (v) ander bevolkingsgroepe skel hulle uit vir
„Boesmans"

Samevattend blyk dit dat byna al die Kleurlinge
in Eersterust verkies om tussen mede-Kleurlinge te
woon.²³⁾ Die mees algemene rede waarom hulle dit
verkies is, om die Kleurlingidoom te gebruik, dat
hulle „tussen hulle eie geslag" wil woon. Die ander
belangrike rede was dat die verskille t.o.v. taal en
lewenswyse met ander bevolkingsgroepe as 'n struikel-
blok gesien is.

Alhoewel byna almal verkies het om tussen mede-
Kleurlinge te woon, het 8% egter aangedui dat hulle
geen besware sou hê teen ander bevolkingsgroepe as
bure nie. Hierdie 8% het hoofsaaklik bestaan uit ge-
sinne waar 'n Kleurlingman met 'n Bantoevrou getroud
is. 'n Verdere 5% het 'n voorbehoud gehad wat hoof-
saaklik teen die Bantoe gemik was. In 87% van die
gevalle is uitdruklik gesê dat hulle beswaar het teen

79/enige nie-Kleur-

23) Alhoewel dit nie aan die proefpersone voorgehou
is dat die Blanke as verwysingsgroep uitgesluit
moet word nie, het feitlik almal aanvaar dat
dit geimpliseer word.

- 79 -

enige nie-Kleurlinge as bure.

Met hierdie tendens in gedagte, is aan die hoofde van huishoudings en hulle eggenotes gevra of hulle enige beswaar sou hê teen Bantoes of Indiërs wat hulle partytjies sou bywoon, en of hulle beswaar het teen bogenoemdes as huisvriende.

Beswaar teen Indiërs en Bantoes op partytjies.	54%
Geen beswaar teen Indiërs en Bantoes op partytjies.	37%
Voorbehoud gestel.	9%

TOTAAL.	100%
---------	------

Beswaar teen Indiërs en Bantoes as huisvriende.	55%
Geen beswaar.	35%
Voorbehoud gestel.	10%

TOTAAL.	100%
---------	------

Die patroon geopenbaar ten opsigte van bogenoemde aangeleenthede, slaan in 'n groot mate ooreen. Meer as die helfte van die Kleurlinge het beswaar teen Bantoes en Indiërs op hulle partytjies en as huisvriende. Ongeveer 10% het sekere voorbehoude daarop nagehou, wat hoofsaaklik teen die Bantoe gemik was.

Die redes wat aangevoer is waarom daar in die opsig minder beswaar gemaak is teen ander bevolkingsgroepe, is in volgorde van belangrikheid die volgende:

- (i) Alhoewel die meerderheid beswaar het teen ander bevolkingsgroepe as bure, werk hulle nogtans daaglik saam en is daar minder beswaar teen hulle op partytjies of as huisvriende.

80/(ii)

- 80 -

- (ii) Sommige persone het aangevoer dat hulle vroue Bantoes is, vader of moeder van 'n ander bevolkingsgroep is of dat hulle lank in „gemengde gebiede" gewoon het waar vriendskapsbande gesmee is wat nie sondermeer verbreek kan word nie.

Wanneer aan die Kleurling gevra word met watter mense hy vriende maak, dui 89% aan dat dit slegs Kleurlinge is, terwyl 11% aandui dat hulle met enige persoon vriende maak solank dit goeie geselskap bied.

Die meeste Kleurlingegesinne het aangedui dat hulle hoofsaaklik met hulle bure vriende maak, terwyl die volgende persone ook in aanmerking gekom het:

- (i) persone wat stil, goed geaard en goed gemanierd is
- (ii) slegs familieleden kom in aanmerking
- (iii) persone wat Christelik is en verkieslik aan dieselfde kerk behoort
- (iv) Enkeles het aangedui dat hulle vriende maak met mede-sportbeoefenaars, persone met dieselfde geleerdheid of verdienste en met ligvelliges.

Samevattend blyk dit dat die Kleurling verkies om tussen sy mede-Kleurlinge te woon maar omdat hulle saam met ander bevolkingsgroepe daaglik werk meer toegeeflik is teenoor hulle op partytjies en as huisvriende. Die meeste Kleurlinge maak vriende met mede-Kleurlinge en veral met hulle bure.

2. Verenigings.

- (a) Kultuurverenigings.

Deelname aan kultuurverenigings deur volwassenes, is in hoofsaak beperk tot kerklike verenigings en bestaan

81/uit; vroueverenigings . . .

uit; vroueverenigings, Sondagskoolonderwys, kerkkoor, vrouebidurgroepe en die kerkraad. Ongeveer 15% van die hoofde van huishoudings behoort aan een of ander kultuurvereniging, terwyl ongeveer 12% van hulle eggenotes hieraan deelneem.

Deelname aan kultuurverenigings deur kinders is meestal beperk tot kerklike verenigings soos kerkkore en Sondagskool maar veral tot verenigings wat onder leiding van die skool staan. Hierdie kulturele bedrywighede is debatsverenigings, volkspele, skoolkore en die Padvindersjeugbeweging.

(b) Sportverenigings.

Daar bestaan fasiliteite vir verskillende sportsoorte in Eersterust. Die fasiliteite vir die beoefening van die meer populêre sportsoorte soos sokker, atletiek, hokkie en tennis is waarskynlik nog nie heeltemal voldoende nie maar geniet die nodige aandag.

'n Klein persentasie (18%) van die hoofde van huishoudings beoefen sport of behartig die organisasie daarvan. Sokkerklubs het blykbaar die meeste beoefenaars terwyl 'n paar ook tennis speel. Die eggenotes van die hoofde van huishoudings is meer passief en slegs 'n baie klein persentasie bemoei hulle met sport.

Die meeste van die skoolgaande kinders word deur die skool by een of ander sportsoort betrek. Verskeie sokker-, hokkie-, korfbal-, krieket-, netbal- en atletiekspanne word deur onderwysers afgerig en georganiseer.

Samevattend blyk dit dat slegs 'n klein persentasie van die hoofde van huishoudings en hulle eggenotes aan sport deelneem of die organisasie daarvan behartig. Skoolgaande kinders beoefen ten minste een sportsoort per jaar. Dit blyk dat veral sokker die belangstelling van die volwassenes gaande maak, terwyl verskillende

82/sportsoorte 'n wye

sportsoorte 'n wye belangstelling onder skoolgaande kinders geniet. Die deelname aan kultuurverenigings is vir volwassenes te Eersterust tans hoofsaaklik beperk tot kerklike verenigings, terwyl die skoolgaande kinders 'n wye keuse kan maak uit wat die skool aanbied.

V. SAMEVATTING.

Uit die bespreking van die sosiale aspek van die Kleurlinge te Eersterust, kom ons tot die volgende gevolgtrekkings.

(i) Die sedelike peil, volgens Blanke standaarde, in Eersterust is laag omdat 52.5% van die ouers van gesins-eenhede aangedui het dat hulle buite-egtelike verkeer beoefen het voor 'n wettige huwelik. (Hierdie persentasie is saamgestel uit persone wat „voorkinders" verwek het sowel persone wat tans bloot saamleef).

(ii) Alhoewel buite-egtelike verhoudings nêrens goedgekeur of aangemoedig word nie, is dit 'n kenmerkende verskynsel onder die Kleurlinge. Die rede waarom dit so dikwels aangetref word, is juis omdat die openbare mening blykbaar onverskillig daarteenoor staan. By jongmense is daar ook onkunde oor die ware betekenis van die huwelik.

(iii) Die meeste Kleurlingvroue in Eersterust trou voordat hulle 22 jaar oud is. Die meeste Kleurlingmense trou na die bereiking van hulle vyf-en-twintigste lewensjaar.

(iv) Die ouers in Eersterust beseft die verantwoordelikheid wat die huwelik van 'n persoon verg. Hulle meen 'n persoon behoort te trou, eers wanneer hy die nodige verantwoordelikeheidsbesef besit. Vroue is vroeër ryp hiervoor as manlike persone.

- 83 -

(v) Die meeste Kleurlinge trou sonder om eers verloof te raak. Waar dit wel voor kom oorhandig die bruidegom 'n ring en of 'n polshorlosie as sigbare simbool van die verbintenis. Die viering is meestal 'n familie-aangeleentheid en vind plaas by die huis van die aanstaande bruid.

(vi) In gevalle waar Kleurlingmans met Bantoevroue getroud is, het 'n groot persentasie 44.4% trougedere gelewer wat wissel van R20 - R40.

(vii) Die meeste Kleurlinge sluit 'n kerklike huwelik (74.4%).

(viii) Die huwelik word by 80% gevier deur een of ander funksie wat wissel van 'n familie-aangeleentheid tot 'n groot sosiale gebeurtenis.

(ix) Die inwoning na die huwelik is gewoonlik of matrilokaal of patri\lokaal en neig daarna na neolokaal.

(x) Baie min Kleurlinge skei wetlik, dog dit verhoed nie dat die betrokke persone saam met nuwe metgeselle 'n redelik stabiele gesinslewe voer nie.

(xi) Die gemiddelde gesinsgrootte by Kleurlinge is ses persone, terwyl die gemiddelde aantal persone per huis in Eersterust ook ses persone is.

(xii) Die Kleurling te Eersterust is familiegeheg.

(xiii) Die Kleurling verkies om tussen mede-Kleurlinge te woon, met mede-Kleurlinge te trou, maar is meer toegesig teenoor ander bevolkingsgroepe waar dit sosiale-aangeleenthede aangaan. Die rede hiervoor is dat dit 'n tydelike assosiasie verteenwoordig.

(xiv) Kultuur- en sportverenigings vind nie veel byval by hoofde van huishoudings en hulle eggenotes nie, dog

84/dit vind groot

dit vind groot byval by skoolgaande kinders, veral waar dit onder leiding van die skool geskied.

(xv) Daar is alle aanduidings dat 'n groepsgevoel onder die Kleurlinge aanwesig is en dat dit besig is om te groei en te ontwikkel.

(xvi) 'n Algemene verskynsel wat by die Kleurlingbevolking aangetref word, is dat daar afgesien van die gesinslede, ook ander persone gehuisves word binne dieselfde woning. In Eersterust is hierdie persone meestal broers en susters van of die man of die vrou, maar elders is dit blykbaar meestal ouers of klein-kinders.

(xvii) Die huwelik is nie 'n noodsaaklike voorvereiste vir die verwekking van kinders by die Kleurling nie.

HOOFSTUK V.

DIE EKONOMIESE ASPEK.

I. INLEIDING.

„Die geskiedenis van alle nywerheidslande leer ons dat die industrialisasieproses met 'n grootskaalse bevolkingsverskuiwing van die platteland na die stede gepaard gaan. In Suid-Afrika het ons gedurende die afgelope paar dekades dieselfde tendens waargeneem.“¹⁾

By die Kleurlinggemeenskap het die 1921 sensus getoon dat daar 45,612 meer Kleurlinge op die platteland woonagtig was as in die stede. In 1936 was daar reeds 60,153 meer Kleurlinge in die stedelike gebiede woonagtig as wat daar op die platteland was. Tans is die posisie so dat nagenoeg twee-derdes van die totale Kleurlingbevolking in stedelike gebiede woonagtig is, waar hulle 'n belangrike funksie vervul in die dienste- en bedryfslewe.

Uit bogenoemde kan afgelei word dat die Kleurlinge, in die verlede, hoofsaaklik op die platteland woonagtig was. 'n Groot aantal Kleurlinge het aanvanklik op Blanke plase as plaasarbeiders gewerk maar met die toename in kindertal kon daar nie aan almal arbeid voorsien word op die plase nie. Die Kleurlinge wat in bona fide Kleurling areas bly woon het, het as gevolg van swak boerderykennis ook probleme ondervind en meer en meer na die stede verhuis.²⁾

86/Die hoër vergoeding . . .

1) Theron, E. en Swart, M.: Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika. (p.35)

2) 'n Interessante verskynsel is dat hierdie Kleurlinge via die dorp na die stad migreer. Van der Walt.T.: Die lewensomstandighede van Kleurlingbejaardes, 1967. (p.18)

Die hoër vergoeding, wat die steeds uitbreiende werksgeleenthede in die ontwikkelde sekondêre nywerhede meegebring het, het 'n heenkome gebied wat nooit vir hulle in die landelike gebiede sou bestaan het nie.³⁾ Hierdie tendens van verstedeliking duur vandag nog voort en soos Suid-Afrika verder industrialiseer, sal steeds meer van die Kleurlingbevolking na die stede gelok word.

II. EKONOMIESE AGTERGROND EN BEROEPSVERSPREIDING.

1. Onderwyspeil.

Die onderwyspeil van slegs die hoofde van huishoudings en hulle eggenotes is geneem. In gevalle waar een van die eggenote oorlede is of die gesin verlaat het, is die betrokke oorledene of verlater se onderwyspeil buite rekening gelaat.

ONDERWYSPEIL VAN DIE HOOFDE VAN HUISHOUDINGS EN HULLE EGGENOTES TE EERSTERUST.

Kwalifikasies.	Manlik	%	Vroulik	%
Geen	5	5.8	13	13.1
Sub A - St.I	3	3.5	3	3.0
St.II	2	2.3	3	3.0
St.III	5	5.8	7	7.1
St.IV	6	7.0	17	17.2
St.V	10	11.6	15	15.2
St.VI	27	31.4	19	19.2
St.VII	9	10.5	12	12.1
St.VIII	8	9.3	8	8.1
St.IX	2	2.3	2	2.0
St.X	2	2.3	-	-
St.X + Onderwysdip.	6	7.0	-	-
St.X + Graadkursusse.	1	1.2	-	-
TOTAAL.	86	100.0	99	100.0

3) Hierdie hoër vergoeding is slegs relatief. In die stad kry hulle 'n hoër kontant vergoeding maar geen byvoordele („fringe benefits”) soos huisvesting en voedselrantsoene nie.

Uit die tabel blyk dit dat 64% van die hoofde van huishoudings se onderwyspeil St.VI of hoër is, terwyl 58.6% van hulle eggenotes se onderwyspeil laer is as St.VI. Dit blyk ook dat 10.5% van die manlike persone in St.X - sertifikaat of hoër kwalifikasie besit terwyl geen vroulike persoon dit het nie. 'n Groter persentasie vroulike persone het geen opleiding gehad nie in vergelyking met hulle eggenotes. Dit wil voorkom asof die meeste Kleurlinge die skool verlaat na die voltooiing van St.VI (24.9%). Bykans 'n kwart van die Kleurlingbevolking in Eersterust is in besit van minstens 'n standaard VI - sertifikaat.

Botha het bevind dat 5.3% van alle manlike Kleurling volwassenes in Eersterust, geen skool opleiding gehad het nie. Hy bevind ook dat 57.8% van die totale manlike Kleurlinge 'n onderwyskwalifikasie, wat wissel van St.VI tot St.X, het.⁴⁾ *Daar is dus 'n groot mate van ooreenstemming.

Die ouers se mening is vervolgens ingewin oor die standaard wat hulle kinders behoort te slaag. Besware dat hulle nie finansieel in staat is om die kinders verder te laat leer nie of dat sommige kinders nie verder wil leer nie, is hier buite rekening gelaat. Dit is aan die ouers gestel dat, afgesien van watter besware ookal, hulle mening ingewin wil word oor watter onderwyskwalifikasie nodig is vir hulle kinders om teegerus te wees vir die lewe. Slegs persone wat kinders het, is gevra om hierdie vraag te beantwoord. Interessantheidshalwe kan genoem word dat daar meer gesinne was wat nie seuns gehad het as wat daar gesinne was wat nie dogters gehad het nie.

88/Dit blyk

4) Botha, A.J.J.: Enkele Sosiologiese Aspekte van die Vryetydsbesteding van manlike Kleurlinge. (p.35)

* Botha het net die onderwyspeil van volwasse manlikes geneem.

- 88 -

Dit blyk dat daar 'n verskil bestaan ten opsigte van die verwagting vir seuns en dogters t.o.v. kwalifikasies.

OUERAANDUIDING VAN GEWENSDE KWALIFIKASIES VIR
HULLE KINDERS.

Kwalifikasie.	Seun	%	Dogter	%
Minder as St.VI	-	-	4	4.5
St.VI - VII	6	7.0	14	15.7
St.VIII	18	20.9	28	31.5
St.IX - X	46	53.5	36	40.4
Graad.	15	17.4	6	6.7
Ongespesifiseerd	1	1.2	1	1.1
TOTAAL.	86	100.0	89	99.9

Uit die tabel blyk dit dat geeneen van die ouers meen dat 'n kwalifikasie minder as St.V genoegsaam is vir hulle kinders om toegerus te wees vir die lewe nie. Slegs 4.5% van die ouers het aangedui dat St.V genoegsaam is vir hulle dogters.

Meer as die helfte (53.3) van die ouers, het aangedui dat 'n seun minstens St.X moet slaag. In die geval van dogters het ongeveer die helfte van die ouers (51.7%), gemeen dat hulle St.VIII of minder moet slaag terwyl 47.2% aangedui het dat hulle dogters kwalifikasies van hoër as St.VIII moet verwerf.

Die verwerping van 'n akademiese graad as minimum vereiste, het meer voorgekom t.o.v. seuns as ten opsigte van dogters.

Samevattend blyk dit dus asof die Kleurlingouer in Eersterust meen dat seuns goed gekwalifiseerd moet wees, terwyl dit nie so noodsaaklik geag word vir dogters nie. Die rede hiervoor moet gesoek word in die feit dat sommige ouers meen dat dit 'n verspilling van geld en tyd

89/is om dogters

is om dogters goed te kwalifiseer. Dit word aangevoer dat die dogters tog almal na die huwelik huisvrouens sal word. Dit blyk ook dat die ouers deurgaans van hulle kinders hoër kwalifikasies verwag as waartoe hulleself in staat was. Dit skets 'n bemoedigende prentjie vir die toekoms, indien dit verwesenlik kan word. Daar bestaan geen rede, veral in die lig van wat vir die Kleurling in die vooruitsig gestel is. waarom dit nie verwesenlik kan word nie.

„Een van die redes waarom die Kleurling nog nie groter ekonomiese opgang gemaak het nie, is hulle lae gemiddelde onderwysstandaard. Volgens die Sosiale en Ekonomiese Planneraad is daar geen bewys dat dit toegeskrywe moet word aan onwilligheid om van die beskikbare fasiliteite gebruik te maak nie. Dit is waar dat ouers deur ekonomiese noodsaak soms gedwing word om hulle kinders op 'n vroeë leeftyd uit die skool te haal om die gesinsinkomste aan te vul, maar bogenoemde stelling skyn nogtans 'n oordrywing te wees.“⁵⁾

2. Werkslokaliteit.

*Die meeste vroue wat 'n vaste betrekking beklee, werk in een of ander voorstad van Pretoria (55.0%). Die res, naamlik 45%, werk in die middestad. Die gevolg hiervan is dat bykans alle werkende vroue, soggens vroeg hulle tuistes verlaat en eers smiddae laat tuis kom.

Die werkslokaliteit van hoofde van huishoudings verskil met dié van hulle eggenotes. Daar is bevind dat 46.7% van die werkende manlike persone in die middestad werksaam is terwyl 33.3% in voorstedelike 90/gebiede werk.

5) Theron, E. e.a. : op. cit. (p.85)

* Die meeste van die werkende vroue behoort tot die dienstenywerheid en dit is hoofsaaklik in die voorstede.

- 90 -

gebiede werk. Hierdie voorstede is hoofsaaklik Silverton, Hercules, Pretoria-Noord en Pretoria-Wes. 'n Verdere 14.7% is in Eersterust werksaam en verteenwoordig hoofsaaklik onderwysers en selfgeëmplojeerdes. Dit blyk ook dat 5.3% buite Pretoria, sover as Johannesburg, werksaam is.

Samevattend blyk dit dat die meeste hoofde van huishoudings in die middestad van Pretoria werk terwyl die meeste van hulle werkende eggenotes in voorstedelike gebiede werksaam is.

3. Beroepsverspreiding.

Die beroepsverspreiding van slegs die hoofde van huishoudings en hulle eggenotes is hier betrek.

a. Die hoofde van huishoudings.

Vir die beroepsindeling het die ondersoeker hoofsaaklik die indeling van Botha, A.J.J. gebruik.⁶⁾

BEROEPSVERSPREIDING VAN HOOFDE VAN HUISHOUDINGS.

* Beroep.	Ondersoekgroep.	
	Getal.	%
Professionele werkers.	6	7.0
Semi-professionele werkers.	10	11.6
Arbeiders.	52	60.5
Selfgeëmplojeerdes.	7	8.1
Pensioenaris.	5	5.8
Werkloses.	6	7.0
TOTAAL.	86	100.0

6) Botha, A.J.J. : op. cit. (p.37)

Uit die tabel blyk dit dat die grootste gedeelte (60.5%) van die manlike persone arbeiders is, terwyl slegs 7.0% professionele werkers is.

Wanneer slegs die werkende persone geneem word, verander die prentjies aansienlik. So bereken vorm die arbeiders 69.3% van al die werkende manlike persone in Eersterust en die professionele werkers 8.0%. Die semi-professionele werkers maak 13.3% en die selfgeëmplojeerdes 9.3% uit van die totale aantal werkers. Hierdie bevinding stem in 'n groot mate ooreen met die bevindinge van Botha behalwe dat die arbeiders persentasiegewys effens minder en die professionele werkers effens meer is in hierdie ondersoek.⁷⁾

Die professionele werkers in Eersterust is hoofsaaklik onderwysers. Die selfgeëmplojeerdes is hoofsaaklik; motorwerktuigkundiges, bouaannemers, algemene handelaars, kleremakers en groente- en steenkool-92/verkopers.

* Vir die doel van hierdie ondersoek is die beroepe as volg gegroepeer.

Professionele werkers: Onderwysers, instrukteurs, godsdienstige werkers, bibliotekaris, sosiale werkers ens.

Semi-professionele werkers: Bestuurders van ondernemings, klerke, winkelassistente, handelsreisigers, polisie, kelners, kokke, kroegmanne, ens.

Arbeiders: Steengroefwerkers, bestuurders van vragmotors, busse, ens., huisbediendes, tuinwerkers, skoonmakers, bodes, bouwerkers, motorwerktuigkundiges, kleremakers, masjien operateurs, munisipale arbeiders, skilders, skoenmakers, arbeiders by leerslooiers of orrelbouers, ens.

Selfgeëmplojeerdes. Alle persone wat vir hulleself werk en nie vir 'n werkgever nie.

- 7) Hy bevind 3.9% is professionele werkers en 74.1% is arbeiders Botha, A.J.J. : op. cit. (p.37)

verkopers. Behalwe die algemene handelaars en in 'n mate die bouaannemers, het die meeste ander besighede ten tye van die ondersoek gesukkel om kop bo water te hou. Die rede hiervoor is voor die handliggend. Daar is baie min van hulle wat die nodige opleiding besit om werklik leiding te gee terwyl die gebrek aan kapitaal 'n groot struikelblok is.

In die geval van werkloses, is bevind dat die meeste reeds oor die ouderdom van 50 jaar was en dat sommige hiervan sieklik was. In twee gevalle het die persone aangedui dat hulle werkloos geword het vanweë agterloosigheid.

b. Eggenotes van hoofde van huishoudings.

*Daar is bevind dat meer as drie-kwart (79.8%) van bogenoemde huisvroue is. Slegs 20.2% van die vroulike persone in Eersterust het tydens die ondersoek 'n beroep beoefen. Sommige huisvroue het egter aangedui dat hulle sporadies 'n beroep beoefen maar tans nie belangstel in 'n vaste betrekking nie.

Steyn sê die grootste persentasie van die werkende vroue bestaan uit ongetroude en geskeide vroue en vroue wat getroud is maar nog geen kinders het nie - die sogenaamde „leë nes” stadium.⁸⁾ Hierdie bevinding kan ten volle onderskryf word.

In Eersterust is bevind dat 55% van diegene wat 'n beroep beoefen aan die dienstenywerheid verbonde is. Dit sluit dus vroue in wat huiswerk, wasgoed en strykwerk vir Blankes doen asook persone wat verpakkingswerk doen of as kelderinne optree. 'n Verdere 30% is fabriekswerkers terwyl die oorblywende gedeelte klere-maaksters of onderwyseresse is.

93/Muller het

* Dit sluit ook vroue in wat pensioen ontvang.

8) Steyn, A.F. : op. cit. (p.287)

Muller het bevind dat daar, in die geval van Kleurlingvroue, 'n redelike groot persentasie werkers in die dienstenywerheid aangetref word. Hy noem ook dat die fabriekswese 'n nywerheidsfaktor is waaraan ongeveer 20% van die ekonomiese bedrywige Kleurlingvrouens verbonde is.⁹⁾ In die breë stem dit dus ooreen met bevindinge in hierdie ondersoek.

4. Rede vir die beroepskeuse.

Op 'n vraag, om watter rede die hooftde van huishoudings die spesifieke beroep beoefen waarin hulle staan, is die volgende aanduidings ontvang:

In 32% van die gevalle het die persone aangedui dat hulle hulle huidige beroep beoefen as gevolg van omstandighede. Hierdie omstandighede was gewoonlik dat dit die enigste werk was wat hulle kon kry, weens liggaamlike swakheid daartoe gedwing of omdat hulle die geleerdheid ontbreek om 'n beter betrekking te bekom.

Ander redes wat aangevoer is, is persentasiege- wys die volgende:

- (i) 14.7% het aangedui dat hulle hulle huidige beroep beoefen omdat hulle beter besoldig word as in die beroepe wat hulle vroeër beklee het.
- (ii) 17.3% het aangedui dat hulle vaders of familie- lede die spesifieke beroepe beoefen het.
- (iii) 14.7% het aangedui dat hulle die beroep be- oefen omdat hulle daarvan hou.

94/(iv)

9) Muller in Theron, E. e.a. : op. cit. (p.39)

(iv) 12.0% het aangedui dat hulle spesifiek daarvoor opgelei is, 'n belangstelling daarvoor en 'n aanleg daarin het.

(v) 9.3% het aangedui dat hulle selfstandig wil wees en het om hierdie rede met hulle eie besighede begin.

Dit wil dus voorkom asof 32% van die totale aantal hoofde van huishoudings, deur omstandighede gedwing is om 'n spesifieke beroep te beoefen wat hulle andersins nie self sou kies nie. Die grootste struikelblok wat ondervind is, was dat hulle nie die nodige kwalifikasies of opleiding vir die werk wat hulle die graagste wou doen, gehad het nie.

Die oorgrote meerderheid (68%) beoefen egter hulle beroepe vanweë besondere aanleg, belangstelling, opleiding en persoonlike voorkeur.

*In die geval van die eggenotes van hoofde van huishoudings, het die persone die spesifieke beroep beoefen weens die feit dat hulle vertrouwd was met die werk daaraan verbonde. Naas ander minder belangrike redes is bevind dat hulle in hoofsaak 'n beroep beoefen om die gesinsinkomste aan te vul. Dit het duidelik geblyk uit die antwoorde op die vraag oor watter beroepe hulle die graagste sou wou beoefen. Die meerderheid het aangedui dat hulle eerder huisvroue sou wou wees. Dit sou meebring dat hulle tuis hulle kinders kan versorg en hulle huislike pligte na behore nakom.

Dit blyk dus dat die eggenotes van hoofde van huishoudings, in bykans alle gevalle, slegs werk omdat hulle sodoende die gesinsinkomste kan of moet aanvul. Wanneer hulle egter verplig word om te gaan werk beoefen hulle beroepe wat hulle voor hulle huwelike be-

95/oefen het of

* Uit die ondersoek het geblyk dat meer as die helfte van die ekonomiese bedrywige vroue in die dienste-nywerheid aangetref word.

oefen het of betree die dienstenywerheid. Indien hulle egter voor 'n keuse van beroep gestel word, verkies hulle om huisvroue te wees eerder as om 'n beroep te beoefen.

5. Voorkeurberoepe.

Die ondersoeker het hier gepoog om vas te stel watter beroepe deur die Kleurling as statusberoepe beskou word. Aanvanklik is aan die proefpersone gevra om aan te dui watter beroep hulle die graagste sou wou beoefen. Ten spyte van uitvoerige verduidelikings het dit geblyk dat die meerderheid van die Kleurlinge, hulle nie in die situasie kon indink nie. Vanweë die feit dat hulle hulle moeilik kon losmaak van hulle besondere omstandighede blyk dit dat hulle in 'n groot mate konkreet dink. Ouer persone veral, het met die vraag geworstel en bykans altyd gesê dat hulle weer hulle huidige beroep sou wou beoefen. Dit sou uit die aard van die saak verkeerd wees om te konstateer dat die Kleurlinge in Eersterust hulle eie beroepe as voorkeurberoepe beskou. Antwoorde op hierdie vrae is om hierdie rede nie in berekening gebring nie dog die beroepskeuse van die ouers vir hulle kinders is geneem om die beroepsvoorkeur te bepaal. Hierdie vraag was meer konkreet en het min probleme opgelewer.

(a) Voorkeurberoepe vir manlike persone.

Die meeste ouers (35.0%) het aangedui dat indien hulle kon kies, hulle sou wou sien dat hulle seuns onderwysers moet word. Vervolgens het 28.8% verkies dat hulle seuns ambagsmanne moet word. Die ambagte wat meestal aangedui is, was die van skrynwerker, motorwerktuigkundige, mosselaar of kabinetmaker. Die mediese beroep is deur 13.8% aangedui terwyl beroepe soos predikant, kantoorwerker, prokureur en bewaarder in volgorde van belangrikheid hiernaas genoem is.

96/Daar was 8.9%

- 96 -

Daar was 8.9% van die ouers wat geen voorkeur-beroep wou aandui nie omdat hulle nie omgee watter beroepe hulle seuns volg nie.

(b) Voorkeurberoepe vir vroulike persone.

Die meeste ouers (60.3%) verkies ~~het~~ dat hulle dogters verpleegsters moet word. Hiernaas het 26.0% aangedui dat hulle dogters onderwyseres moet word en 9.6% van die ouers het aangedui dat hulle graag sou wou sien dat hulle dogters kleremaaksters moet word. In volgorde van belangrikheid, is hiernaas ook die volgende beroepe aangedui; tikster, fabriekswerkster, huisvrou, mediese dokter en sosiale werkster. 'n Geringe persentasie het aangedui dat hulle nie weet watter beroepe hulle dogters behoort te kies nie.

6. Werkgewerskeuse.

Die werkgewerskeuse van alle hoofde van huishoudings en hulle eggenotes is gevra en die Kleurling, Asiaat, Bantoe en Blanke is as moontlike werkgewers genoem.

Die oorgrote meerderheid manlikes (86.0%) sowel as vroulikes (88.8%) het aangedui dat hulle die graagste vir Blankes sou wou werk. Die Kleurling as werkgewer is deur 4.7% van die manlikes en 6.3% van die vroulikes as voorkeurwerkgewers genoem. 'n Verdere 3.5% van die manlikes en 3.8% van die vroulikes het geen voorkeur van werkgewer aangedui nie terwyl 5.8% van die manlikes aangedui het dat hulle liever vir hulleself sou werk.

Geeneen van die manlikes of vroulikes het aan die Bantoe of Asiaat as werkgewer voorkeur gegee nie.

Die vernaamste rede waarom die manlikeproefpersone die Blanke as werkgewer verkies het, is in volgorde van belangrikheid die volgende:

(i) sekuriteit t.o.v. die verdienste.

97/(ii)

- (ii) Blankes betaal beter salarisse.
- (iii) Blankes is eerliker, opgevoed en behandel die Kleurling goed.
- (iv) Enkele persone het aangedui dat „die Here die Blankes bo ons gestel het“, „die Blankes is hoër as ons“, Blankes is nie jaloers nie, Blankes kyk nie op die Kleurling neer nie en Blankes stel belang in die vooruitgang van die Kleurling.

Diegene wat aangedui het dat hulle die graagste vir Kleurlinge sou wou werk, het almal aangevoer dat hulle graag vir mede-Kleurlinge wil werk.

Die vernaamste rede waarom die vroulike proefpersone die Blanke as werkgewer verkies het, is in volgorde van belangrikheid die volgende:

- (i) sekuriteit t.o.v. verdienste
- (ii) Blankes is eerlik en behandel die Kleurlinge goed
- (iii) Blankes gee 'n beter besoldiging.

Diegene wat aangedui het dat hulle eerder vir Kleurlinge wil werk, het aangevoer dat Kleurlinge onderling beter met mekaar oor die weg kom.

Insiggewend is dat ongeveer 10% van die totale aantal proefpersone, ongevraagd aangedui het dat hulle nooit vir iemand anders as 'n Blanke sal werk nie. Vroue het veral hierdie standpunt gehuldig. Die redes wat hier aangevoer is, is dat ander bevolkingsgroepe en selfs mede-Kleurlinge neerkyk op hulle werknemers. Sommige persone het so ver gegaan om te sê dat hulle geen bevele van enige nie-blanke sal neem nie.

98/Dit blyk dus

Dit blyk dus dat die Blanke, in die meerderheid van gevalle, verkies word as werkgewer. Die rede hiervoor lê opgesluit in die historiese verlede van die Kleurling en hou ook verband met die kapitaalkragtigheid van die Blanke. Dit is bemoedigend dat daar wel persone is wat voorkeur gegee het aan mede-Kleurlinge as werkgewers, veral as ons in gedagte hou dat hulle bewus daarvan is dat die Kleurlinge nie so kapitaalkragtig is nie. Die rede waarom die Bantoe of Asiaat nie as voorkeurwerkgewer genoem word nie, hang saam met die standpunt van die Kleurling dat sy heil eerder by die Blanke as by die Nie-blanke lê. Dit blyk dat vroue meer besorg is oor die algemene behandeling wat hulle van werkgewers ontvang as die grootte van die salaris.

Samevattend blyk dit dat die meeste hoofde van huishoudings onder die hoof „arbeiders" geklassifiseer kan word terwyl die meeste van hulle eggenotes huisvroue is.

Die meeste vroue wat ekonomies bedrywig is, werk in die onmiddellike voorstede van Pretoria, terwyl die meeste werkende mans, in die middestad werk.

Meer as die helfte van die werkende vroue is aan die dienstenywerheid verbonde[‡]. Hierdie werkende vroue beoefen hoofsaaklik 'n beroep om die gesinsinkomste aan te vul en verkies om werk te doen waarmee hulle vertroud is.

Dit blyk dat die meeste Kleurling manlikes hulle huidige beroep beoefen vanweë besondere aanleg, belangstelling, persoonlike voorkeur en omdat opleiding daarin ontvang is.

99/Die statusberoep . . .

‡ Werk waarmee feitlik almal vertrou is, is huiswerk vandaar die hoë persentasie persone in die dienstenywerheid.

Die statusberoepe onder die Kleurlinge, is die beroep van onderwyser en ambagsman vir manlikes en verpleegster en onderwyseres vir vroulike persone.

Die grootste gedeelte van die Kleurlingbevolking in Eersterust verkies om vir 'n Blanke te werk terwyl 'n geringe persentasie aangedui het dat hulle graag vir 'n mede-Kleurling sou wou werk. Daar is geen voorkeur aan Bantoe of Asiate as werkgewers gegee nie. Die Blanke is deur beide manlikes en vroulikes verkies omdat hulle dan seker sou wees van hulle besoldiging. Verder is aangevoer dat die Blanke hulle beter kan besoldig en in die algemeen goed behandel.

III. INKOMSTE : BRONNE, AARD EN AANWENDING.

1. Inkomste.

Vir die doel van hierdie ondersoek is die inkomste van die hoof van die huishouding en sy eggenote geneem as basis. Dit is nie van belang geag vir hierdie ondersoek om te bepaal wat die afsonderlike verdienste van manlike en vroulike persone is nie. Persone wat tydelik werkloos was se laaste maandelikse inkomste is in berekening gebring. Dit moet in gedagte gehou word dat in sommige gevalle die manlike broodwinner reeds oorlede is, die gesin verlaat het of gepensioeneer is.

„It is generally accepted that a complete and accurate picture of the economic position of any population group is very difficult to obtain. People are naturally relatively reticent about matters pertaining to their financial circumstances and generally tend to understate when supplying information about this subject.”¹⁰⁾

100/ Tabel.

10) Cilliers, S.P. : The Coloureds of South Africa
(p.45)

- 100 -

MAANDELIKSE INKOMSTE VAN DIE HOOFDE VAN HUIS-
HOUDINGS EN HULLE EGGENOTE SONDER
'N BYVERDIENSTE.

Inkomste.	Aantal.	%
Minder as R31	22	22.0
R31 - 40	16	16.0
R41 - 50	10	10.0
R51 - 60	14	14.0
R61 - 70	4	4.0
R71 - 80	13	13.0
R81 - 90	2	2.0
R91 - 100	4	4.0
R101 - 110	2	2.0
R111 - 120	4	4.0
R121 - 130	2	2.0
R131 - 140	2	2.0
R141 en meer	5	5.0
TOTAAL.	100	100.0

Uit bostaande tabel blyk dit dat 62.0% van die Kleurlinggesinseenhede minder as R61 per maand verdien. Van die totale gesinseenhede, ontvang 15.0% meer as R100 per maand en verdien 5% meer as R140 per maand.

Gereken teen die gemiddelde aantal persone per huiseenheid, is hulle inkomste oor die algemeen laag. Dit is daarom te verstane dat die kerngesin se inkomste op een of ander wyse aangevul moet word indien 'n menswaardige bestaan gemaak wil word. Daar is bevind dat 65% van die gesinseenhede inderdaad hulle basiese inkomste aanvul deur byverdienste en die inname van
* „loseerders.”

101/Hierdie byverdienste

* Dit sluit in verwante wat inwoon sowel as werkende kinders wat 'n bydrae lewer tot die gesinsinkomste.

- 101 -

Hierdie byverdienste het persentasiegewys uit die volgende bestaan:

- (i) 41.5% van die gesinseenhede het hulle basiese inkomste aangevul deur finansiële hulp van inwonende werkende kinders te ontvang.
- (ii) 30.8% van die gesinseenhede se hoofde het 'n verdienste verkry deur loswerkies te verrig. Dit het gewoonlik bestaan uit die herstel van skoene en elektriese toebehore, terwyl die doen van naaldwerk, breiwerk en houtwerk ook algemeen voorgekom het.
- (iii) 6.2% het aangedui dat die moeder sporadies werk verrig - gewoonlik was- of strykwark vir Blankes.
- (iv) 21.5% ontvang finansiële hulp van familieleden wat inwoon of hulle kinders hier laat inwoon. Hier onder is ook ingesluit die bydraes van gepensioeneerde ouers wat inwoon.

Gesien teen die agtergrond van bogaande uiteensetting beweer Cilliers ten regte; ". . . it is estimated that about half of the urban Coloured people are in need of basic necessities."¹¹⁾

Die gemiddelde inkomste van 'n gesinseenheid in Eersterust is ongeveer R60 per maand. Dit sluit byverdienste uit.

2. Besteding van inkomste.

a. Voedsel.

Alhoewel sommige gesinne nie maandeliks voedsel-
102/voorrade aankoop

11) Cilliers, S.P. : op. cit. (p.28)

voorrade aankoop nie, is dit om praktiese redes daartoe herlei en bereken. Voedsel in hierdie onderhawige geval beteken alle kosvoorrade wat gedurende die maand gekoop word en sluit onder meer vleis, melk, groente en kruideniersware in.

GESINSBESTEDING AAN VOEDSEL PER MAAND.

Bedrag	Aantal	%
R0 - R15	5	5.0
R16 - 20	15	15.0
R21 - 25	18	18.0
R26 - 30	23	23.0
R31 - 35	10	10.0
R36 - 40	20	20.0
R41 - 45	-	-
R46 - 50	2	2.0
R51 en meer	7	7.0
TOTAAL.	100	100.0

Uit die bostaande tabel blyk dit dat 61.0% van die gesinseenhede minder as R31 per maand aan voedsel bestee. Slegs 'n klein persentasie van die gesinseenhede bestee minder as R15 per maand en 'n klein persentasie meer as R50 per maand. Die gemiddelde besteding van 'n huisgesin aan voedsel beloop dus R29 per maand.

Die meerderheid gesinne (66%) koop weekliks hulle voedselvoorrade aan terwyl 34.0% dit maandeliks aankoop. Hierdie patroon van koop hang nou saam met die wyse waarop die broodwinner besoldig word. Die meeste Kleurlingbroodwinners word weekliks besoldig en die begroting word dien ooreenkomstig beplan. Hierdie patroon sluit nie alledaagse verbruiksgoedere soos melk maar hoofsaaklik brood in nie.

103/Die aankoop

Die aankoop van voedsel geskied hoofsaaklik op 'n kontantbasis (97.0%) terwyl slegs 3.0% van die totale gesinseenhede deur middel van 'n rekening koop.

*In 34.0% van die gevalle word die kruideniersware in die middestad van Pretoria gekoop terwyl 31% hulle aankope in Silverton doen. Slegs 26% van die gesinseenhede koop hulle kruideniersware in Eersterust. Behalwe laasgenoemde koop al die gesinne by die sogenaamde „kettingwinkels.” Brood, en in sommige gevalle melk, word meestal in Eersterust gekoop of as 'n persoon iets dringend benodig. Die rede waarom die persone hoofsaaklik by die sogenaamde „kettingwinkels” koop, is omdat hulle as goedkoper beskou word. Hierdie besparing word egter in 'n groot mate uitgewis deur vervoertariewe na die betrokke winkels.

Steyn beweer tereg, dat die vrou in die meerderheid van gevalle die persoon is wat die voedselvoorrade aankoop en wat besluit oor die hoeveelheid en soort wat benodig word.¹²⁾ In Eersterust word hierdie stelling bewaarheid deur dat in 79.0% van die gevalle die moeder hierdie rol vervul. Slegs in 10% van die gevalle was dit die plig van die man terwyl 11.0% aangedui het dat dit die gesamentlike plig van die man sowel as die vrou is.

Die ontbyt van 'n gemiddelde Kleurlinggesin bestaan gewoonlik uit slap pap met melk gevolg deur brood en tee. Variasies is egter ook hier moontlik, soos die bak van eiers of tamaties maar dit kom meer voor by die gegoede Kleurlinge. In meeste van die gevalle word van poeiermelk of gekondenseermelk gebruik gemaak aangesien dit goedkoper is. Die feit dat dit slap pap („porridge”) is, is sterk deur die persone beklemtoon omdat hulle nie wou hê die onder-

104/soeker moet dit

* 9% het aangedui dat hulle hulle kruideniersware elders koop.

12) Steyn, A.F. : op. cit. (p.301)

soeker moet dit verwar met die stywe pap van die Bantoe nie. Tee word in sewentig persent van die gevalle saam met ontbyt genuttig.

Tydens middagete kook ongeveer 20% van die moeders. In meeste van hierdie gevalle word die corblyfsels weer opgewarm en tesame met ander gekookte kos tydens aandete genuttig. Die middagete van die gemiddelde Kleurlinggesin bestaan uit brood met byvoorbeeld tamaties, konfyt of koue vleis daarby. Soms word ook „bebbies” (soort vetkoek) vir middagete voorberei. 'n Driekwart van die gesinseenhede nuttig tee met middagete terwyl slegs 10.0% koffie drink en 14% niks na ete drink nie.

Die meeste Kleurlinge (88.0%) kook vir die aand wanneer feitlik al die huisgenote tuis is. Tydens aandete is daar opmerklik meer gesinne wat niks te drinke nuttig nie. Die wat wel iets gebruik, drink meestal tee.

Die populêrste soort drank onder die Kleurlinge is Bantoebier gevolg deur gewone bier, jenewer en brandewyn. Botha het bevind dat 67.0% van die volwasse manlike inwoners van Eersterust bierdrinkers is (Bantoebier ingesluit)¹³⁾ Die voorkeur aan Bantoebier kan toegeskryf word aan hulle lae inkomste en die feit dat hulle vroeër in noue kontak met die Bantoe in „gemengde” gebiede was.

Die meeste gesinseenhede (65.0%) het aangedui dat daar nooit tuis drank verbruik word nie. ^{*}Dit wil egter nie sê dat bogenoemde persentasie van die gesinne, geen drank gebruik nie. Dit blyk dus dat 'n groot aantal persone nie tuis hulle drank nuttig nie maar dit elders gaan drink. Die meeste van die gesinne wat aangedui het dat drank tuis genuttig word, het aangedui dat dit slegs cor naweke geskied. In laasgenoemde geval was dit feitlik elke naweek. Meer Kleurlingvroue as -mans 105/is geheel onthouers.

13) Botha, A.J.J. : op. cit. (p.100)

* Botha het bevind dat slegs 12.3% van die totale manlike bevolking in Eersterust nooit drank gebruik nie. (p.100)

- 105 -

is geheel onthouers.

b. Kleding.

Die aankoop van klere geskied volgens 'n vaste patroon. Daar is bevind dat 44% van die gesinseenhede hoofsaaklik tweekeer per jaar klere koop. Hierdie tye is tydens „Easter“, om die Kleurlingidoom te gebruik, (d.w.s. voor die Winter) en voor Kersfees.

'n Verdere 34.0% het aangedui dat hulle slegs eenkeer per jaar, net voor Kersfees, klere vir die hele gesin koop. Die ander gesinne (23.0%) het aangedui dat hulle slegs klere koop indien dit noodsaaklik word.

GESINSBESTEDING AAN KLERE PER JAAR.

Bedrag	Aantal	%
R0 - R25	4	4.0
R26 - 50	9	9.0
R51 - 75	41	41.0
R76 - 100	9	9.0
R101 - 125	6	6.0
R126 - 150	6	6.0
R151 - 175	1	1.0
R176 - 200	14	14.0
R201 - 225	-	-
R226 - 250	1	1.0
R251 en meer	5	5.0
TOTAAL.	100	100.0

Uit bostaande tabel blyk dit dat 54% van die totale gesinseenhede in Eersterust minder as R76 per jaar aan klere bestee terwyl slegs 6% meer as R200 per jaar spandeer. Die gemiddelde besteding per huisgesin beloop bykans R96 per jaar of R8 per maand.

106/Die aankoop

Die aankoop van klere geskied in hoofsaak op 'n kontantbasis alhoewel 27% van die gesinne 'n rekening besit. Die sogenaamde „lay bye" sisteem is blykbaar 'n algemene aanvaarde metode om klere aan te koop. Hier volgens betaal 'n persoon maandeliks 'n sekere bedrag af aan 'n artikel, totdat die artikel betaal is en dan eers word dit sy eiendom en kan hy dit neem.

Bykans alle klere word in die middestad van Pretoria gekoop. Die moeder speel weer eens die belangrikste rol in die aankoop van klere vir die gesin. In 72% van die gevalle is dit die plig van die moeder om die nodige aankope te doen terwyl slegs 15% aangedui het dat dit die vader se taak is. 'n Verdere 13% het aangedui dat dit beide die vader en moeder se plig is om gesamentlik die klere te gaan koop.

c. Meubels.

Meubelaankope sluit in die koop van yskaste, radio's, sitkamer-, eetkamer- en kombuisstelle. Die meeste van die gesinseenhede koop meubels aan deur middel van die huurkoopstelsel (87.0%). Die res het hulle meubels kontant gekoop, selfvervaardig of het dit geërf.

d. Afbetalings, spaar en assurances.

Die bevinding was dat 71% van die gesinseenhede in Eersterust ten minste maandeliks aan een of ander artikel afbetaal. Dit sluit in afbetalings op klere, meubels of 'n motor. In meeste van die gevalle is daar afbetaal op meubels. Slegs 18% van die gesinseenhede het aangedui dat hulle minstens maandeliks 'n bedrag spaar. Hierdie geld word deurgaans inbetaal op spaar-rekeninge by banke.

Meer as driekwart van die gesinseenhede het een of ander vorm van assurance. Hierdie assurance was in nagenoeg 60% 'n begrafenispolis terwyl die ander 107/15% hoofsaaklik

15% hoofsaaklik bestaan uit lewens- en uitkeerpolisie.

Van der Walt het bevind dat meer as 80% van stedelike bejaardes bydra tot 'n begrafnisfonds of begrafnispolis. Hy het ook gevind dat 24.2% bydra tot 'n lewens- of uitkeerpolis. 14)

e. Persone verantwoordelik vir besteding.

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat die vrou feitlik deurgaans die besteding van die inkomste behartig. Op 'n direkte vraag aan die proefpersone is hierdie vermoede ook bevestig deurdat 62% van die gesinseenhede aangedui het dat die moeder die gesinsfinansies behartig. In 29% van die gevalle is die finansies deur die man behartig terwyl 9% aangedui het dat die man en vrou gesamentlik hiervoor verantwoordelik is.

Dit wil dus voorkom asof die man meestal die hoofbroodwinner is maar dat die besteding in die hande van die vrou is. In hierdie geval sorg die vrou vir alles, koop en administreer alles terwyl die man vir homself sakgeld hou.

IV. EKONOMIESE SAMEWERKING.

Daar is reeds aangedui dat by 65% van die gesinseenhede gevind is dat hulle basiese inkomste aangevul word deur een of ander byverdienste. Dit het ook geblyk dat veral inwonende werkende kinders 'n vername bydrae lewer. Sommige persone voer aan dat die hoë kindertal in 'n mate hieraan toegeskryf moet word. Die kinders sou dan 'n finansiële bate word sodra hulle gaan werk.

In 90% van die gevalle het egpare aangedui dat hulle geldelike hulp van hulle kinders verwag sodra
108/hulle 'n beroep . . .

14) Van der Walt, T. : Die lewensomstandighede van Kleurlingbejaardes. (p.79)

hulle 'n beroep beoefen. Hierdie egpare het gemeen dat die kinders dit aan hulle verskuldig is. Sekere egpare (5%) het egter dogters uitgesluit terwyl 3.0% niks van hulle kinders verwag nie en 2.0% dit aan die kinders self oorgelaat het.

Steyn se bevindinge stem in 'n groot mate met bogenoemde ooreen, daar sy bevind het dat 97.0% van die totale Kleurlinggesinne geldelike hulp van hulle kinders verwag.¹⁵⁾

V. STATUSSIMBOLE.

Statussimbole hou gewoonlik verband met ekonomiese faktore en word daarom hieronder behandel. Die verworping van sodanige statussimbole bepaal dan uiteraard, die sosiale status wat die persoon of gesin geniet.

McDonald het bevind dat sosiale status bepaal word deur geleerdheid, besittings of goeie gedrag. Hy sê dat bogenoemde egter nie instaat is om die status deur bloedvermenging uit te wis nie en dat die klassesstelsel streng op alle gebiede gehandhaaf word.¹⁶⁾

Steyn sê dat die status van die gesin in die gemeenskap, in 'n groot mate bepaal word deur die beroep van die vader. Laasgenoemde hang nou saam met sy ekonomiese verdienste.¹⁷⁾

109/In Eersterust

15) Steyn, A.F. : op. cit. (p.20)

16) McDonald in Steyn, A.F. : op. cit. (p.57)

17) Steyn, A.F. : op. cit. (p.287)

In Eersterust, is aan die proefpersone gevra om aan te dui watter dinge aan die Kleurling, binne hulle gemeenskap, status gee. Die wyse waarop die vraag gestel is het veral klem gelê op sigbare statussimbole en, is dan ook meestal so deur die proefpersone aangedui.

STATUSSIMBOLE VAN KLEURLINGE IN EERSTERUST.

Statussimbool	Aantal	%
*Eie („mooi”) huis.	55	55.0
Eie motor.	14	14.0
Geleerdheid.	8	8.0
Goeie beroep.	6	6.0
Goeie gedrag.	8	8.0
Moderne meubels.	4	4.0
Moderne klere.	5	5.0
TOTAAL.	100	100.0

Uit bostaande tabel blyk dit dat 55.0% van die gesinseenhede 'n eie huis beskou as 'n statussimbool. In slegs 22% van die gevalle is geleerdheid, 'n goeie beroep en goeie gedrag aangedui as statussimbole. Die ondersoeker moet egter herhaal dat die vraag so geformuleer was dat dit eerder gemik was op sigbare statussimbole.

Wanneer die aanduiding van die statussimbole van nader betrag word blyk dit dat dit in 'n groot mate verband hou met die persone se ekonomiese vermoë. 'n Eie huis, eie motor, moderne klere en meubels hang saam met die beoefening van 'n hoog besoldigde beroep. Laasgenoemde hang weer nou saam met die kwalifikasies wat die persoon besit. Die Kleurling is bewus van
110/hierdie redenasie.

* 'n Eie „mooi” huis veronderstel dat dit volgens eie smaak gebou is en anders lyk as die sogenaamde „skemahuisse”.

hierdie redenasie.

Wat die huishouding self betref, is bevind dat sekere dinge as noodsaaklikhede beskou word deur die Kleurling. Die mate waarin 'n persoon hierdie skynbaar noodsaaklikhede besit, hang nou saam met die mate van status wat daardeur verkry word.

'n Sitkamer- of eetkamerstel word deur die meeste Kleurlinge as so 'n noodsaaklikheid beskou en 85% van die gesinseenhede was in besit daarvan. Verder is bevind dat 78% 'n kombuisstel en 74% 'n radio besit het. Dit is ook vasgestel dat 26% van die huiseenhede 'n motor tot hulle beskikking het. Laasgenoemde veronderstel nie dat 26% van die gesinne in Eersterust 'n motor besit nie maar dat by 26% van die huiseenhede 'n motor aangetref is.

VI. SAMEVATTING.

1. Manlike Kleurlinge is beter gekwalifiseerd as vroulike Kleurlinge.
2. Kleurlingouers verwag dat hulle kinders hoër kwalifikasies moet verwerf as waartoe hulleself instaat was. Dit is bemoedigend vir die toekoms.
3. Kleurlingouers verwag dat seuns beter gekwalifiseerd moet wees as dogters. Die rede vir hierdie verskynsel lê opgesluit in die feit dat baie Kleurlinge die opleiding van dogters as geldverspilling beskou omdat hulle later slegs huisvroue word.
4. Die onderwyspeil van die Kleurling word benadeel deur die ekonomiese posisie van hulle ouers en die onwilligheid van sommige om hulle verder te bekwaam.
5. Meer as driekwart van die eggenotes van hoofde van huishoudings, is huisvroue terwyl die grootste gedeelte van die ekonomiese bedrywige vroue lll/in die dienste-

in die dienstenywerheid gevind word. Laasgenoemde vroue werk meestal om die gesinsinkomste aan te vul en werk in die onmiddellike voorstede.

6. Die meeste van die werkende hoofde van huishoudings is arbeiders. Die grootste aantal Kleurlingmans beoefen hulle huidige beroep vanweë 'n besondere aanleg, belangstelling, voorkeur en die feit dat hulle daar in opgelei is. Die gebrek aan die nodige kwalifikasies is die hoof-oorsaak waarom 32% van die Kleurlingmans noodgedwonge hulle huidige beroep beoefen.
7. Statusberoep vir Kleurlingmanlikes is die onderwys, terwyl verpleging by vroulikes die hoogste aangeskrewe is.
8. Vanweë die Blanke se kapitaalkragtigheid en die sekuriteit wat hy bied, word hy by voorkeur as werkgewer verkies.
9. Sommige Kleurlinge het aangedui dat hulle nooit vir enige Nie-blanke sal werk nie. Dit dui op 'n onvolwasse uitkyk van sake en 'n gebrek aan trots sover dit hulle mede-Kleurlinge ook hierby betrek.
10. Die inkomste van die kerngesin bereken op die verdienste van die hoof van die gesin en sy eggenote is relatief laag, veral wanneer die gemiddelde gesinsgrootte in ag geneem word. Die gemiddelde inkomste per gesin in Eersterust bedra ongeveer R60 per maand. Meer as die helfte van die kerngesinne vul hulle basiese inkomste aan deur 'n byverdiensle of die inname van „loseerders“. Dit verklaar ook waarom 90% van die gesinne aangedui het dat hulle finansiële hulp van hulle werkende kinders verwag.
11. Die gemiddelde gesin in Eersterust bestee ongeveer R29 per maand aan voedsel. Die meeste gesinne koop hulle voedselvoorrade weekliks aan,
112/in ooreenstemming

in ooreenstemming met die besoldigingswyse van die broodwinner. Voedsel word hoofsaaklik op 'n kontantbasis buite Eersterust gekoop.

12. Die gemiddelde Kleurlinggesin se drie hoofmaaltye sien gewoonlik soos volg daar uit.
Ontbyt: Slap pap met melk gevolg deur brood en tee.
Middagete: Brood met konfyt, gevolg deur tee.
Aandete: Gekookte kos gevolg deur tee.
Die Kleurling is by uitstek 'n teedrinker.
13. Die meeste van die Kleurlinge wat drank gebruik nuttig dit nie tuis nie maar elders. Bantoe-bier is vanweë sy prys die populêrste drank by die Kleurlinge van Eersterust. Persone wat drank gebruik drink feitlik net oor naweke maar dan is dit feitlik gereeld elke naweek.
14. Die gemiddelde Kleurlinggesin in Eersterust bestee ongeveer R8 per maand aan klere. Die meeste Kleurlinge koop klere vir die hele gesin kort voor Kersfees. Klere word ook grootliks op 'n kontantbasis gekoop, terwyl die „lay bye" metode 'n groot persentasie hiervan uitmaak.
15. Meubels word deurgaans op die huurkoopstelsel aangekoop.
16. Slegs 'n klein persentasie van die gesinne spaar maandeliks geld. Hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan die feit dat 71% van die gesinne aangedui het dat hulle minstens maandeliks 'n bedrag afbetaal aan een of ander artikel.
17. Meer as driekwart van die gesinne het een of ander assuransië. Die algemeenste vorm van assuransië is 'n begrafnispolis.
18. Die hoofbroodwinner is gewoonlik die vader, dog die administrering en besteding van die gesins-
113/inkomste word

inkomste word meestal deur die moeder beheer.

19. Die vernaamste sigbare statussimbool in Eersterust is 'n eie, moderne huis.
20. 'n Sitkamer- of eetkamerstel is een van die noodsaaklikste items vir 'n Kleurlinghuisgesin en 'n mate van status hang saam met die besit daarvan.

HOOFSTUK VI.

DIE OPVOEDKUNDIGE ASPEK.

I. INLEIDING.

Opvoeding moet eendersyds as 'n omvattende proses gesien word, maar andersyds kan dit ook beperk word tot 'n engere begrip.

J.H. Coetzee sê die omvattende proses is „algemene kulturaanvaarding wat dwarsdeur die lewensduur van 'n individu voortgaan en waarby ingesluit word die min of meer doelbewuste onderrig wat hy ontvang deur die optrede van ander, tesame met daardie spontane assimilasie van kennis wat sonder enige sodanige bewuste optrede verwerf word deur eie vermoë van denke, waarneming en nabootsing.”¹⁾

Die engere begrip van opvoeding stel hy as „die doelbewuste onderrig en opleiding wat gegee word op bepaalde tye, op vasgestelde plekke, vir 'n vasgestelde tydskuur en deur persone en/of instansies wat spesiaal vir die taak voorberei en aangewys is. Terwille van onderskeiding kan die terme onderrig en onderwys in hierdie geval gebruik word.”

C.F.G. Gunter sê dat daar in die lewe van elke mens, van sy geboorte af, twee belangrike faktore aanwesig is, wat sy lewe rig en bepaal. Hierdie twee faktore is oorerwing en omgewing.

„Van sy ouers en voorouers ontvang elke kind deur biologiese oorerwing sy aangebore, natuurlike karakter van bepaalde kwaliteite soos nasionaliteit, geslag, kleur, liggaamsbou, temperament, verstandsvermoë, algemene en spesifieke begaafdheid, ens.
Maar elke kind groei ook op in 'n bepaalde fisiese
115/en sosiaal

1) Coetzee, J.H. in Ccertzee, P.J. red. : Inleiding tot die Algemene Volkekunde. (p.125)

en sosiaal- kulturele omgewing met sy besondere fisiese kenmerke en sy bepaalde moraal, sy sedes, konvensies en gebruike, sy sosiaal-kulturele aangeleenthede en aktiwiteite, sy kultuurprodukte, ens. Daar is dus van die aanvang van die kind se lewe af hierdie twee prosesse werksaam wat veranderinge by hom meebring : daar is (1) groei en ryping op die grondslag van biologiese faktore, en daar is (2) die van buite-af inwerkende en normerende invloed uit die milieu"²⁾

Die ondersoeker het hom na aanleiding van hogenoemde bepaal tot die opvoeding wat verrig word binne die gesin maar ook aandag gegee aan die opvoedingstaak soos verrig deur die skool en kerk.

II. OPVOEDING BINNE DIE GESIN.

Voordat die opvoeding binne die gesin bespreek kan word, is dit eers nodig om te besin oor die begrip, gesin asook wat die funksies daarvan is.

G.P. Murdock sien die gesin as : „a social group characterized by common residence, economic co-operation, and reproduction. It includes adults of both sexes, at least two of whom maintain a socially approxed sexual relationship, and one or more children, own or adopted, of the sexually cohabiting adults."³⁾

Murdock onderskei vervolgens tussen verskillende vorme wat die gesin kan aanneem maar wat vir die doel van hierdie ondersoek nie behandel hoef te word nie. Die aandag word voorts slegs bepaal tot die kerngesin ('n man en vrou met hulle kinders) en die groter-gesinne-eenheid.

Laasgenoemde gesinseenheid word deur A.F.Steyn die uitgebreide gesinstipe genoem wat ontstaan deur-

116/dat twee of

2) Gunter, C.F.G.: Opvoedingsfilosofieë. (p.3)

3) Murdock, G.P.: Social Structure. (p.1.)

dat twee of meer kerngesinne, aanmekaar verbind word deur die uitbreiding van die ouer- kind verhouding.⁴⁾

Die kerngesin is 'n universeel-menslike groepering en is by uitstek die heersende gesinsvorm in die Westerse samelewing.

Die gesin is die voorbereidingskool vir die latere lewe en die leerskool waarbinne die kind sy pligte en verpligtinge op alle terreine geleer word teenoor die gemeenskap waarvan hy deel is. Hierbinne word ook die norme, gewoontes, en opvattinge van sy volk aan hom geleer. Uit die aard van die gesin se onvervreembare funksies kan geen ander instansie geheel en al die plek van die gesin inneem nie.

S. Pauw verklaar dan tereg: „Weliswaar is daar sekere pligte wat vandag buite die gesinsverband doeltreffender verrig word. Die produksie van goedere vind grotendeels, heeltemal tereg, buite die gesin plaas, maar dit sou 'n growwe mistasting wees om daardeur te kenne te gee dat die gesin sy ekonomiese funksie verloor het. Die einddoel van alle ekonomiese prosesse is verbruik en die gesin is en bly verreweg die belangrikste verbruikerseenheid”⁵⁾

Hy betoog verder dat die skool nie die plek van die gesin kan inneem nie, maar gesien moet word as noodsaaklike aanvulling by die belangrikste opvoedingsinstelling - die gesin. Die gesin is daarom nie maar slegs een van die aantal gespesialiseerde instellings in die gemeenskap nie. Dit moet die sentrale plek beklee as die hoofweekbodem - fisies, geestelik, godsdienstig, kultureel en intellektueel - van die mense van die gemeenskap.

117/„Die gesin het

4) Steyn, A.F.: Die rolle van die man en die vrou in die Kaapse Klourlinggesin. (p.25)

5) Pauw, S.: Verslag van die Gesinskongres. (p.15)

„Die gesin het nie minder belangrik geword nie, maar juis meer belangrik omdat hy moet vergoed vir die funksionalisasie en depersonalisasie in die res van die gemeenskap.“⁶⁾

G.J. van Zyl voer aan: „die gesin is
. . . primêr omdat dit die kerngroep is waaruit sosiaal-histories gesien, die ander groepe ontwikkel het. Die gesin het uitgegroeï tot die familie ('n groep verwante gesinne); die familie het uitgegroeï tot die stam ('n groep verwante families); die stam het uitgegroeï tot die volk ('n groep verwante stamme). Uit die gesin as die eerste produksie-eenheid het die ander produksie-groepe ontwikkel;, uit die gesin as eerste kultuureenheid, eerste opvoedingseenheid, ens. het die ander funksionele groeperinge ontstaan.“⁷⁾

Die gesin moet hiernaas ook sorg vir sekuriteit, emosionele warmte of liefde en die aanvaarding van die individu as persoon.

1. Die rol van die ouers binne die gesin.

Die ouers van 'n gesin speel vanweë die feit dat hulle volwassenes is, 'n belangrike rol in die opvoeding van hulle kinders. In hierdie proses speel die vader en moeder nie altyd 'n ewe belangrike rol op die verskillende terreine nie. Naas die feit dat die ouers gewoonlik deur hulle optrede 'n voorbeeld aan hulle kinders stel, is dit ook so dat daar verskillende werksaamhede binne die gesin geskied wat gebaseer is op geslag.

By die Kleurlinge in Eersterust is bevind dat die moeder 'n veel belangriker rol speel op die huishoudelike terrein as die vader. Die huishoudelike pligte is daarom meestal die verantwoordelikheid van die moeder.

118/Die vader word

6) Pauw, S.: Verslag van die Gesinskongres. (p.15)

7) Van Zyl, G.J.: Verslag van die Gesinskongres (n 68)

Die vader word in sekere omstandighede, soos byvoorbeeld in tye van siekte, ingespan om sekere noodsaaklike huislike verpligtinge na te kom. Nêrens is egter gevind dat die vader sekere huishoudelike pligte het wat gereeld nagekom moes word nie. Die vader help egter spontaan met sekere van die huishoudelike pligte.

Die vader is gewoonlik verantwoordelik vir die instandhouding van die huis en tuin. Die herstel en vervanging van defektiewe artikels word deur die vader gedoen. In ongeveer 75% van die huishoudings is gevind dat die vader tesame met die seuns verantwoordelik is vir die instandhouding en bewerking van die tuin.

Die moeder word met meeste van die huishoudelike take deur haar dogters bygestaan. In gevalle waar daar nie dogters is nie of waar die seuns nog jonk is, doen ook hulle mee aan die huishoudelike take. Die seuns word egter mettertyd hiervan los gemaak en verantwoordelik gehou vir die werf as geheel.

Die versorgingsfunksie is in feitlik alle huishoudings toegesê aan die moeder, behalwe in gevalle waar sy werk en die ouma hierdie funksie vervul. Die dogters speel egter 'n belangrike rol in die versorging van die jongeres.

Die middele om die versorging moontlik te maak is gewoonlik afkomstig van die vader as hoofbroodwinner.

Die moeder word algemeen aanvaar as die persoon wat moet waak oor die goeie gedrag van die kinders. Dit is dus hoofsaaklik haar plig om goeie maniere by die kinders aan te kweek. Meer as 80% van die gesinne het die moeder in hierdie rol gesien. In 14.9% van die gevalle het die gesinne gevoel dat dit eintlik beide ouers se verantwoordelikheid is. Hierdie taak word egter soms oorgedra aan 'n inwonende grootmoeder, veral wanneer die moeder 'n beroep beoefen. Die moeder is deurgaans verantwoordelik vir die goeie gedrag van sowel die seuns as die dogters.

119/Een van die

Een van die funksies van ouers binne die gesin is om aan hulle kinders leiding te gee in die keuse van hulle vriende. Weinig van die ouerspare het aangedui dat hulle direk aan hulle kinders voorskryf met wie hulle vriende moet maak. Die meeste ouerspare gaan egter selektief te werk en keur hulle kinders se vriende.

Die meeste Kleurlingouers (44.8%) het veral beswaar gemaak teen vriende wat onbeskof, ongehoorsaam en ongemanierd is. 'n Verdere 25.3% het hulle kinders daarvan weerhou om maats te maak met kinders wat bakleierig is of wat vloek. Kinders wat „stokkiesdraai“, doelicos onadrentel, vernielsugtig is, steel, dobbel en onbekendes is, is deur 17.2% van die gesinne ook as ongewenste maats vir hulle kinders beskou. In 8.0% van die gevalle is aangevoer dat kinders nie maats mag maak met kinders wat nie hulle [≠] „klas“ is nie, donkervellig is of duidelike Bantoetrekke toon.

Elke normale kind het 'n intense behoefte aan gesag en dit berus by die ouers in welke mate hulle in hierdie behoefte voorsien. Naas die feit dat gesag onder andere gehoorsaamheid van ondergeskiktes verwag, impliseer dit ook tug om die ongehoorsaamheid aan die gesag te straf.

Die Kleurlinge van Eersterust differensieer in die tugtiging van seuns en dogters. In die uitoefening van tug oor die dogters het 80.5% van die gesinne aangedui dat dit in hoofsaak die taak van die moeder is. In slegs 6.1% van die gevalle tugtig vaders hoofsaaklik die dogters terwyl 13.4% aangedui het dat dit die taak van beide ouers is. In die geval van seuns het 55.1% aangedui dat die moeder in hoofsaak hierdie funksie verrig. In 24.4% van die gevalle is dit gesien as die uitsluitlike verantwoordelikheid van die vader.

120/ 'n Verdere 20.5% . . .

* „klas“ : beteken dat hulle nie met mense vriende mag maak wat nie dieselfde status as hulle ouers het nie.

'n Verdere 20.5% het gemeen dat dit die plig van beide ouers is.

Die straf wat vir dogters opgelê word is in die geval van 87.9% lyfstraf, terwyl 12.1% van die gesinne slegs vermaan, raas of mooipraat. Die straf wat vir seuns opgelê word, is in 93.6% van die gevalle lyfstraf, terwyl slegs 6.4% van die gesinne aangedui het dat hulle slegs vermaan, raas of mooipraat. Enkele gevalle het ook voorgekom waar ongehoorsame kinders toegesluit is of belet is om die huis te verlaat. 'n Geval het voorgekom waar die kinders se klere verwyder is sodat hulle vanweë skaamte nie die huis kon verlaat nie.

Uit bogenoemde bevindings blyk dit dat die vader 'n minder belangrike rol speel in die dissiplinering van die kinders. Dit moet egter onthou word dat die vader eintlik die vernaamste dissiplineerder is uit hoofde van sy gesag as hoof van die gesin. Dit word duidelik gesien wanneer sy hulp ingeroep word waar die kinders nie na die moeder wil luister nie. By die Kleurlinge is ook bevind dat namate die seuns ouer word, neem die vader se aandeel in hulle tugtiging toe. Die rede waarom dit lyk asof die vader hier 'n minder belangrike rol speel, is omdat hy weens werksomstandighede meestal bedags uithuisig is.

Die moeder is meestal die vertroueling en kinders bekla hulle lot by haar terwyl sy soveel moontlik hulpverleen. Daar is bevind dat in 42.3% van die gevalle die moeder die kinders help met die doen van hulle skoolwerk, terwyl die vader in slegs 24.4% gevalle hiermee behulpsaam is. 'n Verdere 14.2% het aangedui dat dit die taak van beide ouers is, terwyl 10.1% aangedui het dat die kinders self moet klaarkom. In gevalle waar ouer broers en susters teenwoordig is, neem hulle hierdie las van hulle ouers se skouers weg.

Op godsdienstige terrein vervul die ouers ook 'n
121/belangrike taak

belangrike taak in die opvoeding van die kinders. Alhoewel die meeste gesinne aangedui het dat die moeder die belangrikste rol speel in die godsdienstige opvoeding van die kinders, blyk dit dat die vader meestal die gebed tydens ete doen en ook meestal uit die Bybel voorlees. Daar is bevind dat slegs 3% van die Kleurlinggesinne nie voor ete bid nie en dat ongeveer 16% van die gesinne nooit tuis uit die Bybel lees nie.

Die ouers in Eersterust is gesteld daarop dat hulle kinders gereeld skool toe en kerk toe moet gaan. In meeste van die gevalle dra hulle sorg dat die kinders gedoop word en baie gee die kinders die geleentheid om die godsdienst te beoefen deur beurtelings aan tafel te bid. Die ywer waarmee die ouers, veral die vroue, werk vir die kerk, die bywoning van kerkdienste en die saamsing van kerkliedere, dien as 'n voorbeeld aan hulle kinders.

2. Die verwagting van die ouers.

Die Kleurlingouer verwag van sy kinders in die eerste instansie gehoorsaamheid en beskou goeie gedrag en maniere as 'n kosbare kleinood. Hulle verwag dat hulle kinders na hulle raad sal luister en hulle sal raadpleeg in gewigtige besluite. Die Kleurlingouer verwag dat sy kinders hulle sover moontlik moet bekwaam. Die rede waarom baie van hulle kinders lae kwalifikasies het, word deur hulle toegeskryf aan hulle finansiële onvermoë om die kinders te laat leer. 'n Meer algemene rede wat egter aangevoer word, is dat die kinders nie verder wil leer nie. Soos aangedui blyk dit dat die Kleurlingouer, in verband met die verwerwing van kwalifikasies, meer verwag van sy kinders as waartoe hy/syself in staat was.

Kleurlingouers het sekere spesifieke beroepe waaraan voorkeur gegee word vir hulle kinders. Die meeste ouers het die onderwysberoep vir hulle seuns

122/en die verpleging-. . .

en die verplegingberoep vir hulle dogters as voorkeur-beroepe aangedui. Beide hierdie beroepe hou verband met 'n sekere mate van geloofwaardigheid, status en sluit 'n redelike besoldiging in. Beide hierdie beroepe is gerig op hulpverlening aan die medemens in die algemeen en die Kleurling in die besonder.

Die meeste Kleurlingouers verwag van hulle skoolgaande kinders dat hulle hulle aangewese pligte binne die huisgesin sal nakom. Die meeste ouers verwag ook geldelike hulp van hulle werkende kinders, veral diegene wat by hulle inwoon. Wanneer hierdie kinders egter trou en die huis verlaat, neem hierdie verwagting ook af. In baie van die gevalle is hierdie werkende kinders se bydrae ook gebruik vir die aankoop van relatiewe luukse soos nuwe radio's en meubels.

3. Vryetydsbesteding binne die gesin.

Vryetydsbesteding binne die gesin veronderstel daardie aktiwiteite wat tuis verrig word gedurende die ledige ure wanneer daar nie gewerk of skoolgegaan word nie. Dit impliseer ook dat die gesin of lede daarvan hierby betrokke is.

Dit moet onthou word dat daar dikwels maar 'n geringe skeidslyn bestaan tussen die bedrywighede in die huis, wat as werk geklassifiseer kan word en die wat nie as sodanig beskou word nie. Daar bestaan ook minstens twee wyses van vryetydsbesteding waarby die eerste bloot ontspanning is en niks meer nie. Die tweede wyse het naas die ontspanningswaarde ook opvoedkundige waarde. As voorbeeld kan genoem word dat sekere Kleurlinge stokperdjies beoefen en gelyktydig geld verdien bv. motorherstelwerk of die reparering van skoene. By ander is dit 'n saak van trots om sekere dinge self te maak of voor te berei. Massa-media soos die tydskrifte, dagblaaie, boeke en die radio kan naas hulle ontspanningswaarde ook opvoedkundige waardes hê.

123/Uit die ondersoek . . .

Uit die ondersoek het geblyk dat 70% van die gesinseenhede aangedui het dat hulle soms saam sing. Wanneer so saam gesing word is dit meestal (62.0%) kerkliedere wat gesing word. Agt-en-dertig persent van diegene wat soms saam sing, het aangedui dat hulle gewoonlik trefferliedjies sing en dat dit gewoonlik geskied wanneer die betrokke liedjie oor die radio gespeel word.

Dit het geblyk dat 74% van die gesinne in besit van 'n radio is, en die meeste luister daaglik hierna. 'n Groot persentasie van diegene wat nie 'n radio besit nie, luister egter ook na die radio by hulle bure en vriende.

Die mees populêre radiostasie waarna die Kleurlinge luister is Springbokradio. Die meeste ouers (vaders en moeders) sowel as kinders luister by voorkeur na hierdie sender.

Naas Springbokradio luister die meeste ouers en hulle kinders na L.M.-radio. Hierna volg die Afrikaanse sender, Radio Hoëveld en die Engelse sender in rangorde volgens voorkeur. Enkele gesinne luister ook na Radio Bantoe waar die moeder 'n Bantoe is.

Die meeste vaders luister gewoonlik na die nuus, terwyl sommige ook voorkeur gee aan vervolghverhale. Die oorgrote gedeelte van die moeders stel veral belang in vervolghverhale, terwyl 'n groot persentasie ook voorkeur gee aan musiek. Die oorgrote meerderheid van die kinders verkies om na musiek te luister, terwyl vervolghverhale ook by sommiges as voorkeur aangedui is.

Daar is bevind dat in 30% van die Kleurlinggesinne daar geen boeke gelees word nie. Die populêrste boeke onder diegene wat wel boeke lees is prenteverhale (fotoromans), terwyl daar ook 'n groot belangstelling bestaan vir aksieverhale (speur- en avontuurverhale).

124/Onder die

Onder die Kleurlinge in Eersterust is daar 80% van die gesinne wat minstens eenkeer per week 'n koerant lees. Die populêrste koerant is die „The Pretoria News” terwyl die „The Sunday Times” en die „The Rand Daily Mail” gesamentlik as die tweede populêrste koerante aangedui is.

Tydskrifte word minstens eenkeer per maand deur 61% van die gesinne gelees. Die populêrste tydskrifte is die fotoverhale, „See” en „Kyk” met „Die Huisgenoot” as die tweede populêrste.

Die taal waarin die meeste lesers verkies het om te lees, is Afrikaans (51.6%) gevolg deur Engels (40.9%) terwyl 7.5% aangedui het dat hulle geen voorkeur het nie.

Samevattend blyk dit dat die gesin ook by die Kleurling die belangrikste opvoedingsinstelling is en dat dit daarom nie vervang kan word deur enige instansie nie maar dat sy funksies hoogstens aangevul kan word. Die huishoudelike pligte berus gewoonlik by die moeder, terwyl die vader by uitstek die broodwinner is. Die vader, maar veral die seuns, is gemoeid by die instandhouding en bewerking van die werf. Die versorgingsfunksie word deur die moeder gedoen met die middele deur die vader verskaf. Die moeder waak hoofsaaklik oor die gedrag van haar kinders en is ook verantwoordelik vir die aanleer van goeie maniere en gewoontes. Beide ouers kies op 'n indirekte manier vir hulle kinders maats. Alhoewel dit lyk asof die moeder die ver naamste persoon is by die tugtiging van die kinders is dit nie die geval nie, daar die vader uit hoofde van sy gesag as hoof van die gesin die gesag daartoe het, en veral by ernstige sake die leiding neem.

Die moeder is meestal die vertroueling en is meestal behulpzaam met alledaagse probleme wat by haar kinders opduik. Op godsdienstige terrein word die godsdienstige waardes hoofsaaklik ingeskerp deur die bid aan tafel, die lees van die Bybel en die ywer waarmee daar vir die kerk gewerk word, eredienste bygewoon word en kerkliedere

125/saam gesing

saam gesing word.

Die verwagting van Kleurlingouers is dat hulle kinders gehoorsaam moet wees, hulle self akademies sover moontlik bekwaam, 'n goeie beroep beoefen en hulle sal help veral met finansiële bydraes.

Vryetydsbesteding binne die gesinne word hoofsaaklik benut deur die lees van koerante, boeke en tydskrifte en die luister na die radio. Die beoefening van stokperdjies wat soms na werk lyk sorteer ook hier onder.

Die gesinsbande is oor die algemeen heg en die moeder is dikwels die belangrikste bindende krag teen invloede van verbrekking. Die swak toestand waarin sommige Kleurlinggesinne verkeer moet deels toegeskryf word aan ekonomiese faktore. Sommige gesinne poog om die lewenstandaard en lewenstyl van die Blankes te ewenaar en offer dikwels voedsel op vir huurgeld, klere en weelde-artikels wat op respektabelheid dui.

III. OPVOEDING EN DIE SKOOL.

1. 'n Kort geskiedkundige oorsig van Kleurlingonderwys.

Vanaf 1658 is daar onder toesig van die kerk voorsiening gemaak vir die onderwys van Nie-blankes.

Pieter van der Stael, 'n swaer van Jan van Riebeeck, was die eerste onderwyser en die skool is deur Blankes sowel as Nie-blankes (insluitende slawe) bygewoon. Reeds in 1666 is om afsonderlike skole vir Blankes en Nie-blankes gevra.

Gedurende die 18de eeu het sendinggenootskappe daadwerklike pogings aangewend om in die Kleurlinge se onderwysbehoeftes te voorsien. Die eerste sending-skool is in 1737 te Genadendal gestig.

Beide Blankes en Nie-blankes is tot staatsondersteunde skole toegelaat. Eers in 1893 is afsonderlike
126/voorsiening vir

voorsiening vir Blank en Nie-blank in die Kaapprovinsie gemaak en vanaf 1905 is die beginsel konsekwent toegepas. Kleurlingkinders is in 1911 deur wetgewing verbied om skole vir Blankes by te woon.

In die Oranje Vrystaat het die sendinggemeentes, weens die yl verspreiding en skerp afname in die Kleurlingbevolking alhier, nie afsonderlike skole vir Kleurlinge gestig nie. Hulle is by skole vir Bantoes ingeskryf.

In Transvaal het die sendingaksie onder Kleurlinge reeds sedert 1860 begin. Die owerhede het in 1889 teen skole opgetree wat Blankes en Kleurlinge tot dieselfde skool toegelaat het deur die staatstoelae te weier.

In 1904 word Bantoe-onderwys heeltemal van ander onderwys geskei en die Kleurlingskole word oorgeneem as Staatskole en behandel soos skole vir Blankes.

In Natal het Kleurlinge tot 1855 skole vir Blankes bygewoon. Die Natalse Onderwysdepartement het doelbewuste pogings aangewend om Kleurlinge en Blankes in afsonderlike skole te huisves en genoeg Kleurlingskole daar te stel om te voorsien in die behoeftes van die Kleurlingbevolking.

In 1963 is alle Kleurlingonderwys deur wetgewing oorgedra aan die Departement Kleurlingsake. Met hierdie oornome is 'n groot stimilus aan die hele omvattende saak van Kleurlingopvoeding en -onderwys gegee deur die beeëndiging van verdeelde onderwysbeheer en 'n kragtige reorganisasie ook wat beroeps- en volwasse onderwys betref.

In die hedendaagse omstandighede is nie alleen suiwer kennis en inhoude en intellektuele vermoëns en vaardighede belangrik nie, maar veral die wil tot prestasie. Daar lê vir die Kleurling dus harde intensiewe onderwys en beroepskoling voor, voordat 'n rooskleurige prentjie van 'n selfstandige selfrespek-

127/terende en

terende en trotse Kleurlingvolksgroep werklikheid sal kan word.

2. Die ouer-skoolverhouding.

Die verhouding tussen die skool en die Kleurling-ouer is op 'n goeie grondslag in Eersterust en dit kan slegs dien tot die welvaart van die kind in die besonder, en die gemeenskap in die algemeen.

Elke skool alhier, het 'n skoolkomitee wat die welsyn van die skool op die hart dra. Hulle ondersoek klagtes van wangedrag en onbevoegdhede asook vertoë van ouers. Hulle taak is om doeltreffend toesig oor alle sake rakende die skool te hou en aanbevelings te doen aan die Transvaalse Streeksraad in verband met die aanstelling van onderwysers. 'n Ouervereniging word vir die nabye toekoms beplan sodat die hulp van ouers beter gekoördineer kan word. Ouervergaderings (oueraande) word reeds gehou en hier-tydens word ook voorligting aan ouers gegee in sake van aktuele belang. Langs hierdie weg wil die betrokke skole kontak met die ouer behou, en ook broodnodige opvoedingswerk doen en inligting aan die ouers verskaf.

Ongeveer 70% van die gesinne met skoolgaande kinders betaal gereeld hulle kinders se jaarlikse skoolfonds. Die bedrag is gewoonlik 30c - 50c per kind, per jaar. Alhoewel hierdie bedrag min is, dui die betaal daarvan, 'n bereidwilligheid om te help met die opvoedingstaak soos deur die skool verrig. Die hoofde van die twee betrokke skole het ook aangedui dat wanneer daar 'n beroep gedoen word om te help met basaars, geldinsamelings en terreinopknapping, die ouers geredelik meedoen.

3. Die Skoolorganisasie.

Die skoolorganisasie geskied op dieselfde wyse

128/as by Blanke

as by Blanke skole. Die standerdverspreiding in Eersterust ten opsigte van die twee laerskole is asvolg.

Sub - A	162
Sub - B	138
St. I	175
St.II	203
St.III	176
St.IV	174
St. V	202
St.VI	102
TOTAAL.	1323

Hierdie groot aantal kinders word in die twee skole onderrig deur 45 onderwysers waar onder hoofde, vise-hoofde, senior assistente en onderwysers en onderwyseresse sorteer wat almal Kleurlinge is.

Die skoolbywoning van die betrokke skole gedurende die eerste kwartaal van 1967 het gewissel tussen 91% - 96%. Die hooforsaak vir swak bywoning deur die leerlinge word toegeskryf aan siekte. 'n Ander rede waarom baie leerlinge soms afwesig is, is dat hulle die kleiner kinders tuis moet versorg as die moeder die dag stad toe moet gaan. Laasgenoemde probleem sal hopelik uitgeskakel word met die volle inwerking van die bewaarskool.

Die voertaal vir beide skole is Afrikaans. Die interne organisasie van die skool sluit in 'n leerlingraad wat verantwoordelik is vir dissipline en die handhawing van orde in samewerking met die personeel. In elke klas is daar 'n klasleier en naas die algemene skoolreëls het elke klas ook sy eie reëls wat hoofsaaklik deur die betrokke leerlinge daarvan opgestel is. Elke klas is ook verantwoordelik vir die opknapping van 'n gedeelte van die skoolterrein. Die skool het elk sy eie skoollied, -leuse

129/en -wapen

en -wapen asook 'n onderskeidende skooldrag.

In die skoolorganisasie is daar ook voorsiening gemaak vir die godsdienst. Op die Skoolkomitee is daar kerkverteenwoordigers en predikante wat periodiek die skool open. Die skool stel ook sy saal beskikbaar vir kerkdienste en kooroefeninge.

Naas die gebruiklike dinge waarmee 'n skool voorsien word, besit hierdie laerskole ook 'n klavier, blokfluite, biblioteek en 'n [⌘]vlagpaal met 'n vlag. Daar bestaan ook by elk 'n spaarklub.

4. Die rol van die onderwyser.

In die verlede is hoofsaaklik gebruik gemaak van Blanke onderwysers om Kleurlingkinders te onderrig. Gedurende die afgelope paar dekades het hierdie toestand egter radikaal verander en staan die Kleurling sy regmatige plek, in diens van sy eie mense vol.

Op 'n vraag aan die ouers wie hulle verkies as onderwyser vir hulle kinders, het meer as drie-kwart aangedui dat dit mede-Kleurlinge moet wees. Van die huisgesinne het 76.9% aangedui dat hulle voorkeur gegee aan die Kleurling as onderwyser omdat hy sy mede-Kleurlinge beter sal verstaan en meer verdraagsaam sal wees. 'n Verdere 15.5% het egter aangedui dat indien hulle 'n keuse kon hê, hulle 'n Blanke as onderwyser sou kies. Hier is 'n verskeidenheid van redes aangevoer wat min of meer daarop neerkom dat Blankes kinders beter leer, onpartydig en regverdig is en meer belangstel in die vordering van die Kleurling. Daar was ook 7.7% van die gesinne wat geen voorkeur ten opsigte van die onderwyser gehad het nie, maar slegs vereis het dat hy/sy die nodige kennis moes besit.

Uit die ondersoek het geblyk dat 80% van die onderwyspersoneel van die onderhawige skole in Pretoria 130/gebore is.

⌘ Formele vlaghysings vind gereeld plaas.

gebore is.

Hulle is dus vertrouwd met die omstandighede en behoort deeglik kennis te dra van die probleme waarmee die Kleurlinge alhier te doene kry.

Dit het verder aan die lig gekom dat 83.3% van die personeel van die skole in Eersterust woonagtig is en dus 'n leidende rol kan speel weens hulle meerdere kennis. Die kwalifikasies van die onderskeie onderwysers(esse) was asvolg.

- (i) 61.1% het st.VIII geslaag
- (ii) 11.1% het st.IX geslaag
- (iii) 27.7% het st.X geslaag.

Almal het 'n onderwyssertifikaat verwerf terwyl 'n aantal, veral manlike persone, besig was om hulle kwalifikasies te verbeter.

Die ouderdomme van die betrokke leerkragte is relatief laag en kan kortliks aangedui word as:

onder 30 jaar	-	50.0%
onder 40 jaar	-	41.7%
onder 50 jaar	-	8.3%

Van die totale aantal leerkragte by die twee skole was daar 24 manlike onderwysers en 21 vroulike onderwyseresse.

Feitlik alle onderwyseresse is betrokke by die afrigting van een of ander sportsoort. Die meeste het netbalafrigting gedoen terwyl 'n groot aantal ook betrek is by korfbalafrigting. Naas bogenoemde sportsoorte word ook hokkie-, tennis- en atletiekspanne afgerig.

Slegs 'n geringe aantal onderwyseresse is behulpzaam met die organisering van verenigings by die skool. Die onderwyser speel hier 'n meer prominente rol. Verenigings soos debatsverenigings en veral volkspele wat in die vooruitsig gestel word, sal egter in 'n toenemende mate die dienste van onderwyseresse benodig.

131/Die onderwyseresse . . .

Die onderwyseresse is meestal self aktief op sportgebied en verskeie van hulle speel tennis, korfbal, netbal en hokkie. Hulle speel 'n leidende rol in die beoefening van sport binne die gemeenskap. Binne hulle geledere is daar hokkie- en korfbalkapteine.

Die onderwyseresse speel 'n belangrike rol in die verenigingslewe van die gemeenskap. Daar is bevind dat 80% van die onderwyseresse aan een of ander vereniging behoort. Hulle neem ook hier die leiding en in hulle geledere is verskeie Sondagskoolonderwyseresse, 'n superintendente van 'n Sondagskool, verskeie koorleiers en leiers in Jeugbewegings. Die populêrste vereniging waaraan onderwyseresse deelneem is die personeelkoor terwyl die kerkkoor ook groot byval vind. Behalwe bogenoemde verenigings behoort verskeie van hulle ook aan vroueverenigings wat deur verskeie kerke aangebied word.

Die vernaamste stokperdjies wat deur onderwyseresse beoefen word, is in volgorde van belangrikheid die volgende; lees, brei, naaldwerk, plante versamel, bioskoop en dans.

Feitlik alle onderwysers was betrokke by die afrigting van een of ander sportsoort wat onder die beskerming van die skool staan. Die meeste onderwysers het hulle kragte ingegooi by die afrigting van atletiek en sokker. 'n Veel kleiner aantal word betrek by rugby- en tennisafrigting. Sommige onderwysers is selfs betrokke by die afrigting van korfbal en netbal vir dogters.

Die onderwyser speel 'n belangriker rol in die verenigings wat die skool aanbied as die onderwyseresse. Verenigings onder beheer van onderwysers is die skoolkoor, spaarklub, debatsvereniging, „Padvinders“, drama-, musiek- en sangafrigting.

Die onderwyser in Eersterust neem 'n leidende aandeel in sportbeoefening en die organisering daarvan. Die President, Voorsitter, Onder-voorsitter, sekretaris

132/en Bestuurder

en Bestuurder van die sokkerklub is almal onderwysers. Benewens die talle sokkerspelers en atlete is daar ook onderwysers wat rugby-, tennis- en krieketspelers is. Die Voorsitter van die plaaslike rugbyklub, afgevaardigde van die Kleurlingsportunie en Voorsitter van die Sokker- en Netbalunie is almal onderwysers.

Die verenigingslewe in Eersterust is feitlik in die hande van die onderwysers. Verskeie koorleiers, groepleiers van die Padvinders, sekretarisse van Jeugklubs, skriba's en kerkraadslede asook 'n dansorgani-seerder kom uit hulle geledere. Die Voorsitter van Eersterust se Raadplegende Komitee, tesourier van die Kleurlingwelsynsorganisasie en tesourier van die „Kleurling Federale Party" in Noord-Transvaal is almal onderwysers.

Die stokperdjies wat onderwysers beoefen, is in volgorde van belangrikheid: lees, kunsbeoefening, musiekluister, bioskoopbesoek en fotografie.

'n Deel van die onderwyser se taak binne skoolverband is om die leerlinge te ken, hulle ouers te besoek en sodoende op hoogte te wees met elkeen se besondere omstandighede.

„Formeel word die onderwyser tot diens opgeroep, innerlik word hy voortgestu deur sy roepingsbewustheid, professionele trots, ywer en ondernemingsgees om vrywillig sy pligte na vermoë te verrig tot sy/haar werk.“⁸⁾

In aansluiting hierby sê Theron:

„In verband met die onderwys en die opvoeding van die kinders en volwassenes sal besondere hoë eise aan die Kleurling-onderwysers gestel word. Manne en vroue is nodig met die regte idealisme, wat hulle werk as 'n roeping beskou.“⁹⁾

8) Skoolbeleid: Eersterust Laerskool. (p.5)

9) SABRA : Die Kleurling in die Suid-Afrikaanse samelewing. (p.39)

5. Die taak van die skool.

In 'n onderhoud met die twee hoofde van die laerskole in Eersterust is aan hulle gevra om die taak van die skool te stel binne die Kleurlinggemeenskap. Daar is nie gepoog om aan alle fasette aandag te gee nie maar om slegs die breë riglyne aan te stip.

Uit die onderhoud het geblyk dat die skool eerstens 'n godsdienstige funksie het om te verrig. Hiervolgens sou elke onderwyser in sy vak probeer poog om die Hoër Hand daaragter te sien en te beklemtoon.

Tweedens, het die skool ook die taak om die leerling voor te berei vir die lewe. Die leerling word voorberei vir die hoërskool en om sy vryetyd nuttig te bestee deur sport te beoefen of aan verenigings te behoort. Die kind word ook aangemoedig tot verdere studie en bewus gemaak van sy lewenstaak. Daar word egter boweal gepoog om goeie burgers en burgeresse van die land te kweek.

Derdens is die skool se taak om kultuurnorme oor te dra en die ontwikkeling en behoud van 'n Kleurlingidentiteit te bevorder. Die skool word gesien as die kultuursentrum, taallaboratorium en kragstasie van Eersterust. Die skool het 'n opheffingstaak waardeur die Kleurlinge volksbewus en volkstrots gemaak moet word. Die skool het 'n volksverantwoordelikheid daar dit leiers moet kweek en die samewerking van alle Kleurlinge moet verkry. Die skool moet ook meehelp dat die besef deurdring tot die Kleurling om sy geledere te sluit teen vreemde vermengingselemente. Dit moet gedoen word sodat die Kleurling kan konsolideer en nie vir altyd in 'n wordingsproses verkeer nie. Die skool moet dus ondertrouing van Kleurlinge aanmoedig en vermenging met volksvreemdes afkeur.

6. Die skool en vryetydsbesteding.

134/Die skool skep

Die skool skeep geleenthede vir sportbeoefening omdat dit gesonde ontspanning is en opvoedkundige waarde het. Dit leer ook aan die kind hoe om sy vryetyd nuttig te bestee. Tans beskik die skole oor verskeie sokker-, krieket-, tennis-, korfbal-, netbal- en hokkiespanne. Alle leerlinge neem in 'n mindere of meerdere mate deel aan atletiek en kinders word aangemoedig om deel te neem. 'n Boksklub word ook in die vooruitsig gestel.

Die skool skeep ook geleenthede vir die daarstelling van opvoedkundige verenigings, waar die hoofdoel die bewaring van die eie is. Daar word ook voorsiening gemaak vir personeelkore, skoolkore, klaskore en 'n debatsvereniging. Jeugorganisasies geskoei op die lees van die „Boy Scouts" en „Girl Guides" is in die lewe geroep. Die beoefening van Volkspele word ook beoog waar volksdanse (sg. „square dances") beoefen sal word op die maat van tradisionele Kleurlingmusiek.

IV. DIE KERK EN DIE OPVOEDING.

„In the whole field of upliftment of the Coloured people the cultural aspect plays an important part. The Coloured people have so long been associated with the European that, as to be expected, there is a close link between the two groups. Here again the role of the churches has been a prominent one."¹⁰⁾

Daar is reeds daarop gewys hoe 'n belangrike rol die kerk deur middel van sendinggenootskappe gespeel het in die totstandkoming van skole.

As 'n groep kan die stelling gewaag word dat die Kleurlinge gekersten is. Dat daar nog baie is wat soos heidene lewe, beteken nie dat hulle nie weet van die evangelie nie.

Die Kleurlingbevolking het reeds van vroeg af 'n groot liefde vir die kerk gehad. Die taak van die kerk
135/is hoofsaaklik

10) SABRA : Die Kleurling in die Suid-Afrikaanse Samelewing. (p.22)

is hoofsaaklik om die godsdienstige inhoude aan die Kleurling te gee en Christus as die enigste Verlosser voor te hou. Die kerk hou aan lede ook sekere beginsels en morele gedrag voor. Die prediker en volwasse lede moet as modelle dien vir die kinders.

1. Kerkverband.

Al die Kleurlingouers wat in die ondersoek betrek is het aan een of ander kerk behoort. Opvallend was egter dat in 13% van die gevalle die vader aan 'n ander kerk as die moeder en kinders behoort het. Die rede hiervoor blyk dat dit nie altyd voorkom dat die vrou na die huweliksluiting na die kerk van die man oorgaan nie. By die aanduiding van die kerkverband is die aantal lidmate nie binne die gesin in aanmerking geneem nie, maar slegs die kerkverband van die ouers afsonderlik en die kinders as geheel.

KERKVERBAND VAN DIE OUERS.

N.G. Kerk.	24.5%
Anglikaanse Kerk.	21.5%
Rooms-Katolieke.	20.0%
Lutherse Kerk.	6.5%
Metodiste.	6.0%
United Pentacostal.	3.0%
Nuwe Apostoliese.	3.0%
Church of England.	2.5%
Moslem.	2.0%
"Sewendaagse Adventiste."	1.5%
Apostoliese Kerk.	1.5%
Church of Christ.	1.0%
Vrye Baptiste.	1.0%
Presbiteriaanse.	1.0%
Oud-Apostoliese.	1.0%
Emmanuel Congregational.	1.0%
Good Shepard.	1.0%
Naseréner.	1.0%
Twaalf Apostels.	1.0%
Ebenhaezer.	0.5%
Zioniste. (Bantoe)	0.5%

Uit die tabel blyk dat daar lidmate van 21 verskillende kerke in Eersterust is. Die meeste ouers behoort aan die N.G. Kerk (24.5%), Anglikaanse (21.5%) en die Rooms-Katolieke Kerk (20.0%). 'n Verdere 44% van die ouers behoort aan 'n verskeidenheid van ander kerke.

In 'n vorige hoofstuk is vermeld dat die huistaal van 92% van die gesinne Afrikaans is. Uit bogenoemde tabel blyk dit dat meer as 50% van die ouers egter aan oorwegend Engelse kerke behoort. Hierdie sogenaamde Engelse kerke se eredienste word egter nie deurgaans in Engels gehou nie maar dikwels ook in Afrikaans.

Uit die ondersoek het geblyk dat kinders meer gereeld die kerk besoek as hulle ouers. Kleurlingvroue gaan op hulle beurt, meer gereeld kerk toe as hulle eggenotes. Daar is ook 'n groter persentasie manlike persone wat nooit kerk toe gaan nie as wat die geval is ten opsigte van hulle eggenotes en kinders.

Kleurlingkinders gaan oor die algemeen gereeld kerk toe want dit het geblyk dat 77.4% van die gesinne se kinders minstens eenkeer per week eredienste bywoon. Verder het 57.6% van die moeders van die gesinne en 52.4% van hulle eggenotes verklaar dat hulle minstens eenkeer per week die kerk besoek. Hierdie feite in aanmerking geneem noop 'n mens om te sê dat die Kleurling kerkvas is en dat die meeste gereeld die kerk besoek.

2. Deelname aan kerkorganisasies.

Slegs 16.7% van die hoofde van huishoudings behoort aan een of ander kerklike organisasie waarvan lidmaatskap van die kerkraad en kerkkoor die belangrikste is. Die eggenotes van hoofde van huishoudings (17.2%) behoort aan een of ander kerklike vrouevereniging. Naas hierdie lidmaatskap woon hulle ook gereeld bidure by. Die oorgrote meerderheid van die 82.9% kinders wat aan 'n kerklike organisasie behoort, behoort aan die Sondagskool van hul betrokke kerk.

137/Die meeste

Die meeste gesinne in Eersterust verkies dat Godswoord tot hulle gebring word deur 'n Kleurling-prediker (44.0%) terwyl 21.0% voorkeur gee aan 'n Blanke. 'n Verdere 25% gee voorkeur aan 'n Kleurling of 'n Blanke, terwyl 10% aangedui het dat hulle geen voorkeur het nie.

Slegs 'n klein persentasie van diegene wat aan 'n Blanke as leraar voorkeur gee, kon 'n rede vir hulle keuse aandui. Die redes wat aangegee is was: ons is gewoond aan Blanke predikers, ons prediker is 'n Blanke, die Blanke verstaan ons beter, die Blanke is onpartydig en ons hoef nie by te dra tot sy salaris nie. Diegene wat aan 'n Kleurling as prediker voorkeur gegee het, het aangevoer dat hy een van hulle is en hulle daarom beter sal verstaan. Verder is aangevoer dat hy naby is in tye van nood en dat 'n mens nie vir hom so bang is nie.*

V. SAMEVATTING.

Binne die Kleurlinggesin is daar 'n werksverdeling wat hoofsaaklik op geslag gebaseer is. Vanweë die feit dat die vader meestal die enigste broodwinner is en daarom baie uithuisig is word die opvoeding van die kinders grootliks in die hande van die moeder gelaat. Die vader beliggaam egter die gesag in die huis daar hy allerweë beskou word as die hoof van die gesin.

Die Kleurlingouer oefen kontrole uit oor hulle kinders se maats en weerhou hulle van kinders wat 'n slegte invloed op hulle kan uitoefen.

Lyfstraf kom algemeen voor as vorm van tugtiging vir sowel seuns as dogters. Die moeder is die ver- naamste bestrawwer. Hierdie vorm van straf neem af met die ouderdom van die kinders en by ouer seuns

138/neem die vader

* Daar is in hoofstuk IV verwys na die organisasies/verenigings waaraan lede van die gemeenskap behoort.

neem die vader gaandeweg by die moeder oor as die ver-
naamste bestawwer. Die moeder is egter die vertrou-
ling van die kinders.

Waar ouer kinders in 'n gesin teenwoordig is,
help hulle gewoonlik die jongeres met skoolwerk.

Die meeste Kleurlinggesinne is gereelde kerkgangers,
lees redelik gereeld uit die Bybel en bid meestal voor
ete.

Goeie gedrag is by die Kleurling hoog aangeskrewe.
*Die finansiële posisie van Kleurlingouers speel 'n
rol by die verwerwing van akademiese kwalifikasies
van hulle kinders. In baie gevalle is kinders egter
onwillig om hulle verder te bekwaam.

Die meeste Kleurlinggesinne verwag geldelike hulp
van hulle kinders maar bestee dit nie altyd na behore
nie.

Die vryetydsbesteding van Kleurlinge kan meer ge-
rig wees op dinge wat werklik opvoedkundige waarde het.
Die lees van fotoverhale kom algemeen onder die Kleur-
linge voor en dit vereis min inspanning en is selde
opbouend.

Alhoewel die meeste Kleurlinge Afrikaanssprekend
is, lees hulle oorwegend Engelse koerante. Dit kan
moontlik gewyt word aan die feit dat Engelse koerante
nog steeds integrasie bepleit.

Die moeder is by uitstek die samebindende faktor
binne die gesin. Waar die gesinsbande swak is, is dit
deels toe te skryf aan ekonomiese faktore, drankmis-
bruik en die nastrewing van 'n te hoë lewenspeil.

Die Kleurlingonderwyser staan sy plek vol binne
139/sy beroep

* Daar is geen hoërskool (St.VII - X) in Eersterust
nie en ouers moet dus addisionele busgeld betaal
vir kinders wat daagliks stad toe moet gaan.

sy beroep sowel as in sy gemeenskap. Die skoolbywoning van leerlinge en die interne organisasie van Kleurlingskole vergelyk gunstig met Blanke skole.

Die meeste Kleurlingouers verkies dat hulle kinders deur mede-Kleurlinge onderrig moet word. Die meerderheid onderwysers by die laerskole in Eersterust is in Pretoria gebore en dus vertrouwd met die besondere omstandighede en probleme in hierdie gebied. Ongeveer 80% van die personeel van die skole is in Eersterust woonagtig en speel 'n leidende rol in die bestuur en organisasie van plaaslike sport en die verenigingslewe.

Die skool bied 'n verskeidenheid van aktiwiteite aan waaraan kinders kan deelneem en sodoende hulle vryetyd nuttig bestee.

Die N.G.-, Anglikaanse en Rooms-Katolieke Kerke verteenwoordig 66.0% van die gesinne in Eersterust. Die meeste Kleurlinge besoek gereeld die kerk en verkies 'n mede-Kleurling as prediker. Die deelname aan kerklike organisasies verteenwoordig by uitstek die Kleurling se verenigingslewe in Eersterust.

Naas die uitstekende werk wat verrig word deur die skool en die kerk, sal hierdie instellings veral aandag moet gee aan die volgende:

- (i) Die inskerping van godsdienstige inhoude om 'n sterk openbare mening te ontwikkel wat streng afkeurend sal staan teenoor dronkenskap, buite-egtelike gemeenskap, saamwoon van ongehudes, prostitusie en ander euwels.
- (ii) Die bewusmaking van 'n Kleurlingidentiteit en kultuur, die gevare van vermenging met volksvreemdes, die opheffing van mede-Kleurlinge maar boweal om hulle eie heil uit te werk binne eie geledere.

H O O F S T U K VII

SAMEVATTING EN BEVINDING

I. INLEIDING.

Die stof waaroor in hierdie verhandeling besin is, is tweeledig van aard en word daarom ook geskei en onder die hoofde „Samevatting” en „Bevinding” behandel.

Eerstens, is daar ten opsigte van die herkoms van die Kleurlinge hoofsaaklik gebruik gemaak van die beskouing van ander persone. Hieruit kan bloot 'n samevatting gemaak word omdat die ondersoek self nie gegewens bevat om dit te bewys of te weerlê nie. Inderwaarheid het die ondersoeker hom dit ook nie ten doel gestel nie.

Tweedens, is daar ten opsigte van die kultuurfasette wat van naderby betrag is, sekere bevindinge te raak in soverre dit die doelstellinge van hierdie verhandeling raak.

II. SAMEVATTING.

In die hoofstuk „Wie is die Kleurling?”, is tot die gevolgtrekking gekom dat die Kleurlinge geen ras is nie maar hoogstens die produk van 'n vermenging tussen verskillende rasse. Hierdie feit bring mee dat daar geen prototipe aangedui kan word nie.

Die Kleurlinge is verder nog geen volk nie, omdat hulle geen homogene groep is nie maar saamgestel is uit groepe wat in benaming en andersins as eiesoortige entiteite onderskei kan word. (Maleiers, Griekwas, Kaapse Kleurlinge). Die feit dat hulle nog geen volk is nie, is hoofsaaklik vanweë hulle gebrek aan gemeenskaplike tradisie, gemeenskaplike oorsprong en groepslojaliteit. Hulle vorm hoogstens 'n satelliet van die Blanke omdat hulle voortdurend hulle heil buite eie geleedere by die Blanke gesoek het. Dit het geshied

141/trots die feit

trots die feit dat die Blanke reeds van vroeg af, nie bereid was om hulle binne sy eie geledere op te neem nie.

Met bostaande in gedagte kom die ondersoeker tot die gevolgtrekking dat hulle alleen tot 'n selfstandige volk kan ontwikkel indien hulle binne hulle eie gebied die geleentheid gegun word om daartoe te groei. Die groeipyne wat geskep is deur die daadwerklike toepassing van afsonderlike ontwikkeling moet gekonsolideer word in 'n eie, aparte tuisgebied vir die Kleurling. Die plasing van Kleurlinge in 'n aparte woongebied, soos tans gepoog word, is 'n stap in die regte rigting mits dit gekoppel word aan die totstandkoming van 'n eie tuisgebied. Alleen hierdeur kan hulle ontwikkel tot 'n eie selfstandige volk, met alles wat eie is aan so 'n volk.

III. BEVINDING.

Aan die begin van hierdie verhandeling is dit gestel dat daar, naas die beskrywing van die kultuurpatroon van stedelike Kleurlinge in Transvaal, ook gepoog sal word om uit die bevindinge afleidings te maak.

Dit is gestel dat daar gepoog sal word om te bepaal of die Kleurlinge se kultuur 'n eie skakering vertoon in vergelyking met dié van die Blanke. Verder sou daar gepoog word om vas te stel of daar 'n strewe na identiteitsbehouding by die Kleurlinge aanwesig is.

Die Kleurling het nie dieselfde kultuur as die van die Blanke (Afrikaner) nie maar dit is nogtans nou daaraan verwant weens die langdurige samewoning binne dieselfde gebied en die resultaat van akkulturasie. Die kultuur van die Kleurling het 'n besondere skakering ooreenkomstig hulle eie aard en hulle historiese verlede. Hierdie skakering kan alleen aangedui word deur dit met dié van die Blanke te vergelyk. Die ver-

142/skille wat

skille wat hieruit voortvloei, dui dan op die besondere skakering.

In die algemeen gesien, het die Kleurling 'n hoër gemiddelde jaarlikse aanwas vanweë hulle groter gemiddelde vrugbaarheid. Verstedeliking het anders as by die Blanke geen afname in hulle geboortekoers veroorsaak nie. Die Kleurling het 'n hoër kindersterfesyfer as Blankes en 'n laer lewensverwagting (vgl. Demografiese aspekte van die Kleurling : p. 31 - 36).

Dit word ook algemeen aanvaar dat die Kleurlinge die ou Nederlandse liedereskat behou het wat by die Afrikaner totaal verlore gegaan het. Sekere uitdrukings, woorde en idioome dui op 'n ontwikkeling binne Kleurlinggeledere, wat daar buite onbekend is. Die uitspraak van Afrikaans deur Kleurlinge, is ook hoorbaar anders (vgl. Kleurlingidiome soos in die verhandeling aangedui).

In die besonder gesien, is die volgende skakerings van belang:

1. Die openbare mening by die Kleurling gaan mank aan 'n dwingendheid wat by Blankes hulle daarvan weethou om van aanvaarde norme af te wyk. Die gevoeligheid vir die openbare mening by die Blanke veroorsaak dat geldende norme van die gemeenskap eerbiedig word. Indien hiervan afgewyk word maak die openbare mening van so 'n persoon 'n uitgeworpene binne die gemeenskap.

By die Kleurling bestaan 'n meer toeskietlike of „onverskillige" openbare mening wat nie so dwingend en veroordelend staan teenoor persone wat byvoorbeeld kinders verwek voor die huwelik nie. Vanweë hierdie feit leef sommige persone saam sonder 'n wettige huwelik en is buite-egtelike gemeenskap onrusbarend hoog. (vgl. Vooregtelike geslagsverhoudinge : p. 54 - 56). Egskeidings vind feitlik

143/nooit wettig

nooit wettig plaas nie dog dit verhoed nie dat sulke persone met ander saamleef as man en vrou nie (vgl. Ontbinding van die gesin : p. 69 -- 70).

2. Die gemiddelde samewoningscenheid by Kleurlinge en Blankes verskil aanmerklik. Afgesien van die feit dat die Kleurlinge gemiddelde groter gesinne het as die Blanke, is dit 'n algemene verskynsel dat nie-gesinslede saam met die gesin in dieselfde huis woon. By die Blanke is die neiging gewoonlik om sover moontlik onafhanklik van nie-gesinslede te woon (vgl. Die samewonende cenheid : p. 73 - 75).
3. Op die ekonomiese terrein is daar ook wesenlike verskille tussen die Kleurling en die Blanke te bespeur. In vergelyking met die Blanke het die Kleurling 'n veel hoër afhanklikheidslaas wat 'n verhoogde lewenstandaard bemoeilik en ekonomiese ontwikkeling strem (vgl. Demografiese aspekte van die Kleurlinge van Eersterust : p. 37 - 38). Anders as die Blanke, staan die Kleurling in 'n Blankbeheerde ekonomie en met sy veel laer onderwyspeil is sy kanse op finansiële welslae beperk. (vgl. Onderwyspeil : p. 86 - 87). Die statusberoep wat by Kleurlinge bestaan is wesenlik anders as wat by Blankes die geval is. In laasgenoemde gevalle gaan dit veel eerder om beroep wat hoë akademiese eise stel of wat groot finansiële belofte inhou. (vgl. Voorkeurberoep : p. 95 - 96). Die „lay bye” - metode om veral klere aan te koop, is iets wat selde indien ooit by Blankes aangetref word. (vgl. Kleding : p. 106). Assuransiepolisse by Kleurlinge neem meestal die vorm van 'n begrafnispolis aan terwyl die Blanke meer ingestel is op lewens- en uitkeerpolis. (vgl. Afbetaling, spaar en assuransie : p. 106).

4. Die Kleurling is oor die algemeen kerkvas en lidmaatskap aan kerklike verenigings verteenwoordig in hoofsaak hulle verenigingslewe. (vgl. Deelname aan kerkorganisasies p. 136 - 137). Afgesien hiervan blyk dit egter dat hulle 'n instelling soos die huwelik nie in dieselfde lig sien as die Blanke nie (vgl. voorafgaande punt 1). Dit wil dus voorkom of daar 'n verskil is ten opsigte van geestelike inhoude tussen die Kleurling en die Blanke.
5. Ten laaste, ~~as~~ blyk dit dat die Kleurling wat drank gebruik by uitstek Bantoebier drink terwyl dit by die Blanke nie die geval is nie. (vgl. Voedsel : p. 104).

Anders as by Blankes, is daar 'n groot belangstelling in die deelname aan kore (vgl. Kultuurvereniging : p. 80, Die skool en vryetydsbesteding : p. 134). Daar word dikwels deur die gesin tuis saam gesing (vgl. Vryetydsbesteding binne die gesin : p. 122).

Daar bestaan 'n strewe by die meeste Kleurlinge na identiteitsbehouding en dit kan gesien word in die volgende bevindinge.

1. In die algemeen is bevind dat die Kleurling gekant is teen „gemengde huweliko“. (vgl. Bepalings van die huwelikskeuse : p. 60 - 62)
 2. Alhoewel dit nêrens in die ondersoek genoem word nie, het die ondersoeker afgelei uit die onderhoude wat gevoer is, dat sosiale stratifikasie eerder gebaseer is op fisiese voorkoms as op velkleur. Persone met 'n Bantoevoorkoms is in meeste gevalle persone met die minste status. Verskeie lede van gesinseenhede het ongevraagd beswaar gemaak teen die teenwoordigheid van Bantoevroue in Eersterust.
 3. Die skool poog daadwerklik om leiers te kweek wat in diens van die algemene opheffing van die Kleurling
- 145/sal staan.

sal staan. Die skool poog ook om by die kinders 'n solidariteitsgevoel, nasietrots en roepingsbewustheid aan te kweek. (vgl. Die taak van die skool : p. 133.)

4. Die groeiende bewuswording van 'n eie identiteit word gesien in die voorkeur wat verleen word aan Kleurlinge as bure, huisvriende, onderwysers en predikante. (vgl. Woongebiedsgroep : p. 77 - 80; Die rol van die onderwyser : p. 129; Die Kerk en die opvoeding : p. 134).

. In die algemeen kan gekonstateer word dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling hierdie groeiende bewuswording van identiteit stimuleer. *Uit onderhoude met die meer geleerde Kleurlinge het dit geblyk dat daar onder hulle twee denkrigtings bestaan. Hulle is dit almal eens dat die Kleurling se gelede gesluit moet word. Sommige wil bloot hê dat geen verdere vermenging met ander bevolkingsgroepe toegelaat moet word nie. Ander wil egter nie net die gelede van die Kleurling sluit nie maar dit ook suiwer. Laasgenoemdes wil persone met waarneembare kenmerke, wat die resultaat is van vermenging met Bantoes, uit die Kleurlinggemeenskap uitsluit. Op hierdie stadium lyk dit vir die onderzoeker asof laasgenoemde denkrigting nie prakties uitvoerbaar is nie.

Ten laaste kom die onderzoeker tot die slotsom dat die kultuur van die Kleurling, alhoewel dit nou verwant is aan die van die Blanke, 'n eie besondere skakering vertoon. Daar bestaan onder die Kleurlinge 'n waarneembare strewe tot identiteitsbehouding.

* Hierdie gegewens is verkry deur onderhoude en is nie elders in die verhandeling opgeteken nie.

LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE

- Andrews, H.T., Berill, F.A., : South Africa in the Sixties,
De Guingand, F. South African Foundation, 1962
- Beheer Komitee van die Gesins- : Verslag van die gesinskongres
jaar en Gesinskongres : Pretoria 4-7 April 1961
M.C. Kerk Boekhandel.
- Botha, A.J.J. : Enkele Sosiologiese aspekte van
die vryetydsbesteding van man-
like Kleurlinge, ongepubliseerde
M.A. - verhandeling, Universi-
teit van Pretoria, 1967.
- Bruwer, J.P. : Die Bruinmense : Standpunt en
Siening, Standpunte, Jaargang
XIV, Nr.2, Des. 1960.
- Buro vir Sensus en : Bevolkingsensus 1960, Steek-
Statistiek proeftabulasie Nr.2, 1962.
- Cilliers, S.P. : The Coloureds of South Africa,
Kaapstad.
- Coertze, P.J. : Die Opkoms van ons Derdestand.
Twee beskouinge, Standpunte,
Jaargang XIV, Nr.2, Des. 1960.
- Coertze, P.J., Bruwer, J.P., : Inleiding tot die Algemene
Coertze, R.D., Coetzee, J.H., Volkekunde, Johannesburg, 1959.
De Villiers, C.M.
Potgieter, F.P., Eloff, J.F.,
Ziervogel, D.
- Coertze, P.J. : Volks- en Rasseverhoudinge in
Suid-Afrika, Referaat gelewer
tydens die Jeugkongres van SABRA,
Sept. 1967.
- Cronje, G. : Regverdige Rasse-apartheid,
Stellenbosch, 1947.
- Cruse, H.P. : Die opheffing van die Kleurling-
bevolking, Stellenbosch, 1947.
- Dapper, O. : The Early Cape Hottentots
The Van Riebeeck Society,
Kaapstad, 1933.
- Departement van Inligting : Kleurlingbevolkingsgroepe van
en Departement van Kleur- Suid-Afrika,
lingsake Dagbreek vir die Staatsdrukker,
Pretoria.
- Departement Inligting namens : Alpha Vol. IX, Nr.8, Augustus
die Departement Kleurling- 1966.
sake
- Dittmer, K. : Allgemeine Völkerkunde, 1954.

- Du Toit, A.S. : Kontak en Assosiasie van Kleurling met Bantoe in die Kaapse skiereiland, ongepubliseerde D. Phil - proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1958.
- Eersterust Laerskool : Skoolbeleid.
- Gunter, C.F.G. : Opvoedingsfilosofieë, Stellenbosch / Grahamstad, 1961.
- Herskovits, M.J. : Man and his works, New York, 1948.
- Hudson, E., Van Tonder, J.J., Eloff, J.F., De Vaal, J.B. : Volkekundige Studies vir standaard VIII Kaapstad / Bloemfontein / Johannesburg.
- Jacobs, M., Stern, B.J. : General Anthropology, New York, 1947.
- Jooste, C.J. : Die Maatskaplike en Ekonomiese posisie van die Kleurlinge en Indiërs, Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede Jaargang 13, Nr. 2, Jan. 1962.
- Lowie, R.H. : Primitive Society, London, 1921.
- Marais, J.S. : The Cape Coloured People, Johannesburg, 1939.
- Murdock, G.P. : Social Structure, New York, 1949.
- Patterson, S. : Colour and Culture in South Africa, London, 1953.
- S.A.B.R.A. : Die Kleurling in die Suid-Afrikaanse samelewing, Referate gelewer op die Sesde Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede, Jan. 1955.
- Schapera, I. : The Khoisan Peoples of South Africa London, 1930.
- Steyn, A.F. : Die rolle van die man en die vrou in die Kaapse Kleurlinggesin, ongepubliseerde D. Phil - proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1961.
- Theron, E., Swart, M. : Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika, Grahamstad, 1964.
- Van der Merwe, H.J.J.M. : Segregeer of Sterf, Johannesburg / Kaapstad, 1961.
- Van der Walt, Tj. : Kleurlingbehuising in Eersterust, Pretoria, ongepubliseerde M.A. - verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1966.

- 148 -

- Van der Walt, Tj. : Die Lewensomstandighede van Kleur-
lingbejaardes, Navorsingsreeks No.38,
Nasionale Euro vir Opvoedkundige en
Maatskaplike Navorsing, 1967.
- Ziervogel, C. : Brown South Africa, Kaapstad.